

DIE ROL VAN BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE
IN BANTOEBEHUISING IN SUID-AFRIKA
MET SPESIALE VERWYSING NA DIE
WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

Proefskrif
voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die
vereiste vir die graad

DOKTOR BEDRYFSADMINISTRASIE
in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe
aan die

Potchefstroomse Universiteit
vir

Christelike Hoër Onderwys
deur

JACOBUS HENDRIK OOSTHUYSEN

Promotor prof. dr. N.J. Swart

Potchefstroom
Desember 1975

DIE ROL VAN BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE
IN BANTOEBEHUISING IN SUID-AFRIKA
MET SPESIALE VERWYSING NA DIE
WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

Proefskrif
voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die
vereiste vir die graad

DOKTOR BEDRYFSADMINISTRASIE
in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe
aan die

Potchefstroomse Universiteit
vir

Christelike Hoër Onderwys
deur

JACOBUS HENDRIK OOSTHUYSEN

Promotor prof. dr. N.J. Swart

Potchefstroom
Desember 1975

Opedra aan Estelle.

"Wie 'n vrou gevind het, het
iets goeds gevind en 'n wel=
gevalle van die Here verkry."
Spreuke 18:22

INHOUDSOPGAWE

Bladsy no.

LYS VAN TABELLE	(vi)
LYS VAN FIGURE	(x)
LYS VAN BYLAE	(xii)

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Doel van die ondersoek	1
1.2 Metode van ondersoek	3
1.2.1 Algemeen	3
1.2.2 Vraeboë	4
1.3 Indeling van studie	11

HOOFSTUK 2

AGTERGRONDSTUDIE

2.1 Inleiding	14
2.2 Herkoms en vestiging van die Tswana	16
2.2.1 Die Bantoe	16
2.2.2 Hoof- en subgroepe	17
2.2.3 Die Tswana	19
2.2.4 Die Tswana se tuisland	25
2.2.5 Die gebied van die Wes-Trans= vaalse Bantoesake-administrasie= raad	26
2.3 Die boustyl van die Bantoe - 'n geskied= kundige oorsig	28
2.4 Die administrasie van Bantoesake in	

Blankengebiede	40
2.4.1 Enkele beleidsaspekte	40
2.4.2 Die ou bedeling: plaaslike owerhede.	42
2.4.3 Die nuwe bedeling: Bantoesake admi- nistrasierade	46
2.4.4 Die Wes-Transvaalse Bantoesake- administrasieraad	57
2.5 Samevatting	68

HOOFSTUK 3

BANTOEBEHUISING: VRAAG EN AANBOD

3.1 Inleiding	71
3.2 Teorie van Vraag en Aanbod	76
3.3 Behuisingsfaktore	77
3.3.1 Positiewe vraag na behuising	77
3.3.2 Goedkeuring van staatsweë vir die daarstelling van behuising	88
3.3.3 n Ondernemer (Entrepreneur) wat die produksieproses kan aktiveer en in stand hou	93
3.3.4 Beskikbare grond vir behuising	95
3.3.5 Beskikbare boumateriaal	97
3.3.6 Beskikbare arbeid	98
3.3.7 Beskikbare of bekombare kapitaal	101
3.3.8 Dienste	103
3.3.9 Beplanning en ontwerpverskeidenheid .	104
3.4 Bantoebehuising tekort en voorsienings= tempo	146
3.5 Samevatting	166

(ii)

HOOFSTUK 4

BEPLANNINGS- EN ONTWERPKRITERIA

4.1	Inleiding	172
4.2	Agtergrondstudie	173
4.3	Kriteria vir die beplanning van stedelike Bantoewoongebiede	180
4.3.1	Terreinkeuse en terreinuitleg	181
4.3.2	Woonbuurtbeplanning	191
4.3.3	Algemene opmerkings	197
4.4	Ontwerpkriteria ten opsigte van dienste ...	201
4.4.1	Dienste	201
4.5	Ontwerpkriteria vir wonings	205
4.5.1	Algemeen	205
4.5.2	Die doeltreffendheid van die vier= vertrekwoning	206
4.6	Samevatting	213

HOOFSTUK 5

FINANSIELE ASPEKTE

5.1	Inleiding	215
5.2	Inkomstebronne	216
5.2.1	Bydraes deur die Bantoe	216
5.2.2	Bydraes deur die Blanke	217
5.2.3	Handelsaktiwiteite	219
5.2.4	Beleggings deur rade	225
5.3	Koste van behuising	225
5.3.1	Koste van grond	225
5.3.2	Koste van wonings	226

5.3.3	Koste van dienste	227.
5.3.4	Koste van gemeenskapfasiliteite	227
5.3.5	Koste van administrasie	228
5.4	Begrotings	228
5.4.1	Inkomste- en uitgawesyfers vir die 1974/75-, die 1975/76- en die 1976/77-boekjaar	229
5.4.2	Kapitaalprogramme	231
5.5	Samevatting	242

HOOFSTUK 6

DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD TEN OPSIGTE VAN BEHUISINGSVOORSIENING

6.1	Inleiding	244
6.2	Werksprogram vir die 1975/76- en die 1976/77-boekjaar	246
6.3	Ontwikkelingsrigtings	250
6.3.1	Tuislandontwikkeling	250
6.3.2	Stedelike Bantoewoongebiedontwik- keling	257
6.3.3	Bantoebehuising op Blankeplase	260
6.4	'n Toekomsblik	261
6.5	Samevatting	262

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1	Samevatting	265
7.2	Gevolgtrekkings	269
7.3	Aanbevelings	276
7.4	Slot	280
	SUMMARY	282
	LITERATUURLYS	295

LYS VAN TABELLE

Bladsy no.

TABEL 3/1	Benhuisingstoestand in Bantoesake-administrasierade se gebiede	80
TABEL 3/2	Aantal Bantoes in stedelike Bantoevoorgebiede en Blanke-agterplase in Wes-Transvaal	83
TABEL 3/3	Aantal wonings in gebied van Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad	84
TABEL 3/4	Aantal hostelbeddens in gebied van Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad	85
TABEL 3/5	Betrokkenheid van Bantoesake-administrasierade by tuislandontwikkeling	92
TABEL 3/6	Ure benodig vir die oprigting van n NE51/9-huis	100
TABEL 3/7	Aantal en huistipes in stedelike Bantoevoorgebiede in die Republiek van Suid-Afrika	106
TABEL 3/8	Huisdistribusie onder inwoners van Bantoevoorgebiede in die Republiek van Suid-Afrika	107

TABEL 3/9	Persentasie viervertrekwonings in stedelike Bantoewoongebiede binne regsgebiede van Bantoesake- administrasierade	108
TABEL 3/10	Huisdistribusie vir die gebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake- administrasieraad	109
TABEL 3/11	Verspreiding van behuising en ge- sindheid van Bantoes ten opsigte van behuising wat voorsien word	110
TABEL 3/12	Mening van adviserende Bantoe= komitees ten opsigte van behuising in hul woongebiede	112
TABEL 3/13	Bevolkingsamestelling van Suid- Afrika - sensus 1970	150
TABEL 3/14	Raming van die wêreldbevolking 1800 tot 1985	151
TABEL 3/15	Verspreiding van die Bantoebevol= king van Suid-Afrika, 1970	152
TABEL 3/16	Geprojekteerde bevolkingsgetalle vir Blankes volgens Mostert en Sadie, 1970 tot 2020	155
TABEL 3/17	Geprojekteerde bevolkingsgetalle vir Kleurlinge volgens Mostert en Sadie, 1970 tot 2020	156

TABEL 3/18	Geprojekteerde bevolkingsgetalle vir Asiërs volgens Mostert en Sadie, 1970 tot 2020	157
TABEL 3/19	Geprojekteerde bevolkingsgetalle vir Bantoes volgens Mostert en Sadie, 1970 tot 2020	158
TABEL 3/20	Aandeel van die Bantoe in die totale bevolking, 1970 tot 2020	159
TABEL 3/21	Groeisifers ten opsigte van die Bantoebevolking van Suid-Afrika	160
TABEL 3/22	Behuisingstekort: ampelike waglys vir huise en hostelbeddens ..	162
TABEL 3/23	Bantoebevolking in huise in Blankbeheerde gebied	164
TABEL 3/24	Behuisingsbehoefte in Wes-Transvaal	164
TABEL 4/1	Voorgestelde kontrolelyns vir terreinkeuring by 'n behuisingsaanleg	183
TABEL 4/2	Grondgebruiktabel	190
TABEL 4/3	Woongebieddigtheidsbepaling	191
TABEL 4/4	Standaard vir ontspanningsfasiliteite	194
TABEL 4/5	Rioolontwerp kriteria vir Bantoe woongebiede	202
TABEL 4/6	Watervoorsieningstandaarde	203

TABEL 4/7	Minimumstandaarde vir Bantoe= behuising	205
TABEL 4/8	Gebruik van viervertrekwoning te Ikageng	208
TABEL 4/9	Meubels in sitkamer van NE51/6- standaardhuise	211
TABEL 5/1	Persentasieverhouding van inkomste en uitgawe tot totale begroting van rade	220
TABEL 5/2	Handelsprojekte: persentasie= verhouding van inkomste en uitgawe tot totale begroting	221
TABEL 5/3	Opsomming: begroting Wes-Trans= vaalse Bantoesake-administrasieraad .	230
TABEL 5/4	Bedrae goedgekeur en oorgeneem uit die 1974/75-begroting wat spesifiek op behuising en aanverwante bedry= wighede betrekking het	232
TABEL 5/5	Bedrae goedgekeur en oorgeneem uit die 1975/76-begroting wat spesifiek op behuising en aanverwante bedry= wighede betrekking het	238
TABEL 6/1	Wes-Transvaalse Bantoesake-admi= nistrasieraad: werksprogram vir twee boekjare	247

LYS VAN FIGURE

Bladsy no.

FIGUUR 2/1	Die belangrikste Nie-Blanke bevolkingsgroepe van Afrika	18
FIGUUR 2/2	Konsolidasieplan 1973	27
FIGUUR 2/3	Regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad	29
FIGUUR 2/4	Ndebele-kraaluitleg	32
FIGUUR 2/5	Zoeloe-kraaluitleg	33
FIGUUR 2/6	Veda-kraaluitleg	34
FIGUUR 2/7	Suid-Sotho-kraaluitleg	35
FIGUUR 2/8	Wes-Sotho (Tswana) -kraaluitleg ...	36
FIGUUR 2/9	Liggingsplan: Bantoesake-administrasieraad	50
FIGUUR 2/10	Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad: organisatoriese raamwerk	60
FIGUUR 2/11	Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad: regsgebied-streekverdeling	64
FIGUUR 2/12	Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad: postetruktuur - Departement Tegniese Dienste	67

FIGUUR 3/1	Behuisingspektrum vir die Bantoe in Wes-Transvaal	72
FIGUUR 3/2	Die behuisingsiklus (vraag) van n enkele gesin	75
FIGUUR 3/3	Eenvertrekwoning	115
FIGUUR 3/4	Tweevertrekwoning	117
FIGUUR 3/5	Drievertrekwoning	119
FIGUUR 3/6	Viervertrekwoning NE51/6	121
FIGUUR 3/7	3-slaapkamer-woonhuis NE51/9	123
FIGUUR 3/8	3-slaapkamer-skakelhuis NE51/8	124
FIGUUR 3/9	3-slaapkamer-skakelhuis NE/10	126
FIGUUR 3/10	3-slaapkamer-skakelhuis NE51/11 ...	127
FIGUUR 3/11	2-slaapkamer-skakelhuis NE51/12A ..	128
FIGUUR 3/12	2- en 4-slaapkamer-skakelhuis NE51/13	130
FIGUUR 3/13	Skakelhuis - NE51/20A	131
FIGUUR 3/14	Voorgestelde 3-slaapkamerwoonhuis .	133
FIGUUR 3/15	Boutegniek vir selfbouer	134
FIGUUR 3/16	Beter huistipes	136
FIGUUR 3/17	Voorgestelde standaard-hostel vir Bantoemans - 16 beddens	139
FIGUUR 3/18	Luukse vrouehotel, Potchefstroom .	141
FIGUUR 3/19	Koshuisgeriewe, Itsoseng	143
FIGUUR 3/20	Voorgestelde hotel te Ikageng	144

LYS VAN BYLAE

Bladsy no.

BYLAAG A	Vraeboog aan Bantoesake- administrasierade (VB.1)	290
BYLAAG B	Vraeboog aan Bantodorpbestuur= ders (VB.2)	291
BYLAAG C	Vraeboog aan gesinshoof van huis (VB.3)	292
BYLAAG D	Vraeboog aan lede van advies= komitee (VB.4)	293
BYLAAG E	Vraeboog aan viervertrekwonings (VB.5)	294

Opedra aan Estelle.

"Wie 'n vrou gevind het, het
iets goeds gevind en 'n wel=
gevalle van die Here verkry."
Spreuke 18:22

DANKBETUIGING

Aan God kom toe die eer en dank vir die suksesvolle voltooiing van hierdie proefskrif.

'n Besondere woord van dank aan my promotor, prof. dr. N.J. Swart, vir sy gewaardeerde belangstelling en positiewe leiding tydens die uitvoering van hierdie studie.

Aan my hoof en leermeester, dr. P.J. Riekert, my opregte dank vir die belangstelling in my werk en die objektiewe beoordeling van hierdie proefskrif. Sy kommentaar en leiding was vir my van onskatbare waarde.

Aan die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad 'n woord van dank vir die vergunning om die studie binne die raad se regsgebied te mag uitvoer.

'n Woord van dank aan prof. dr. Geertsema en dr. J.H. Steyn van die Departement van Statistiek van die P.U. vir C.H.O. vir hul hulp tydens die opstel en interpretasie van die verskillende vraeboë.

My opregte dank aan dr. De Bruto en mnr. D.P. le Roux, wat op kort kennisgewing bereid was om die taalversorging van die proefskrif te behartig.

Aan Amanda Minnaar, wat verantwoordelik was vir die tegniese versorging van die sketse en tekeninge, my dank en waardering.

Sonder die samewerking van die Bantoe en in besonder van die Tswana-bevolking in Wes-Transvaal

sou die uitvoering van die studie nie moontlik ge= wees het nie. Graag wil ek dan hiermee teenoor hulle my dank uitspreek vir die vriendelike same= werking tydens die voltooiing van vraeboë - dikwels op baie ongeleë tye.

Aan Olivetti Afrika (Edms.) Bpk., wat 'n tik= masjien beskikbaar gestel het vir die tik van die proefskrif, 'n woord van dank en waardering.

Aan al die ander instansies en persone wat hulp verleen het tydens my studie, 'n woord van opregte dank.

Aan my eggenote wat die veeleisende rol van tikster, kritikus en taalversorger vervul het, my opregte dank. Sonder haar volgehoue aanmoediging, opofferinge en liefde sou hierdie proefskrif, menslik gesproke, nooit voltooi kon word nie.

J.H. OOSTHUYSEN

POTCHEFSTROOM
Desember 1975

INHOUDSOPGAWE

Bladsy no.

LYS VAN TABELLE	(vi)
LYS VAN FIGURE	(x)
LYS VAN BYLAE	(xii)

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Doel van die ondersoek	1
1.2 Metode van ondersoek	3
1.2.1 Algemeen	3
1.2.2 Vraeboë	4
1.3 Indeling van studie	11

HOOFSTUK 2

AGTERGRONDSTUDIE

2.1 Inleiding	14
2.2 Herkoms en vestiging van die Tswana	16
2.2.1 Die Bantoe	16
2.2.2 Hoof- en subgroepe	17
2.2.3 Die Tswana	19
2.2.4 Die Tswana se tuisland	25
2.2.5 Die gebied van die Wes-Trans= vaalse Bantoesake-administrasie= raad	26
2.3 Die boustyl van die Bantoe - 'n geskied= kundige oorsig	28
2.4 Die administrasie van Bantoesake in	

Blankengebiede	40
2.4.1 Enkele beleidsaspekte	40
2.4.2 Die ou bedeling: plaaslike owerhede.	42
2.4.3 Die nuwe bedeling: Bantoesake admi- nistrasierade	46
2.4.4 Die Wes-Transvaalse Bantoesake- administrasieraad	57
2.5 Samevatting	68

HOOFSTUK 3

BANTOEBEHUISING: VRAAG EN AANBOD

3.1 Inleiding	71
3.2 Teorie van Vraag en Aanbod	76
3.3 Behuisingsfaktore	77
3.3.1 Positiewe vraag na behuising	77
3.3.2 Goedkeuring van staatsweë vir die daarstelling van behuising	88
3.3.3 'n Ondernemer (Entrepreneur) wat die produksieproses kan aktiveer en in stand hou	93
3.3.4 Beskikbare grond vir behuising	95
3.3.5 Beskikbare boumateriaal	97
3.3.6 Beskikbare arbeid	98
3.3.7 Beskikbare of bekombare kapitaal	101
3.3.8 Dienste	103
3.3.9 Beplanning en ontwerpverskeidenheid .	104
3.4 Bantoebehuising tekort en voorsienings= tempo	146
3.5 Samevatting	166

(ii)

HOOFSTUK 4

BEPLANNINGS- EN ONTWERPKRITERIA

4.1	Inleiding	172
4.2	Agtergrondstudie	173
4.3	Kriteria vir die beplanning van stedelike Bantoewoongebiede	180
4.3.1	Terreinkeuse en terreinuitleg	181
4.3.2	Woonbuurtbeplanning	191
4.3.3	Algemene opmerkings	197
4.4	Ontwerpkriteria ten opsigte van dienste ...	201
4.4.1	Dienste	201
4.5	Ontwerpkriteria vir wonings	205
4.5.1	Algemeen	205
4.5.2	Die doeltreffendheid van die vier= vertrekwoning	206
4.6	Samevatting	213

HOOFSTUK 5

FINANSIELE ASPEKTE

5.1	Inleiding	215
5.2	Inkomstebronne	216
5.2.1	Bydraes deur die Bantoe	216
5.2.2	Bydraes deur die Blanke	217
5.2.3	Handelsaktiwiteite	219
5.2.4	Beleggings deur rade	225
5.3	Koste van behuising	225
5.3.1	Koste van grond	225
5.3.2	Koste van wonings	226

5.3.3	Koste van dienste	227.
5.3.4	Koste van gemeenskapfasiliteite	227
5.3.5	Koste van administrasie	228
5.4	Begrotings	228
5.4.1	Inkomste- en uitgawesyfers vir die 1974/75-, die 1975/76- en die 1976/77-boekjaar	229
5.4.2	Kapitaalprogramme	231
5.5	Samevatting	242

HOOFSTUK 6

DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD TEN OPSIGTE VAN BEHUISINGSVOORSIENING

6.1	Inleiding	244
6.2	Werksprogram vir die 1975/76- en die 1976/77-boekjaar	246
6.3	Ontwikkelingsrigtings	250
6.3.1	Tuislandontwikkeling	250
6.3.2	Stedelike Bantoewoongebiedontwik- keling	257
6.3.3	Bantoebehuising op Blankeplase	260
6.4	'n Toekomsblik	261
6.5	Samevatting	262

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1	Samevatting	265
7.2	Gevolgtrekkings	269
7.3	Aanbevelings	276
7.4	Slot	280
	SUMMARY	282
	LITERATUURLYS	295

LYS VAN TABELLE

Bladsy no.

TABEL 3/1	Benhuisingstoestand in Bantoesake-administrasierade se gebiede	80
TABEL 3/2	Aantal Bantoes in stedelike Bantoevoorgebiede en Blanke-agterplase in Wes-Transvaal	83
TABEL 3/3	Aantal wonings in gebied van Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad	84
TABEL 3/4	Aantal hostelbeddens in gebied van Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad	85
TABEL 3/5	Betrokkenheid van Bantoesake-administrasierade by tuislandontwikkeling	92
TABEL 3/6	Ure benodig vir die oprigting van n NE51/9-huis	100
TABEL 3/7	Aantal en huistipes in stedelike Bantoevoorgebiede in die Republiek van Suid-Afrika	106
TABEL 3/8	Huisdistribusie onder inwoners van Bantoevoorgebiede in die Republiek van Suid-Afrika	107

TABEL 3/9	Persentasie viervertrekwonings in stedelike Bantoewoongebiede binne regsgebiede van Bantoesake- administrasierade	108
TABEL 3/10	Huisdistribusie vir die gebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake- administrasieraad	109
TABEL 3/11	Verspreiding van behuising en ge- sindheid van Bantoes ten opsigte van behuising wat voorsien word	110
TABEL 3/12	Mening van adviserende Bantoe= komitees ten opsigte van behuising in hul woongebiede	112
TABEL 3/13	Bevolkingsamestelling van Suid- Afrika - sensus 1970	150
TABEL 3/14	Raming van die wêreldbevolking 1800 tot 1985	151
TABEL 3/15	Verspreiding van die Bantoebevol= king van Suid-Afrika, 1970	152
TABEL 3/16	Geprojekteerde bevolkingsgetalle vir Blankes volgens Mostert en Sadie, 1970 tot 2020	155
TABEL 3/17	Geprojekteerde bevolkingsgetalle vir Kleurlinge volgens Mostert en Sadie, 1970 tot 2020	156

TABEL 3/18	Geprojekteerde bevolkingsgetalle vir Asiërs volgens Mostert en Sadie, 1970 tot 2020	157
TABEL 3/19	Geprojekteerde bevolkingsgetalle vir Bantoes volgens Mostert en Sadie, 1970 tot 2020	158
TABEL 3/20	Aandeel van die Bantoe in die totale bevolking, 1970 tot 2020	159
TABEL 3/21	Groeisifers ten opsigte van die Bantoebevolking van Suid-Afrika	160
TABEL 3/22	Behuisingstekort: ampelike waglys vir huise en hostelbeddens ..	162
TABEL 3/23	Bantoebevolking in huise in Blankbeheerde gebied	164
TABEL 3/24	Behuisingsbehoefte in Wes-Transvaal	164
TABEL 4/1	Voorgestelde kontrolelyns vir terreinkeuring by 'n behuisingsaanleg	183
TABEL 4/2	Grondgebruiktabel	190
TABEL 4/3	Woongebieddigtheidsbepaling	191
TABEL 4/4	Standaard vir ontspanningsfasiliteite	194
TABEL 4/5	Rioolontwerp kriteria vir Bantoe woongebiede	202
TABEL 4/6	Watervoorsieningstandaarde	203

TABEL 4/7	Minimumstandaarde vir Bantoe= behuising	205
TABEL 4/8	Gebruik van viervertrekwoning te Ikageng	208
TABEL 4/9	Meubels in sitkamer van NE51/6- standaardhuise	211
TABEL 5/1	Persentasieverhouding van inkomste en uitgawe tot totale begroting van rade	220
TABEL 5/2	Handelsprojekte: persentasie= verhouding van inkomste en uitgawe tot totale begroting	221
TABEL 5/3	Opsomming: begroting Wes-Trans= vaalse Bantoesake-administrasieraad .	230
TABEL 5/4	Bedrae goedgekeur en oorgeneem uit die 1974/75-begroting wat spesifiek op behuising en aanverwante bedry= wighede betrekking het	232
TABEL 5/5	Bedrae goedgekeur en oorgeneem uit die 1975/76-begroting wat spesifiek op behuising en aanverwante bedry= wighede betrekking het	238
TABEL 6/1	Wes-Transvaalse Bantoesake-admi= nistrasieraad: werksprogram vir twee boekjare	247

LYS VAN FIGURE

Bladsy no.

FIGUUR 2/1	Die belangrikste Nie-Blanke bevolkingsgroepe van Afrika	18
FIGUUR 2/2	Konsolidasieplan 1973	27
FIGUUR 2/3	Regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad	29
FIGUUR 2/4	Ndebele-kraaluitleg	32
FIGUUR 2/5	Zoeloe-kraaluitleg	33
FIGUUR 2/6	Veda-kraaluitleg	34
FIGUUR 2/7	Suid-Sotho-kraaluitleg	35
FIGUUR 2/8	Wes-Sotho (Tswana) -kraaluitleg ...	36
FIGUUR 2/9	Liggingsplan: Bantoesake-administrasieraad	50
FIGUUR 2/10	Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad: organisatoriese raamwerk	60
FIGUUR 2/11	Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad: regsgebied-streekverdeling	64
FIGUUR 2/12	Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad: postetruktuur - Departement Tegniese Dienste	67

FIGUUR 3/1	Behuisingspektrum vir die Bantoe in Wes-Transvaal	72
FIGUUR 3/2	Die behuisingsiklus (vraag) van n enkele gesin	75
FIGUUR 3/3	Eenvertrekwoning	115
FIGUUR 3/4	Tweevertrekwoning	117
FIGUUR 3/5	Drievertrekwoning	119
FIGUUR 3/6	Viervertrekwoning NE51/6	121
FIGUUR 3/7	3-slaapkamer-woonhuis NE51/9	123
FIGUUR 3/8	3-slaapkamer-skakelhuis NE51/8	124
FIGUUR 3/9	3-slaapkamer-skakelhuis NE/10	126
FIGUUR 3/10	3-slaapkamer-skakelhuis NE51/11 ...	127
FIGUUR 3/11	2-slaapkamer-skakelhuis NE51/12A ..	128
FIGUUR 3/12	2- en 4-slaapkamer-skakelhuis NE51/13	130
FIGUUR 3/13	Skakelhuis - NE51/20A	131
FIGUUR 3/14	Voorgestelde 3-slaapkamerwoonhuis .	133
FIGUUR 3/15	Boutegniek vir selfbouer	134
FIGUUR 3/16	Beter huistipes	136
FIGUUR 3/17	Voorgestelde standaard-hostel vir Bantoemans - 16 beddens	139
FIGUUR 3/18	Luukse vrouehotel, Potchefstroom .	141
FIGUUR 3/19	Koshuisgeriewe, Itsoseng	143
FIGUUR 3/20	Voorgestelde hotel te Ikageng	144

LYS VAN BYLAE

Bladsy no.

BYLAAG A	Vraeboog aan Bantoesake- administrasierade (VB.1)	290
BYLAAG B	Vraeboog aan Bantodorpbestuur= ders (VB.2)	291
BYLAAG C	Vraeboog aan gesinshoof van huis (VB.3)	292
BYLAAG D	Vraeboog aan lede van advies= komitee (VB.4)	293
BYLAAG E	Vraeboog aan viervertrekwonings (VB.5)	294

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Doel van die ondersoek

Arbeid en behuising gaan hand aan hand. Waar die Bantoe uit die tuisland sy arbeid aan die Blanke in Blankegebied verkoop, moet daar voldoende voorsorg getref word vir die voorsiening van higiëniese en aantreklike huisvesting vir hom. Daar moet gepoog word om die verblyf van die Bantoe in Blankegebied sodanig te maak dat hy met aangename herinnering sal terugdink aan die interim-periode wat hy genoodsaak was om in Blankegebied te vertoef totdat sy eie tuisland op ekonomiese gebied sodanig ontwikkel het dat dit lewensvatbaar is, en hy uit eie beweging daarheen kan terugtrek, of totdat snelvervoer in so 'n mate ontwikkel het dat hy daaglik heen en weer kan reis.

Dit sal egter nog 'n geruime tyd duur voordat die hervestiging van Bantoes in hul onderskeie tuislande geheel en al sal uitkristalliseer. Daar is selfs persone wat glo dat hierdie ideaal nooit verwesenlik sal word nie. Dit het nou tyd geword dat die relatiewe permanensie van sekere stedelike Bantoegebiede met groot erns aanvaar word en dat daar weer eens gekyk word na die sosiale euwels van oorbewoning van stedelike Bantoegebiede en die insypeling van sluipslapers in Blankewoonbuurtes.

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel:

- (a) of daar wel 'n oorbewoningsvraagstuk in stedelike Bantoe-woongebiede bestaan; en
- (b) of daar wel 'n vraag na addisionele Bantoe-behuising bestaan en indien wel, na welke tipe van behuising.

Verder is gepoog om die siening van die Bantoe te peil ten opsigte van die standaard van die huidige beskikbare huisvesting. Die studie is daarop ingestel om die behoefte by die Bantoe te probeer peil insoverre dit beide kwaliteit en kwantiteit van behuising betref.

Vervolgens is op die tempo van behuisingsvoorsiening gelet en is daar gepoog om deur middel van projeksies die noodsaaklike behuisingstempo in die voorsiening van die groeiende vraag, te bepaal.

'n Oorsig ten opsigte van die tipe, grootte en standaard van behuising wat aangebied word met die doel om die wisselwerking van Vraag en Aanbod weer in oënskou te neem, is ook gedoen.

Met die oog daarop om 'n globale oorsig ten opsigte van die Bantoebehuisingprobleem in die Republiek te verkry, is die werksaamhede van die 22 Bantoesake-administrasierade, wat so pas ingestel is, in oënskou geneem.

In die laaste plek word in detail ingegaan op die werksaamhede van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad met besondere verwysing na sy funksie as voorsiener van behuising aan die Bantoe in Blankegebied en sy hulp met betrekking tot tuislandontwikkeling as agent van die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust.

1.2 Metode van ondersoek

1.2.1 Algemeen

Daar is sowel van primêre as sekondêre metodes gebruik gemaak in die uitvoering van hierdie studie.

Die primêre navorsing is gebaseer op praktiese gegewens, ingewin deur middel van 5 vraeboë; wat dan ook die kern van die ondersoek gevorm het. Die vraeboë word in paragraaf 1.2.2 volledig bespreek.

Verder is daar deur middel van talle onderhoude met Bantoes gepoog om meer omtrent die leef- en denkwyse van die Bantoe te leer sodat dit op praktiese wyse in die studie geïnkorporeer kon word.

Sekondêr is daar hoofsaaklik gebruik gemaak van die amptelike inligting soos verstrekk deur die Departement van Statistiek, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede en die verskillende Bantoesake-administrasierade. Bestaande literatuur is bestudeer en daar is veral gebruik gemaak van publikasies van die Nasionale Bounavorsingsinstituut van

die W.N.N.R. om die agtergrondpatroon vir die studie daar te stel.

1.2.2 Vraeboë

In samewerking met die Departement van Statistiek van die P.U. vir C.H.O. is 5 vraeboë opgestel wat gebruik is om meer praktiese inligting oor die leefwyse en behoefte van die Bantoe in stedelike Bantoewoongebiede in te win.

Vraeboog 1

Hierdie vraeboog wat as Bylaag A aangeheg is, is aan die 22 Bantoesake-administrasierade wat dwarsoor die Republiek van Suid-Afrika die belange van 'n Bantoebevolking van 4 224 261 in Blankegebied administreer, gestuur. Die 22 rade oefen beheer uit oor en voorsien behuising aan Bantoes in 308 stedelike Bantoewoongebiede in Blankegebied. Gegewens ten opsigte van elke raad se gebied is oor die volgende aspekte ingewin:

- (a) aantal wonings beskikbaar;
- (b) aantal hostelbeddens beskikbaar;
- (c) tekort aan wonings;
- (d) tekort aan hostelbeddens; en
- (e) boubedrywigheide.

Die betrokkenheid van elke raad, al dan nie by tuislandontwikkeling, is ook vasgestel. Twee-en-twintig vraeboë is uitgestuur en almal is volledig voltooid terug ontvang.

Vraeboog 2

Hierdie vraeboog is uitgestuur aan die Bantoe=
dorpsbestuurders van die stedelike Bantoewoongebiede
binne die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoe=
sake-administrasieraad. Die 26 vraeboë wat uitge=
stuur is, is almal volledig voltooid terugontvang
en die volgende praktiese inligting is onder andere
hierdeur ingewin:

- (a) totale sieletal in stedelike Bantoewoon=
gebiede;
- (b) totale aantal huise van elke soort in
stedelike Bantoewoongebiede;
- (c) totale aantal loseerders in stedelike
Bantoewoongebiede;
- (d) totale aantal hostelbeddens beskikbaar
in stedelike Bantoewoongebiede;
- (e) tekorte aan huise en hostelbeddens; en
- (f) waglys vir tuislandvestiging.

Die vraeboog word as Bylaag B aangeheg.

Vraeboog 3

Hierdie vraeboog verskyn as Bylaag C.
Inligting wat hierdeur verkry is, sluit onder
andere in:

- (a) tipe huis wat gesinshoof bewoon;
- (b) tipe huis wat gesinshoof sou wou bewoon
(behoeftebepaling);
- (c) inwonertal per huis;
- (d) bereidwilligheid om na 'n tuisland te ver=
huis;

(e) inkomste, huishuur, beroep, ensovoorts;
en

(f) algemene inligting.

Die studiegebied is, in samewerking met die Departement van Statistiek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, in twee strata ingedeel wat die plattelandse gebiede en die stedelike gebiede van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad se regsgebied respektiewelik verteenwoordig. Die strata het soos volg daar uitgesien:

Stratum 1

<u>Stedelike Bantoevoongebiede</u>	<u>Aantal wonings</u>
Amalia	51
Biesiesvlei	20
Christiana	492
Coligny	299
Delareyville	317
Glaudina	20
Lichtenburg	457
Ottosdal	266
Sannieshof	188
Schweizer-Reneke	693
Swartruggens	306
Zeerust	580
Leeudoringstad	279
Bloemhof	517
Hartbeesfontein	214
Makwassie	266
Wolmaransstad	946

<u>Stedelike Bantoewoongebiede</u>	<u>aantal wonings</u>
Ventersdorp	420
Fochville	197
Koster	423
	<hr/>
Totaal	6 951
	<hr/>
<u>Stratum 2</u>	

<u>Stedelike Bantoewoongebiede</u>	<u>aantal wonings</u>
Klerksdorp	3 145
Stilfontein	1 385
Orkney	905
Potchefstroom	3 712
Carletonville	2 023
	<hr/>
Totaal	11 170
	<hr/>

Deur middel van trossteekproefneming is 'n totaal van 400 wonings uit die twee bogenoemde strata geselekteer.

As gevolg van die feit dat die interpretasie van die gegewens so verkry, baie belangrik is, het skrywer met behulp van verskeie Bantoetolke die onderhoude persoonlik by al 400 wonings in die gekose 12 stedelike Bantoewoongebiede gevoer. Besondere aandag is daaraan geskenk dat die vrae korrek gestel en geïnterpreteer word en dat die antwoorde 'n ware weerspieëling van die respondente se gevoel is en nie maar net 'n poging om die vraesteller tevrede te stel nie.

Die steekproef is verder streng volgens die voorskrifte van die Departement van Statistiek van F.O. vir C.H.O. uitgevoer en die meeste van die berekenings is ook deur die gemelde Departement gedoen. Die formules wat gebruik is in die verwerking van die gegewens is kortliks soos volg: ¹⁾

Lys van simbole

- L = aantal strata van dorpe = 2
- n_h = aantal dorpe gekies uit stratum h
($h = 1, 2$)
- N_h = werklike aantal dorpe in stratum h
- M_{hi} = werklike aantal huise in dorp hi
- m_{hi} = aantal gekose huise in dorp hi
- Y_{hij} = getal gegee deur j de gekose huise in dorp hi
- \bar{Y}_{hi} = $\frac{1}{m_{hi}} \sum_{g=1}^{m_{hi}} Y_{hij}$ = gemiddelde vir dorp hi

1) Alle formules is geneem uit: Cochran, W.G. Sampling Techniques (2nd edition) 1963, Wiley, p.300. Die skatter wat gebruik is, is die sogenaamde "ratio-to-size estimate".

LYS VAN FORMULES

$$\text{STEL } \bar{y}_h = \frac{1}{M_{ho}} \sum_{i=1}^{n_h} M_{hi} \bar{y}_{hi}$$

$$\text{WAAR } M_{ho} = \sum_{i=1}^{n_h} M_{hi}$$

$$\text{STEL } \bar{y} = \frac{1}{M} \sum_{h=1}^L M_h \bar{y}_h$$

$$\text{DAN } V(\bar{y}) = \frac{1}{M^2} \sum_{h=1}^L M_h^2 V(\bar{y}_h)$$

$$\begin{aligned} \text{EN } V(\bar{y}_h) &= \frac{1-f_{h1}}{n_h^2} \frac{1}{M_h^2} \cdot \frac{1}{n_h-1} \sum_{i=1}^{n_h} M_{hi}^2 (\bar{y}_{hi} - \bar{y}_h)^2 \\ &+ \frac{f_{h1}}{n_h^2} \frac{1}{M_h^2} \sum_{i=1}^{n_h} \frac{M_{hi}^2 (1-f_{hi})}{m_{hi}} S_{whi}^2 \end{aligned}$$

$$\text{WAAR } f_{h1} = \frac{n_h}{N_h} \quad f_{hi} = \frac{m_{hi}}{M_{hi}}$$

$$M_h = \frac{M}{N_h}$$

$$S_{whi}^2 = \frac{1}{m_{hi}-1} \times \sum_{j=1}^{m_{hi}} (y_{hij} - \bar{y}_{hi})^2$$

PROPOSIES

$$\hat{p}_h = \frac{1}{M_{ho}} \sum_{i=1}^{n_h} M_{hi} \hat{p}_{hi}$$

$$\hat{p} = \frac{1}{M} \sum_{h=1}^L M_h \hat{p}_h$$

IN DIE VARIANSIE FORMULES, VERVANG \bar{y}_h MET \hat{p}_h

EN \bar{y}_{hi} MET \hat{p}_{hi}

$$S_{whi}^2 = \frac{m_{hi}}{m_{hi}-1} \cdot \hat{p}_{hi} (1-\hat{p}_{hi})$$

Vraeboog 4

Hierdie vraeboog is as Bylaag C aangeheg.

Dit bevat inligting wat verkry is deur die bywoning van die amptelike vergaderings van die stedelike adviserende Bantoe Komitees en die voltooiing van vraeboë tydens, of net na afloop van die amptelike maandvergaderings.

Inligting wat ingewin is, sluit onder andere die volgende in:

- (a) die behuisingstoestand van die betrokke Bantoe woongebied;
- (b) die aanvaarbaarheid van woonstelle as behuisingsmaatreël;
- (c) die behoefte aan 'n elftebuurt; en
- (d) die behoefte aan beter perseeldienste (water, riool, elektrisiteit), ensovoorts.

Hierdie vraeboog weerspieël die siening van die adviserende Bantoe Komitee van elke Bantoe woongebied en wat vergelyk kan word met 'n stadsraad by 'n Blankedorp of -stad.

Onderhoudsvoering buite die riglyne van die vraeboog het skrywer diep onder die indruk gebring van die hoë mate van verwestering onder die Bantoe in sommige woongebiede. Hier word veral verwys na Khutsong (Carletonville) en Ikageng (Potchefstroom).

Vraeboek 5

Op grond van faktore wat uit die voltooiing van vraeboë 2 tot 4 aan die lig gekom het, was dit duidelik dat die Bantoe wat 'n viervertrekhuus bewoon, in teenstelling met die wetenskaplike ontleding en ontwerp van die W.N.N.R. van hierdie tipe woning, glad nie tevrede was met die gebruik daarvan nie. Met die toestemming van die Hoofdirekteur is 'n amptelike vraelys (Vraeboek 5) voltooi. 'n Totaal van 350 viervertrekwonings is op 'n ewekansige wyse uit die totale aantal (2 452) viervertrekwonings te Ikageng gekies. Die opstel van die vraeboek, tesame met die ontleding daarvan, is weer eens gedoen in samewerking met die Departement van Statistiek aan die P.U. vir C.H.O. Gegewens oor die gebruik van die viervertrekhuus deur die Bantoe is hierdeur ingewin en is as basis gebruik vir die departementele ontwerp van 'n vyfvertrekhuus wat groot byval by die Bantoe behoort te vind.

1.3 Indeling van studie

Die studie is ingestel op die praktiese toepassing van die Vraag en Aanbod van Bantoebehuising in stedelike Bantoewoongebiede.

Hoofstuk 2 bied die agtergrond oor die herkoms en vestiging van die Bantoe in Blankegebied in Wes-Transvaal. Dit gee 'n geskiedkundige oorsig van die boustyl en die ontwikkeling van die boustyl van die Bantoe. Verder word die administrasie van Bantoe-aangeleenthede deur Bantoesake-administrasierade in

Blankegebiede behandel met die klem op die werksaamhede en samestelling van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad.

Hoofstuk 3 vorm die kern van die studie en handel oor die aktuele saak: "Bantoebehuising Vraag en Aanbod". Daar word kortliks gewys op die teoretiese aspekte van Vraag en Aanbod en die bestaan van sekere behuisingsfaktore. Laasgenoemde wat onder andere vraag, kapitaal, grond, ontwerpsverskeidenheid, ensovoorts, insluit, word breedvoerig behandel. Die tempo van behuisingsvoorsiening word behandel na aanleiding van statistiese gegewens beskikbaar; en projeksies ten opsigte van toekomstige behuising wat voorsien moet word, word gemaak.

Hoofstuk 4 behandel in kort beplannings- en ontwerpskriteria omdat daar gevoel is dat, volledigheidshalwe, die minimumvereistes ten opsigte van behuising, beplanning en dienste by die studie ingesluit moet wees.

In Hoofstuk 5 word finansiële aspekte soos onder andere die verkryging van fondse en die koste van behuising soos opgebreek in sy komponente: grond, geboue, dienste, ensovoorts, volledig bespreek. Finansiële beheermaatreëls en stremende finansiële bande word ook bespreek. Daar word afgesluit met die bespreking van 'n tipiese begroting van 'n administrasieraad.

Hoofstuk 6 word gewy aan die spesifieke werksaamhede van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad in besonder in sover dit behuisingsvoorsiening aangaan. Drie kategorieë word behandel, naamlik:

- (a) tuislandontwikkeling te Itsoseng;
- (b) stedelike woongebiedontwikkeling; en
- (c) voorsiening van wonings aan Bantoeplaasarbeiders.

Hoofstuk 7 word gewy aan gevolgtrekkings waartoe geraak is na aanleiding van die studie en dit bevat sekere aanbevelings met betrekking tot die toekomstige voorsiening van Bantoebehuising in die Republiek van Suid-Afrika.

HOOFSTUK 2

AGTERGRONDSTUDIE

2.1 Inleiding

Die inwoners van die onderskeie Bantoe-woongebiede ¹⁾ in Wes-Transvaal is hoofsaaklik saamgestel uit lede van die Nguni-, die Sotho- en in 'n mindere

- 1) Volgens die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet (Wet no. 25 van 1945) is 'n Bantoe-dorp 'n terrein waarin dit vir Bantoes geoorloof sal wees om erwe te huur vir die bou van huise of hutte vir eie gebruik. 'n Bantoe-woongebied daarenteen, beteken volgens genoemde Wet 'n lokasie, Bantoe-dorp of Bantoe-tuis waar die wet 'n lokasie omskryf as 'n terrein of terreine afgesonder deur 'n plaaslike bestuur ter bewoning deur, en vir ander redelike behoeftes van Bantoes. 'n Bantoe-tuis word omskryf as 'n stuk grond, hetsy binne of buite die grense van 'n lokasie of Bantoe-dorp, afgesonder en aangelê deur 'n stedelike plaaslike bestuur om daarop een of meer geboue of groepe geboue in te rig vir die huisvesting van Bantoes wat geen gesinslewe lei nie. In kort gestel is die belangrikste verskil tussen 'n Bantoe-dorp en 'n Bantoe-woongebied die feit dat in eersgenoemde geval die Bantoe self sy huis mag oprig op 'n stuk grond (perseel) wat deur hom gehuur word, terwyl die stedelike plaaslike bestuur in laasgenoemde geval die huisvesting verskaf. In Wes-Transvaal bestaan daar Bantoe-dorpe en Bantoe-woongebiede. Die term Bantoe-woongebied sluit volgens die definisie soos weergegee in die wet, egter ook 'n Bantoe-dorp in en daarom word daar in hierdie studie uitsluitlik verwys na stedelike Bantoe-woongebiede, wat dan ook Bantoe-dorpe sal insluit.

mate die Venda- en Tsonga-bevolkingsgroepe. Hiervan is die Tswana of Wes-Sotho by verre in die meerderheid.

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om enkele aspekte, soos die herkoms en vestiging van die Bantoe, die tradisionele boustyl van die Bantoe en die administrasie van Bantoeaangeleenthede in Blankegebiede, kortliks toe te lig.

Waar die Tswana of Wes-Sotho die grootste persentasie van die Bantoebevolking in Wes-Transvaal uitmaak en waar die Tswana-tuisland ook aan die Blankegebied van Wes-Transvaal grens, word daar hoofsaaklik gekonsentreer op die Tswana-volk as sodanig. Waar toepaslik, word daar egter ook kortliks na die ander Bantoebevolkingsgroepe verwys.

Alhoewel sekere Bantoewoongebiede van owerheidsweë streng etnies gesoneer is, word daar tog in die praktyk gevind dat bloedvermenging tussen die onderskeie Bantoevolke wel voorkom en dat dit geen ongewone gesig is om byvoorbeeld 'n Tswana-gesinshoof in 'n streng administratief gesoneerde Xhosa-buurt aan te tref nie.

'n Verdere aspek wat vermelding verdien, is die feit dat, alhoewel daar in hierdie hoofstuk in detail gewys word op die Bantoe tradisie as sodanig en veral op die tradisionele bou- en woonstyl van die Bantoe, daar in die praktyk as gevolg van die proses van akkulturasie gevind word, dat die Bantoe

binne stedelike Blankegebied al tot so 'n mate ver-
wester is dat tradisionele norme ten opsigte van
woongeriewe en verbruikersartikels by hom geheel en
al onaanvaarbaar geword het. Hierdie aspek sal in
detail verder toegelig word in Hoofstuk 3 wat handel
oor die behoefte (vraag) van die Bantoe na behui-
sing.

2.2 Herkoms en vestiging van die Tswana

2.2.1 Die Bantoe

Volgens fisiese voorkoms, taal en kultuur kan
die Nie-Blankebevolking van Afrika, benewens sekere
kleinere bevolkingsgroepe soos die Boesmans, Pigmië,
Semiëte, Nilote en Asiate, in drie groot volksgroepe
onderskei word, te wete die Hamiëte, die Negers en
die Bantoe.

Hoewel daar nie veel bekend is aangaande die
vroeëre geskiedenis van hierdie drie groot bevol-
kingsgroepe nie, is daar tog sekere geskiedkundige
feite wat deur volkekundiges as korrek aanvaar word.

Die Hamiëte is sonder twyfel van Oosterse
afkoms terwyl daar onsekerheid bestaan oor die her-
koms van die Negers. Sommige kenners glo dat hulle
maar altyd in Afrika gewoon het terwyl ander beweer
dat hulle uit Asië afkomstig is. ¹⁾

1) Bruwer, J.P. Die Bantoe van Suid-Afrika.
Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel,
1956. p.2.

Wat die herkoms van die Bantoe betref, word dit algemeen aanvaar dat hierdie volk sy ontstaan te danke het aan bloedvermenging tussen die Negers en Hamiete in die omgewing van die groot mere in Sentraal-Afrika.

Om verskillende redes het die Bantoe klaarblyklik in verskillende trekke baie jare na mekaar suidwaarts begin beweeg. In hierdie proses het hulle weer in aanraking gekom met die Semitiese volke, die Boesmans en die Hottentotte en het verdere bloedvermenging plaasgevind. ¹⁾

Uiteindelik het die posisie dus ontstaan dat hierdie drie Bevolkingsgroepe in Afrika soos volg versprei was, (sien Figuur 2/1): Die Hamiete en half-Hamiete is gehuisves in Noord-Afrika. Die Negers bewoon Sentraal-Afrika vanaf die Weskus tot by die Skeurvallei en die Bantoe is versprei oor die res van Afrika suid van die Saharawoestyn tot aan die suidpunt van die Republiek van Suid-Afrika.

2.2.2 Hoof- en subgroepe


Die Bantoebevolking as sodanig kan onderverdeel word in die volgende aanvaarde hoof- en subgroepe: ²⁾

1) Bruwer, op.cit., p.2.

2) Serfontein, C.H. Tuislandgerigte Administrasie van Bantoes in Blankbeheerde Gebiede. D.Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1967. p.44.

Figuur 211

DIE BELANGRIKSTE NIE-BLANKE BEVOLKINGSGROEPE VAN AFRIKA



ORGENEEM UIT: BRUWER, J.P. DIE BANTOE VAN SUID-AFRIKA

<u>Hoofgroep</u>	<u>Subgroep</u>
<u>die Nguni:</u>	(a) die Zoeloe (b) die Swazi (c) die Xhosa en (d) die Ndebele
<u>die Sotho:</u>	(a) die Suid-Sotho (b) die Noord-Sotho (Pedi) en (c) die Wes-Sotho (Tswana)
<u>die Venda:</u> 1)	geen Subgroepe nie
<u>die Tsonga:</u>	(a) die Tsonga en (b) die Shangana

2.2.3 Die Tswana

Die Tswana of Wes-Sotho is dus 'n subgroep van die Sotho wat op sy beurt 'n hoofgroep van die Bantoe is wat op sy beurt weer die produk is van bloedvermening tussen die Hamiete en Negers in Sentraal-Afrika.

Dit is interessant om daarop te let dat die Hamiete hoofsaaklik veeherders was, die Negers hoofsaaklik landbouers en dat die Bantoe in hul kultuur, elemente van albei moederrasse behou het, want die Bantoe, soos algemeen bekend, is beide veeherders

1) Aanvanklik was die Venda onderverdeel in die Suidelike-, Oostelike- en Westelike Venda. Hierdie onderverdeling is nie meer toepaslik nie en word dus nie hier weergegee nie.

en landbouers. 1)

Alhoewel die geskiedenis van die Tswana-volk vaag is, word algemeen aanvaar dat die Tswana een van die eerste Bantoe-groepe was wat Suid-Afrika vanaf Sentraal-Afrika bereik het. Hierdie migrasie het oor 'n lang periode plaasgevind en het waarskynlik gedurende die 14de eeu 'n aanvang geneem. 2)

Die Tswana het oënskynlik reeds in die jaar 1600 hulle huidige tuisgebied beset. 3) Hulle het hoofsaaklik in drie fases, of drie trekke, vanaf die mere van Oos- en Midde-Afrika suidwaarts getrek en het Suid-Afrika waarskynlik deur Rhodesië binnegedring. 4)

Die eerste Tswana-immigrantegroep staan bekend as die Kgalagadi en hulle het hulle ten suide van die Moloporivier gevestig. 5) Hulle het die Boesman

-
- 1) Bruwer, op.cit., p.4.
 - 2) Schapera, I. The Ethnic Composition of the Tswana Tribes. London, International African Institute, 1952. p.6.
 - 3) Bruwer, op.cit., p.28.
 - 4) Schapera, I. The Tswana Ethnographic survey of Africa. London, International African Institute, 1953. p.14
 - 5) Opperman, J.H. Stedelike Tuislandskakeling met die Wes-Transvaalse Streeksvestigingsgebied, met besondere verwysing na die rol van Potchefstroom. M.A. Verhandelings, R.A.U., 1971. p.20.

(Sarwa) gedeeltelik verdring en gedeeltelik geasimileer in Botswana en Noord-Kaapland.

Die tweede groep Tswana-immigrante het bekend gestaan as die Rolong.¹⁾ Hulle het Suidelike Afrika binnegedring tot sover as Botswana, Marico en die bolope van die Molopo. Later het hulle hul in Suidwes-Transvaal gevestig en tans is hulle hoofsaaklik woonagtig in die distrikte Vryburg, Lichtenburg en Marico asook in Oos-Botswana.

Die derde en belangrikste groep Tswana-immigrante was die Hurutshe-Kwena.²⁾ Hulle vestig hul gedurende die 15de en 16de eeu tot sover suid as Rustenburg, Marico en Brits.

'n Tipiese kenmerk van die Tswana-volk is die gedurige stamvorming wat as gevolg van afsplitsing plaasgevind het. As gevolg van stamoorloë, die gedurige rondbeweging van stamme en die proses van akkulturasie het sommige van die huidige stamme hul oorsprong buite die Tswana gehad. Schapera³⁾ gee die stamverdeling van die Tswana weer soos dit hieronder opgesom is.

1) Opperman, op.cit., p.20.

2) Ibid., p.21.

3) Schapera, op.cit., p.10.

DIE TSWANA

WESTELIKE TSWANA

Tlhaping:

- Phuduhutswana : Kuruman, Vryburg, Taung,
Herbert (K.P.)
- Maidi : Taung (K.P.)

Rolong:

- Rratlou : Lichtenburg (Tvl.), Mafeking,
Vryburg (K.P.)
- Tshidi : Mafeking (K.P.), Lobatsi (B.)
- Seleka : Thaba Nchu (O.V.S.), Fran-
cistown (B.)
- Rrapulana : Lichtenburg (Tvl.)
- Tlounge : Lichtenburg (Tvl.)
- Kaa : Mochudi, Ngwato, Kweneng (B.)
- Kubung : Ventersdorp (Tvl.)

Hurutshé:

- Manyana : Ngwaketsi (B.), Marico (Tvl.)
- Mokhubidu : Kweneng (B.), Marico (Tvl.)
- Gôpane : Marico (Tvl.)
- Moilwa : Marico (Tvl.)
- Khurutshé : Francistown (B.)
- Tlharo : Mafeking, Vryburg, Kuruman
(K.P.)

Nogeng:

- : Lichtenburg (Tvl.)

Kwena:

- : Kweneng (B.)
- Ngwaketse : Ngwaketsi (B.)
- Ngwato : Ngwato (B.)
- Tawana : Ngamiland (B.)

OOSTELIKE TSWANA

(a) Kwena:

- Fokeng : Rustenburg, Ventersdorp (Tvl.)
- Mogôpa : Pretoria, Rustenburg, Venters-
dorp (Tvl.)
- Mmanamêla : Rustenburg (Tvl.)
- Modimosana : Rustenburg (Tvl.)
- Mmatau : Rustenburg (Tvl.)
- Matlaku : Rustenburg (Tvl.)
- Phalane : Rustenburg (Tvl.)

Tlhalerwa:	:	Rustenburg (Tvl.)
Phiting:	:	Rustenburg (Tvl.)
Taung:	:	Rustenburg (Tvl.)
Kgtla:		
Mosêtlha	:	Pretoria (Tvl.)
Kgafêla	:	Mochudi (B.), Rustenburg (Tvl.)
Mmanaana	:	Kweneng, Ngwaketsi (B.)
Mmakau	:	Pretoria (Tvl.)
Motšha	:	Pretoria (Tvl.)
Seabe	:	Pretoria (Tvl.)
Bididi:	:	Waterberg (Tvl.)
Tlôkwa:		
Thethe	:	Gaberones (B.), Rustenburg (Tvl.)
Motsatsie	:	Rustenburg (Tvl.)
(b) Malete:	:	Gaberons (B.), Marico (Tvl.)
Tlhako:	:	Potgietersrus (Tvl.)
Pô:	:	Rustenburg (Tvl.)
Hwaduba:	:	Pretoria (Tvl.)

(B.) - Botswana, (Tvl.) - Transvaal, (O.V.S.) - Oranje-Vrystaat, (K.P.) - Kaapprovinsie.

Die stamverdeling van die Tswana het aanvanklik vreedzaam verloop dog tussen 1800 en 1837 het 'n verwarrende verdeling plaasgevind as gevolg van aanvalle van Bantoe-groepe uit die ooste (byvoorbeeld Mantatees se Tlokwa 1822 - 23, die Kololo onder Sebetwane 1823 - 28 en die Matabele onder Moselekatse 1825 - 37). In hul vlug voor die vyand het die stamme verder onderverdeel en sommige stamme het selfs onderdele van ander stamme geword. Sekere stamme het die Kalahari in gevlug, ander het in

grotte by Potchefstroom en Klerksdorp gaan skuil en sekeres het selfs tot sover as Thaba Nchu in die Vrystaat gevlug. Nadat die Blanketrekkeurs hulle in die onbesette streke van Wes-Transvaal gevestig het, is die Matabele onder Moselekatse deur die Boere in samewerking met 'n Tswana-mag verslaan. 1) Die Tswana-vlugtelinge kon nou na hul tuisland terugkeer. Baie het om ekonomiese en ander redes hul arbeid aan die Blankeboere verkoop en op Blankeplase gaan woon.

Met die aanleg van Blankedorpe het Bantoes waarskynlik ook daar 'n arbeidsmark gaan soek en volgens Riekert 2) het hulle in tuisgemaakte sooi- en kleihutte op hul werkgewers se persele gaan woon. Hierdie proses van "saamwoon" het egter ingedruis teen die tradisionele beleid van bevolkingskeiding. Beide die Zuid-Afrikaanse Republiek en die Unie van Suid-Afrika het 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling nagestreef. Tesame met die probleme van drankmisbruik en ander sosiale eeuwels het dit noodsaaklik geword dat afsonderlike Bantoedorpe (lokasies) gestig word vir die Bantoe wat in stedelike Blankegebied woonagtig is.

Volgens Riekert is die lokasie van Potchefstroom byvoorbeeld in 1877 aangelê. Volgens Breutz

1) Serfontein, op.cit., p.52.

2) Riekert, P.J. Bantoe-Administrasie in Potchefstroom. M.A. Verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1963. p.32.

het die Bantoe in ander dorpe, byvoorbeeld Ventersdorp, ¹⁾ Lichtenburg en Delareyville ²⁾ ook in Bantoe dorpe of lokasies gaan woon in huise wat hulle self gebou het terwyl hulle hul dienste as werkers aan die Blankes in die Blankedorp aangebied het.

So het die huidige vestigingspatroon dus ontstaan sodat in Wes-Transvaal en trouens oor die res van die Republiek:

- (i) Bantoe aangetref word wat in hul eie tuisland woon;
- (ii) Bantoe aangetref word wat op Blankeplase woon; en
- (iii) Bantoe aangetref word wat in Bantoe woon-gebiede (destyds lokasies genoem) naby Blankedorpe woon.

2.2.4 Die Tswana se tuisland

Die Tswana se tuisland staan bekend as Bophuthatswana wat beteken "die plek waar die Tswana bymekaar gemaak is". Huidig bestaan die Tswana-tuisland uit 19 eenhede maar volgens die

-
- 1) Breutz, P.L. Die Stamme in die Distrik Ventersdorp. Departement van Naturellesake, Ethnologiese Reeks no. 31. Pretoria, Die Staatsdrukker, 1954. p.16.
 - 2) Breutz, P.L. Die Stamme van die Distrikte Lichtenburg en Delareyville. Departement van Naturellesake, Ethnologiese reeks no. 37. Pretoria, Die Staatsdrukker, 1957. p.12.

voorgestelde konsolidasiekaart (sien Figuur 2/2) sal Bophuthatswana uiteindelik uit slegs 6 eenhede bestaan.

Volgens Riekert ¹⁾ is van die ongeveer 1,7 miljoen Tswanas in Suid-Afrika 64% in Blankegebied woonagtig en slegs 36% in die tuisland. Breutz ²⁾ beraam dat 20% van die Tswanas op Blankeplase in Wes-Transvaal en Noord-Kaapland woon en werk en dat 22% tot 26% in Blankedorpsgebiede woonagtig is.

2.2.5 Die gebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad


Lede van Tswana-groepe word in die volgende Blankedistrikte binne die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad aangetref; Bloemhof, Christiana, Coligny, Delareyville, Klerksdorp, Koster, Lichtenburg, Marico, Oberholzer, Potchefstroom, Schweizer-Reneke, Swartruggens, Ventersdorp, Wolmaransstad en Mafeking.

Daar moet spesifiek daarop gewys word dat in geen Bantoewoongebied in Blankegebiede slegs lede van een of twee stamme aangetref word nie maar wel 'n konglomerasie van lede van meer as een stam en selfs ook lede van ander Nie-Tswana-bevolkingsgroepe soos Xhosa, Zoeloe, Suid-Sotho, ensovoorts. Terwyl

1) Riekert, P.J. Die Tswana of Wes-Sotho. Ongepubliseerde referaat. p.1.

2) Breutz, op.cit., p.4.

Figuur 2/2
KONSOLIDASIEPLAN
1973



in die tuisland, Bophuthatswana, die verskillende stamme apart behoort te woon, is dit beslis nie die geval in Blankegebiede nie. 1)

Figuur 2/3 toon die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, met die aanliggende dele van Bophuthatswana, aan.

2.3 Die boustyl van die Bantoe - n geskiedkundige oorsig

As skuiling teen die aanslae van die natuur-elemente moes die oermens hom wend na hol boomstamme, grotte en oorhangende kranse. 2)


Vroeg in die geskiedenis het die mens alreeds begin om mensgemaakte windskerms op te rig waar hy teen wind, reën en koue kon skuil en waar agter hy sy vuur kon maak.

Vanuit die windskerm het waarskynlik die kwartbolvormige Boesman-skerm ontwikkel asook die latere ronde skerm en ronde byekorfvormige hut wat so tiperend is van sekere Bantoevolke soos die Swazi en die Zoeloe.

-
- 1) Daar bestaan egter ook die gevalle waar in die tuisland n praktyk van deurmekaar-woon aange-tref word soos byvoorbeeld by Mabopane en Garankuwa in Bophuthatswana.
 - 2) Coertze, P.J. Inleiding tot die algemene Volkekunde. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1965. p.52.

Figuur 2/3

REGSGEBIED VAN DIE WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE - ADMINISTRASIERAAD



Die Tswana se tradisionele hut bestaan uit 'n sirkelvormige gebou (rondawel) met 'n kegelvormige (koniese) dak. Na voltooiing is die struktuur ongeveer 3 meter hoog. 'n Lapa of werf wat bestaan uit 'n lae ringmuurtjie word tradisioneel by die hut aangebring. ¹⁾

Omdat die tradisionele Tswana, soos alle ander Bantoevolke, toegewys is op die natuur om sy boumateriaal te bekom, is die mure van die hut gewoonlik van klei ²⁾ gemaak. Die hut word van 'n deuropening voorsien met 'n tuisgemaakte deur. Tradisioneel word geen of weinig vensters voorsien. Indien dit wel aanwesig is, is die vensteropenings gewoonlik baie klein. Die kegelvormige dakraamwerk rus op die mure of op 'n ring stutpale wat konsentries om die hut geplant is. Die dakbedekking bestaan uit dekgras wat op die raamwerk bevestig word.

Die hutvloer is gewoonlik hoër as die natuurlike grondvlak en bestaan ook uit klei. Die vloerbedekking bestaan gewoonlik uit 'n mengsel van klei en beesmis wat oor die vloer gesmeer word.

Dit is 'n kenmerk van die Sotho, en dus ook die Wes-Sotho of Tswana, dat die hutte van verskillende huisgesinne geskei word deur middel van netjiese kleimure.

1) Sien Figuur 2/8.

2) Die mure kan ook van pale gebou en met klei afgepleister word - sien Bruwer, op.cit., p 69.

Dekorasie van die huis vind plaas deur middel van die aanbring van patrone op die buitepleisterwerk (modderpleister) van die hut. Die patrone word dikwels herhaal sodat 'n mosaïek gevorm word wat die hele buitemuur bedek. Die Tswana se muurversierings het 'n driehoek-motief. As gevolg van die droë klimaat van sy omgewing besit die Twana-nedersetting gewoonlik maar min muurversierings.

Dit is interessant om daarop te let dat die verskillende Bantoevolke se hutte in verskillende vorms in die tradisionele stat geplaas is. Die statsuitleg van die Zoeloe, die Xhosa, die Swazi, die Ndebele, die Pedi, die Basoeto, die Tswana en ander volke verskil wesentlik van mekaar.


Omdat hierdie navorsing hoofsaaklik toegespits is op die Tswana sal slegs die Wes-Sotho- of Tswana-kraaluitleg in detail behandel word. Figure 2/4 tot 2/7 toon egter ook die tipiese kraaluitleg van sommige van die ander volke aan. Figuur 2/8 toon die Tswana-kraaluitleg volledig aan.

Die Tswana, soos alle ander Bantoevolke, is geneig om gesamentlike nedersettings of sogenaamde statte te bou waar 'n aantal huishoudings of gesinne saam so 'n stat uitmaak. By Mochudi in Botswana woon daar na bewering ongeveer 20 000 mense saam in een nedersetting.

Weens afhanklikheid van water en veral weens die relatief droë streke wat deur die Tswana bewoon word, is die Motse- of Tswana-nedersettings gewoonlik

Figuur 2/4

NDEBELE - KRAALUITLEG



- 1. iibaya
- 2. indibundu
- 3. Post- en draaigatstelling
- 4. iibaya
- 5. iisiddu


- 6. Voorhard
- 7. Tabbu maa samar vru
- 8. Bards maa samar vru
- 9. Wards maa samar vru
- 10. Vyfa maa samar vru

- 11. Versamlinge hals met verskeide maa
- 12. iisatgpaning
- 13. Grootmondjies

ORGANEEM UIT: BANTU NR 2 Februarie 1975

Figuur 2 / 5

ZOELOE - KRAALUITLEG




- 1 = a + b indibuku en vroue aan haar boerestral
- 2 + c inGqadi en vroue aan haar boerestral
- 3 + d iKhulu en vroue aan haar boerestral
- 4 uThanga
- 5 amabibi
- 6 inGqadi-gedeelte
- 7 indibuku-gedeelte
- 8 Boerestral
- 9 iSango
- 10 iziMali
- 11 Hoofingang van kraal

- 12 leging van herte na iKhulu-gedeelte
- 13 leging van herte na indibuku- en inGqadi-gedeeltes
- 14 Boerestral onder die boerestral
- 15 Hoerherbobe
- 16 Privaatleging van die boerestral na die indibuku- en inGqadi-gedeeltes
- 17 Privaatleging van die boerestral na die iKhulu-gedeelte
- 18 Kêwerbobe
- 19 Hulle wat deur die groter seuns en vromdeste in die kraal beweeg word

Figur 2/6


VENDA - KRAALUITLEG



- | | | | |
|------------|-----------------|-------------------------|---------------|
| 1. mofere | 6. tsivhona | 11. mufe | 16. Poodye |
| 2. ihere | 7. ndu | 12. Bshadung | 17. tsu vanbo |
| 3. ghepu | 8. tshidanga | 13. Gromshure | 18. gshamo |
| 4. dangi | 9. Bvutuf | 14. Hoofman se stampary | 19. vanga |
| 5. zovumbo | 10. Hoofmanahut | 15. thando | 20. Gangryes |

OORGENEEM UIT : BANTU NR 2 Februarie 1975


Figuur 2/7
 SUID-SOTHO - KRAALUITLEG



ORGENEEM UIT : BANTU NR 2 Februarie 1975

Figuur 218

WES-SOTHO-TSWANA - KRAALUITLEG



- | | | | |
|----|------------------------------|----|-----------|
| 1 | Boeslêrad | 5. | Dakhoang |
| 2 | Wendekera | 6 | laga |
| 3 | l'gala | 7 | Boeslêrad |
| 4. | alle wat tussen 1, 2 en 3 is | | |

ORGENEEM LIT : BANTU NR. 2 Februarie 1975

in die omgewing van 'n waterbron geleë.

Die statsaanleg, hoewel dit met die eerste oogopslag nie so lyk nie, vorm 'n baie definitiewe en ordelike patroon en word volgens 'n sekere tradisionele rangskikking van hutte opgerig.

Soos duidelik op Figuur 2/8 gesien kan word, is die hutte in die Motse van die Tswana sirkelvormig gerangskik met 'n beeskraal of beeskrale in die sentrum daarvan geplaas. Die vergaderplek van die mans word die kgotla genoem en bestaan uit 'n halfmaanvormige paalskerm teen die kant van die beeskraal. Die aantal beeskrale en kgotlas wissel na gelang van die grootte van die Motse. Dit is interessant om daarop te let dat die kaptein, wanneer hy te sterwe kom, sy graf in sy eie kgotla vind.

'n Man met sy vrou of vroue en hul kinders word by die Tswana as 'n gesin ¹⁾ beskou terwyl een of meer sulke gesinne (gewoonlik na verwant aan mekaar) 'n huisgesin vorm. Elke huisgesin bewoon 'n aantal hutte binne 'n gemeenskaplike skermuur wat die binnehof of lapa van die huisgesin omring.

Binne elke lapa word gewoonlik ook die gesinse se graanskure of graanbergplekke aangetref.

Aangesien die hut uit slegs een vertrek bestaan, word dit slegs deur 'n man en vrou met hul kleinere

1) Erasmus, J. Kraaluitleg by die S.A. Bantoe. Bantu Deel XXII, no. 2, Februarie 1975. p.2.

kinders bewoon. Groter kinders word uitgeskuif na afsonderlike hutte vir beide geslagte.

Met die koms van moderne boumateriaal het die Tswana hom ook daarmee vereenselwig. Die ronde hut is vervang met 'n reghoekige uitleg (waarskynlik omdat sinkplate makliker daarop pas), die kegelvormige dak is vervang met 'n plat- of staansinkdak en moderne vensters en deure het ook hul plek in die tradisionele hut verower. In sommige gevalle is ook die kleimure deur baksteen- of klipmure vervang.

Breutz wys in sy publikasies daarop dat nie slegs in dorpslokasies nie maar ook in tradisionele statte hierdie "verwesterse" boustyl inslag gevind het. Ook Schapera ¹⁾ wys op die verwestering sover dit boustyl aanbetref - hy meld onder andere: "Progressive people sometimes build rectangular, multi-roomed houses of European type; these are usually made of earth and thatch, but occasionally of brick and galvanized iron roofing."

Met die koms van Bantoewoongebiede en veral met die inwerkingstelling van behuisingskemas het die boustyl verder verweste en die sogenaamde standaard NE51/6-of NE51/9-tipe Bantoehuis van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling is vandag 'n algemene gesig in Bantoewoongebiede.

1) Schapera. op.cit., p.28.

Sogenaamde "Selfbouhuise" wat gelykstaande en selfs beter as gemiddelde Blanke standarde is, word vandag ook dikwels aangetref in Bantoewoongebiede in Blankegebied en in dorpe in Bophuthatswana.

Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling rig vandag self ook beter tipe huise op vir hooggeplaasde Bantoes, soos wat byvoorbeeld vir die hoofminister van Bophuthatswana en sy kabinet in Montshiwa by Mafeking, opgerig is.

Deur grotere persele vakant te laat in dorpsgebiede waar 51/9-huise gebou word, en deur hierdie persele aan meer goeie Bantoe beskikbaar te stel vir selfbouhuise, word gepoog om die eentonigheid van behuisingskemas in tuislanddorpe en in Bantoewoongebiede in Blankegebiede te voorkom.

'n Moderne hedendaagse Tswana-dorpsgebied soos byvoorbeeld Itsoseng (naby Lichtenburg) is geheel en al verwesters en verskil geheel en al van die tradisionele Tswana-kraaluitleg. Teerstrate, elektrisiteit en binnehuise spoellatrines is geen vreemde gesig in 'n moderne westerse Tswanadorp nie.

2.4 Die administrasie van Bantoesake in Blankegebiede

2.4.1 Enkele beleidsaspekte ¹⁾

Met die aanname van die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika in 1909 en met die aanname van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika in 1963, het die Staat of Sentrale Regering baie beslisse verklaar dat dit sy prerogatief is om self die beleid ten opsigte van die Bantoes in Suid-Afrika te bepaal en dat ook die toepassing van die beleid by die Staat berus. Die uitvoering van sodanige beleid kan hy natuurlik na goeddunke aan ander instansies soos byvoorbeeld munisipaliteite of Statutêre Rade deleger. Daar moet pertinent op gewys word dat die Staat een beleid het ten opsigte van Bantoes vir sowel die tuislandgebiede as Blankegebiede. Indien die uitvoering van die beleid as gevolg van delegering in Blankegebiede teenstrydig raak met die Staatsbeleid in Bantoetuislande ²⁾ dan het die tyd aangebreek dat die Staat moet ingryp om weer eens harmonie en eenvormigheid ten opsigte van die uitvoering van sy beleid in die twee sektore te bewerkstellig.

1) Hierdie afdeling is hoofsaaklik verwerk uit Serfontein. op.cit., pp.128-139.

2) Soos wat die geval was by sommige Stadsrade.

Dit is verder belangrik om steeds te onthou dat die Bantoes in Blankegebiede nie 'n afsonderlike, anderssoortige etniese groep is as die Bantoes in die tuislande nie. ¹⁾ Hoewel ontstamming wel tot 'n meerdere of mindere mate in stedelike gebiede voorkom, maak Bantoes in Blankegebiede nog steeds 'n integrale deel uit van die kerngroep in die tuislande. Dit is dus logies dat stedelike Bantoe-administrasie tuislandgerig en stamgesentreerd moet wees.

Die Staat se beleid ten opsigte van afsonderlike ontwikkeling behels baie meer as 'n volksskeiding op kleurbasis. In wese is die beleid van afsonderlike ontwikkeling gefundeer op die gedagte van volksverskeidenheid. Dit beteken dat nie alleen Blank en Bantoe as twee afsonderlike volksgroepe gesien moet word nie maar ook dat elkeen van die Bantoevolke van Suid-Afrika in hul eie, besondere kultuuraard erken en eerbiedig moet word.

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling erken en aanvaar dus die feit dat volke onderling verskil en dat mense, volke en rasse nie eenders of gelyk is nie. Potensiële gelykwaardigheid word beslis erken, met ander woorde anderssoortigheid impliseer nie noodwendig meerder- of minderwaardigheid nie ²⁾ maar erken eiesoortigheid van volk en ras met gepaardgaande reg om die eie identiteit te behou en

1) Serfontein. op.cit., p.129.

2) Ibid., p.136.

ras-afsonderlik tot volle wasdom te ontwikkel. Dit is dan ook die erkende beleid van die huidige regerende party dat die verskillende Bantoevolkseenhede in Suid-Afrika tot volle politieke, staatkundige en ekonomiese onafhanklikheid in hul eie tuislandgebiede kan ontwikkel, maar dat die Bantoe se teenwoordigheid in Blankegebied geensins aan hom enige politieke regte of permanensie verleen by die sy-tuisland nie. Daarom moet die uitvoering van die gedelegeerde staatsbeleid steeds tuislandgerig bly.

2.4.2 Die ou bedeling: plaaslike owerhede

Tot en met 1972 het die Sentrale Regering die uitvoering van sy beleid ten opsigte van Bantoesake aan ongeveer 400 stads- en dorpsrade asook ander plaaslike owerhede soos die meer as 90 afdelingsrade in die Kaapprovinsie, die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede en die Kommissie vir Plaaslike Gesondheid van Natal op agent-skapbasis gedelegeer.¹⁾ In die praktyk het dit daarop neergekom dat by elke plaaslike bestuur 'n Departement Nie-Blankesake organisatories onder die Stadsklerk ingedeel was om Bantoeaangeleenthede in die voorgeskrewe gebiede te behartig. Daar was natuurlik ook plaaslike Bantoesakekommissarisse en Hoof-Bantoesakekommissariskantore wat ander aspekte

1) Cloete, J.J.N. Bantoesake-Administrasierade - Hulle plek en funksie in Administrasie. Ongepubliseerde referaat. p.2.

van die beleid hanteer het wat nie aan die plaaslike besture opgedra is nie. Dit is slegs logies dat by sommige plaaslike owerhede die administrasie van Bantoesake altyd 'n bysaak gebly het terwyl ander, weens personeel- en finansiële probleme, nie die nodige aandag aan hierdie aspek kon wy nie. Sedert 1960 is herhaaldelike pleidooie gelewer vir beter beheer oor Bantoeaangeleenthede in Blankegebiede. Na die uitbreek van die November 1962-onluste in die Paarl het die kommissie van ondersoek ¹⁾ na die oorsake van die onluste onder andere opgemerk dat hulle die feit bevraagteken of daar van 'n klein plaaslike owerheid, soos van die dorpsraad van die Paarl, verwag kan word om die hoogs gespesialiseerde taak van Bantoe-administrasie in Blankebeheerdegebiede bevoeg te kan hanteer. Die Kommissie beveel sentralisasie van Bantoesake-administrasieaangeleenthede aan.

Aangesien talle plaaslike owerhede op party-grondslag georganiseer en verkies word, het dit gebeur dat die uitvoering van staatsbeleid in sommige gevalle gelaat is in die hande van persone wat die regeringsbeleid positief teëgestaan en teëgewerk het. Dit het gebeur dat die uitvoerende funksie opgedra is deur nie-regeringsgesinde plaaslike owerhede aan

1) Report of the Commission appointed to inquire into the events on the 20th and 22nd November, 1962 at Paarl and the causes which gave rise thereto. p.13.

nie-regeringsgesinde amptenary wat deur eersge-
noemde aangestel is. Dit is slegs logies dat
botsings tussen die nie-regeringsgesinde Agente en
die Staat op hierdie basis sou voorkom en voorvalle
soos die opruiming van Sophiatown, New Clare en
Martindale het gelei tot botsings tussen die Sen-
trale Owerheid en die Stadsraad van Johannesburg.
Dit het selfs gelei tot die ontstaan van die Wet vir
die Hervestiging van Bantoes ¹⁾ waarvolgens die
Staat self bogemelde opruimingswerk waargeneem het.

Op 27 Februarie 1968 het mnr. G.P.C. Bezuiden-
hout ²⁾ 'n private mosie by die Volksraad ingedien
waarin hy die Sentrale Regering versoek het om die
beheer van Bantoes in Blankegebiede te sentraliseer
in 'n raad of rade onder beheer van die Sentrale
Regering.

Uit aanbevelings van 'n Interdepartementele
komitee insake Beheermaatreëls 1967 en mnr. Bezui-
denhout se privaatmosie is die konsepwetsontwerp
vir die instelling van rade op Bantoe-arbeid
gebore. ³⁾ Laasgenoemde was egter om verskeie redes
nie prakties aanvaarbaar nie en op 30 September 1968
het Sy Edele die adjunk-minister van Bantoe-admi-
nistrasie en -ontwikkeling, dr. P.G.J. Koornhof,
tydens 'n onderhoud met lede van die Vereenigde

1) Wet no. 19 van 1954.

2) L.V. vir Brakpan.

3) Serfontein. op.cit., p.261.

Munisipale Bestuur en die Instituut vir Administrateurs van Nie-Blankeangeleenthede opdrag aan laasgenoemde instansie gegee om verslag aan hom te doen oor die wyse waarop groter beheergebiede daargestel kan word binne die raamwerk van bestaande wetgewing sonder die instelling van Bantoe-arbeidsrade. Sy Edele die adjunk-minister het dit duidelik gestel dat hy 'n stelsel verlang wat voorsiening maak vir arbeidsekuriteit aan beide die werkgewer en Bantoe-werknemer met voorsiening vir die verwydering van oortollige en onwettige arbeid.

Op 22 November 1968 benoem die Instituut van Administrateurs vir Nie-Blankeangeleenthede 'n sub-komitee om spesifiek uitvoering te gee aan die Adjunk-minister se opdrag.

Die sub-komitee spreek hom na deeglike oorweging uit teen Bantoe-arbeidsrade soos voorgestel in die konsepwetsontwerp van 1968 en beveel 'n stelsel van Streeksbestuur onder Sentrale Streeksbeheerliggame aan. Die gedagte van groter beheergebiede waarin dorp en distrik as eenheid beskou word en waar Bantoeaangeleenthede van verskillende dorpe en distrikte in een sentrale instansie verenig word, is deur die komitee voorgestaan.

Hoofsaaklik na aanleiding van die aanbevelings van die Instituut van Administrateurs vir Nie-Blankeangeleenthede, sien die konsepwetsontwerp van 22 April 1969 die lig waarin voorsiening gemaak is vir groter Bantoebeheergebiede en die daarstel-

ling van Bantoesake-administrasierade in beheer van sodanige gebiede.

2.4.3 Nuwe bedeling: Bantoesake-administrasierade

Op 2 Junie 1971 word die Wet op die Administrasie van Bantoesake as Wet no. 45 van 1971 in die Staatskoerant gepubliseer om vir die administrasie van Bantoesake buite die Bantoetuislande beter voorsiening te maak en "... om vir daardie doel vir die instelling van Bantoesake-administrasierade voorsiening te maak"¹⁾

Sy Edele die adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onderwys het die doel van die wetgewing soos volg saamgevat: "... hierdie wetsontwerp moet dus gesien word as 'n opregte soeke na 'n doeltreffende administratiewe stelsel wat hoofsaaklik aan drie vereisters sal moet beantwoord, naamlik:

- (a) om groter beweegbaarheid aan Bantoe-arbeid te gee;
- (b) om 'n doeltreffende administratiewe masjinerie ten opsigte van Bantoesake oor 'n veel groter gebied daar te stel; en
- (c) om die beste talent vir die bereiking van gemelde doelstelling gesien uit die oogpunte van kennis van Bantoesake en daad-

1) Wet no. 45 van 1971 Staatskoerant 3127 van 2 Junie 1971. p.3.

werklike belang by die Bantoe-arbeider as werker en as mens - in 'n statutêre liggaam saam te snoer". 1)

Sy Edele die adjunk-minister het verder ten opsigte van die rade soos volg verklaar:

"Dit word benadruk dat van rade verwag word om finansieel onafhanklik te wees sodat Tesourie nie genader sal hoef te word om fondse nie." 2)

Uit voorgaande is dit dus duidelik dat 'n Bantoesake-administrasiegebied aan vier primêre vereistes moet voldoen, naamlik:

- (i) dit moet sonder finansiële steun kan bestaan;
- (ii) dit moet hom leen tot groter beweeglikheid van Bantoe-arbeid;
- (iii) daar moet doeltreffende administratiewe masjinerie vir die gebied geskep kan word; en
- (iv) 'n doeltreffende statutêre liggaam moet vir die gebied ingestel kan word wat vertrouwd is met Bantoesake en wat die Bantoe as werker en as mens positief sal kan beheer. 3)

1) Debatte van die Volksraad. Weeklikse uitgawe 5. 1 Maart 1971 tot 5 Maart 1971, kolom 1978.

2) Debatte van die Volksraad, kolom 1984.

3) Stadsraad Potchefstroom, Memorandum vir Implementeringskomitee. Nov. 1971 Potchefstroom.

Die rade is in der waarheid nie selfstandige outonome liggame nie, maar slegs 'n verlengstuk van die Sentrale Regering wat ingestel is om staatsbeleid uit te voer en nie om beleid te bepaal nie.

Gedurende 1971/72 het 'n komitee van die Bantoesakekommissie bekend as die Bantoesake-administrasierade-implementeringskomitee onder voorsitterskap van die voorsitter van die Bantoesakekommissie, aanbeveel dat die Blankegebied van die Republiek van Suid-Afrika in 22 administrasiegebiede ingedeel word ooreenkomstig artikel 2 van die Wet op die administrasie van Bantoesake.

Op die komitee het onder andere gedien: verteenwoordigers van die Instituut van Stadsklerke, die Instituut van Administrateurs van Nie-Blanke-aangeleenthede, die Instituut van Munisipale Tesouriers en Rekenmeesters, die Verenigde Munisipale Bestuur en die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Met behulp van openbare vergaderings deur die land is die mening van instansies soos die Georganiseerde Landbou, Handel en Nywerheid en Plaaslike Besture ook verkry.

Hieronder word 'n opsomming van die betrokke Bantoesake-administrasierade met hul onderskeie hoofkantore weergegee:

BANTOESAKE-ADMINISTRASIEGEBIED	HOOFKANTOOR
1. Wes-Transvaal	Potchefstroom
2. Middelland	Port Elizabeth
3. Sentraal-Transvaal	Pretoria


4. Oosrand	Germiston
5. Wesrand	Johannesburg
6. Oos-Transvaal	Nelspruit
7. Suid-Transvaal	Standerton
8. Hoëveld	Witbank
9. Noord-Transvaal	Pietersburg
10. Port Natal	Durban
11. Drakensberg	Pietermaritzburg
12. Noord-Natal	Dundee
13. Oos-Kaap	Queenstown
14. Karoo	Graaf-Reinet
15. Skiereiland	Kaapstad
16. Suidwes-Kaap	Worcester
17. Diamantveld	Kimberley
18. Suid-Vrystaat	Bloemfontein
19. Midde-Vrystaat	Welkom
20. Noord-Vrystaat	Kroonstad
21. Noord-Kaap	Vryburg
22. Vaaldriehoek	Sebokeng

Figuur 2/9 toon die ligging van elk van bostaande gebiede aan.

Vir elkeen van bogemelde gebiede is 'n Bantoesake-administrasieraad ingestel met 'n Hoofdirekteur as hoof-uitvoerende beampte.

Die Wet ¹⁾ op die administrasie van Bantoesake bepaal die samestelling van 'n raad soos volg:

1) Wet no. 45 van 1971.



BANTOESAKE - ADMINISTRASIERADE

LIGGINGSPLAN :-

Figuur 2 / 9

"3. Samestelling van 'n raad

(1) 'n Raad bestaan uit 'n voorsitter deur die Minister aangestel en soveel ander lede aldus aangestel as wat die Minister in elke geval bepaal, van wie:

- (a) een of meer hoofsaaklik op grond van bekendheid met en wye kennis van arbeidsaangeleenthede met betrekking tot Bantoes in die landbou in die raad se administrasiegebied, en na oorlegpleging met die organisasies wat volgens die oordeel van die Minister verteenwoordigend is van persone wat die landbou beoefen, aangestel word;
- (b) een of meer hoofsaaklik op grond van bekendheid met en wye kennis van arbeidsaangeleenthede met betrekking tot Bantoes in die handel en 'n ander nywerheid in sodanige administrasiegebied, na oorlegpleging met die organisasies wat volgens die oordeel van die Minister verteenwoordigend van die betrokke werkgewers is, aangestel word;
- (c) behoudens die bepalings van subartikel (2), een of meer aangestel word ten opsigte van elke landdrosdistrik of gedeelte van 'n landdrosdistrik in die raad se administrasiegebied; en
- (d) een of meer persone in die heeltydse diens van die Staat is.

(2) Elke lid wat ingevolge subartikel (1)(c) aangestel word:

- (a) moet 'n lid wees van 'n in artikel 11(1)(e) beoogde liggaam wie se hele regsgebied of deel daarvan in die raad se administrasiegebied opgeneem is;
- (b) word aangestel hoofsaaklik op grond van bekendheid met en wye kennis van die sake van so 'n soort liggaam;
- (c) word deur die Minister gekies uit persone wie se name voorkom op die een of ander lys van die lyste name van soveel persone as wat die Minister in elke geval verlang wat deur die liggame bedoel in paragraaf (a) aan hom voorgelê moet word wanneer deur die Minister in elke geval daartoe aangesê.

(3) Indien 'n liggaam versuim of weier om, na aanseggings ingevolge subartikel (2)(c), binne die tydperk deur die Minister vermeld die lys in daardie subartikel genoem, voor te lê, kan die Minister na goeddunke die persone wat die nodige kwalifikasies besit, aanstel om lede van 'n raad te wees.

(4) Vir elke lid van 'n raad (behalwe die lid as voorsitter daarvan aangewys) is daar 'n plaasvervanger wat op dieselfde wyse as daardie lid aangestel word.

(5) Die Minister wys een van die in subartikel (1)(a), (b) of (c) genoemde lede van 'n raad aan om

ondervoorsitter daarvan te wees.

(6) Wanneer die voorsitter afwesig is of nie in staat is om enige van sy werksaamhede te verrig nie, kan die ondervoorsitter in sy plek optree."

Dit is belangrik om daarop te let dat die lede van die Bantoesake-administrasierade dus volgens wetgewing dienare van die Minister is. Alhoewel hulle dus sekere belangegroepe verteenwoordig is hulle onderworpe aan die opdragte van die Minister en moet hulle in regerende hoedanigheid (nie wetgewend nie) toesien dat die amptenary van hul betrokke raad die beleid van die Staat korrek uitvoer. Dit is weer eens hieruit duidelik dat Bantoesake-administrasierade nie outonome liggame is nie maar staatsregtelik en administratief gesien slegs die verlengde arm van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling is. Hulle mag hulself dus nie magte toe-eien wat die hoogste wetgewer in die land nie aan hulle toegeken het nie. ¹⁾

Die funksies van 'n Bantoesake-administrasieraad is drieërlei van aard. ²⁾

-
- 1) Morrison, D.W. Referaat getiteld; "Outonomie en Organisasie van Bantoesake-administrasierade". Vyfde 2 jaarlikse saantrek van amptenare belas met stedelike Bantoe-administrasie. Pretoria, 22-24 Oktober 1974, p.4.
 - 2) Cloete, J.J.N. op.cit., p.7.

Ten eerste is hulle verantwoordelik vir die voorsiening van munisipale dienste aan Bantoe-woon-gebiede binne hul regsgebied. Dit behels onder andere water- en elektrisiteitsvoorsiening; pas-sasiersvervoerdienste; as- en nagvuilverwydering; die konstruksie en instandhouding van strate, toe-voerpaaië en vloedwaterdreinerings; die oprigting, instandhouding en verhuur van huise en enkelkwar-tiergeriewe; die daarstelling van Bantoebier en Blankedrank met gepaardgaande fasiliteite en die aanbring en instandhouding van sport- en ontspan-ningsgeriewe. Wetgewing wat hier van toepassing is en ter beskikking van die rade gestel is, is die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet (Wet 25 van 1945), die Wet op Heffings vir Bantoe-dienste (Wet 64 van 1952), die Wet op stedelike Bantoe-rade (Wet 79 van 1961), die Wet op Bantoebier (Wet 30 van 1962), Artikel 100 bis. van die Drankwet (Wet 30 van 1928), die Behuisingswet (Wet 4 van 1966) en die Wet op Bydraes ten opsigte van Bantoe-arbeid (Wet 29 van 1972).

Ten tweede tree die rade op as arbeidsreëlings-instansies. Hulle is dus verantwoordelik vir orde-like werkverskaffing en arbeidsekuriteit, beide ten opsigte van werkgewers en werknemers binne hul regs-gebied. Hulle moet steeds waak teen werkloosheid en die daarmeegepaardgaande sosiale euwels. Die

arbeidsburo's van die Blankemunisipaliteite sowel as distriks-arbeidsburo's van die Bantoesakekommissarisse is aan hierdie rade oorgedra vir doeltreffende funksionering en instandhouding. Opleiding van werknemers vorm 'n baie belangrike funksie van die rade. Die Wet op Bantoe-arbeid (Wet 67 van 1964) is hier van toepassing. Die hele idee van Bantoesake-administrasierade, naamlik die skepping van groter gebiede vir verbeterde arbeidsreëlings, word dus hier baie duidelik onderstreep. Ten derde was die doel met hierdie rade dat hulle behuising in die tuislande op agentskapsbasis namens die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust sal voorsien. Op hierdie wyse sal die woningsnood in Blankegebiede verlig kan word.

Sover moontlik is gepoog om alle administrasiegebiede aan tuislande te laat grens (dit was uit die aard van die saak nie orals moontlik nie). Aangesien die uitbreiding van Bantoesake-inhuising in Blankegebiede van Staatsweë bevestig is, is die voorsiening van behuising in tuislande primêr van belang. Dit is 'n erkende feit dat goeie huisvesting gesonde gesinsbou stimuleer en dat gesonde gesinne die fondament van 'n gesonde volk vorm. Daar is dan ook 'n hele paar van die rade soos die van Wes-Transvaal, die Vaaldriehoek en die Oosrand wat aktief by tuislandontwikkeling betrek is.

Wat die finansiering van Bantoesake-administrasie aanbetref, is daar baie duidelik en by herhaling gekonstateer dat die rade geen subsidiëring hoegenaamd van Tesourie moet verwag nie. Selfs indirekte subsidies soos onder andere die aankoop van goedere en toerusting deur middel van Staatstender word nie toegelaat nie. Die normale bronne van inkomste vir 'n Bantoesake-administrasieraad is onder andere die volgende:

- (i) Bantoebier- en Blankedrankwinste;
- (ii) bydraes ingevolge die Wet op Bydraes, 1972;
- (iii) lisensiëring van persele;
- (iv) huurgeld uit Bantoewoongebiede;
- (v) heffingsgelde;
- (vi) hofboetes;
- (vii) inkomste uit dienste-afdelings, naamlik elektrisiteit, water, sanitêre dienste, ensovoorts; en
- (viii) inkomste uit gemeenskapsdienste, soos sportterreine, swembaddens, sale, ensovoorts.

Volgens artikel 14 van die Wet op die administrasie van Bantoesake moet die rade se boeke geouditeer word deur die Kontroleur- en Ouditeur-generaal. Staatskoerant 4770 van 27 Junie 1975 (volume 120), Hoofstuk 2, bevat die Finansiële Regulasies waarvolgens finansiële aspekte van die rade hanteer moet word.

2.4.4 Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad

Aangesien hierdie ondersoek gebaseer is op die werksaamhede van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is dit noodsaaklik dat die samestelling en funksionering van hierdie raad van naderby beskou word.

By wyse van proklamasie no. 1445 van 18 Augustus 1972 is daar ooreenkomstig die bepalings van die Wet op die administrasie van Bantoesake, ¹⁾ 'n Bantoesake-administrasiegebied vir Wes-Transvaal ingestel wat soos volg omskryf is: ²⁾

- (a) in die provinsie Transvaal, die distrikte Bloemhof, Christiana, Coligny, Delareyville, Klerksdorp, Koster, Lichtenburg, Marico, Oberholzer, Potchefstroom, Schweizer-Reneke, Swartruggens, Ventersdorp, Wolmaransstad; en
- (b) in die provinsie Kaap die Goeie Hoop, in die distrik Mafeking - Mafekingdorp en -dorpsgrond Grl-18, en die plase Roslin, Maf. Q3-31, Drumard Maf. Q2-23, Knowle Park Maf. Q2-22, Trumpeters Post Maf. 2-26, Oak Lands Maf. Q2-27, Bugler's Post Maf. Q2-29, Hartbeest Laagte Maf. Q2-30,

1) Wet no. 45 van 1971.

2) Sien Figuur 2/3 wat die gebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad duidelik aantoon.

Sunnyside Maf. Q2-31, Weldon Maf. Q2-32,
 Fairview Maf. Q2-33, Thorn Dale Maf.
 Q2-34, Lucy Dale Maf. Q2-16, Good Hope
 Maf. Q2-17, Bellevue Maf. Q2-35, Victoria
 Maf. Q2-18, Sanric Maf. Q2-19, Fresh
 Water Maf. Q2-13, Hell Gate Maf. Q2-14,
 Union Jack Maf. Q2-15, Devondale Maf.
 Q2-1, Lolga Maf. Q2-2, Spring Valley Maf.
 F3-1 en Rooigrond Gr28/1915. ¹⁾

Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasie=
 raad het amptelik in werking getree op 1 Oktober
 1972. Dit bestaan tans uit 'n voorsitter en 33 lede
 wat 'n Bantoebevolking van 786 826 siele se belange
 in Blankegebied administreer. Die bevolking is
 soos volg versprei:

(i) voorgeskrewe gebied	167 874
(ii) nie voorgeskrewe gebied	481 023
(iii) myne	137 929
	<u>786 826</u>

Die etniese samestelling van die bevolking
 binne die regsgebied van die raad word soos volg
 bereken:

1) Proklamasie 1445 van 18 Augustus 1972.

Tswana	72%
Xhosa	11%
Suid-Sotho	9%
Ander	8%

Die raad beskik oor 'n Blanke-amptenary wat organisatories soos volg ingedeel is:

Departement van die Hoofdirekteur;
 Departement van die Streeksdirekteur Potchef=stroom (arbeid en behuising);
 Departement van die Streeksdirekteur Klerks=dorp (arbeid en behuising);
 Departement van die Streeksdirekteur Lichten=burg (arbeid en behuising);
 Departement Administrasie;
 Departement Finansies;
 Departement Handelsprojekte; en
 Departement Tegniese Dienste.

Figuur 2/10 toon die organisatoriese raamwerk waarbinne die raad sy werksaamhede volvoer.

1. Die raad beskik in terme van artikel 7(1) van die Wet ¹⁾ oor 'n uitvoerende komitee waar die voorsitter van die raad ook optree as voorsitter van die uitvoerende komitee. Die uitvoerende komitee bestaan uit 7 lede wat ongeveer 2 keer per maand vergader terwyl die raad slegs een keer elke 2 maande vergader. Die uitvoerende komitee het

1) Wet 45 van 1971.

baie wye magte - so wyd dat selfs die raad nie 'n besluit van die uitvoerende komitee ongeldig mag verklaar nie maar dit slegs mag hersien vanaf die betrokke datum waarop die raadsvergadering plaasvind waarop die hersiening van 'n uitvoerende komitee-besluit behandel word. Artikel 7(2)b van die Wet op die administrasie van Bantoesake stel hierdie aangeleentheid baie pertinent soos volg:

"(b) stappe deur sodanige uitvoerende komitee gedoen of 'n besluit deur hom geneem, onderworpe is aan hersiening op die eersvolgende vergadering van sy raad, maar sonder om afbreuk te doen aan die geldigheid van enigiets voor sodanige hersiening deur of op gesag van sodanige uitvoerende komitee wettiglik gedoen, of aan 'n reg, voorreg, verpligting of aanspreeklikheid wat op die datum van sodanige hersiening reeds uit hoofde van enigiets aldus gedoen, verkry, opgeloopt of aangegaan is."

2. Die raad se amptenary is funksioneel soos volg ingedeel: een Hoofdirekteur en een Adjunkhoofdirekteur en sewe Direkteure wat elk aan die hoof van een departement staan. Die Direkteure is verantwoordelik aan die Hoofdirekteur en tree op as sy assistente.

(a) Die Hoofdirekteur

Ingevolge artikel 10(15) van die Wet op die administrasie van Bantoesake stel die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling 'n Hoofdirekteur aan met die volgende funksies:

- (i) hy is die raad se hoof-uitvoerende beampte;
- (ii) hy is as statutêre amptenaar direk aan die Minister verantwoordelik;
- (iii) hy tree op as skakelbeampte tussen die raad en die amptenary;
- (iv) hy is die raad se skakelamptenaar na buite, dit wil sê na byvoorbeeld Staatsdepartemente, tuislande, die die publiek en ander organisasies; en
- (v) die Hoofdirekteur is verder 'n gelysensieerde amptenaar in terme van artikel 22 van Wet 25 van 1945.

(b) Die Adjunk-hoofdirekteur

Hierdie amptenaar staan die Hoofdirekteur by in die uitvoering van sy pligte. Hy neem waar in die plek van die Hoofdirekteur wanneer laasgenoemde nie beskikbaar is nie en hy is spesifiek belas met die koördinering van die raad se werksaamhede ten opsigte van Bantoe-arbeids- en Bantoe-behuisingsaangeleenthede.

(c) Die Streeksdirekteure (arbeid en behuising)

Weens die geografiese uitgestrektheid van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad se gebied is die gebied in 3 streke onderverdeel soos duidelik op Figuur 2/11 aangetoon word. Aan die hoof van elke streek is daar 'n Streeksdirekteur, elkeen met sy eie streekshoofkantoor naamlik, een by Potchefstroom, een by Klerksdorp en een by Lichtenburg. Elke Streeksdirekteur hanteer hoofsaaklik arbeid- en behuisingsaangeleenthede in sy streek asook kleinere instandhoudingswerke binne die Bantoewoongebiede in sy streek.


(d) Die Departement Administrasie

Onder die leiding van die Direkteur Administrasie behartig hierdie departement die volgende pligte:

- (i) sekretariële pligte, naamlik die uitstuur van sakelyste, die opstel van notules, die reël van vergaderings, ensovoorts;
- (ii) koördinerende pligte wat behels die koördinasie van die interne funksionering van die raad se bedrywighede;
- (iii) personeelaangeleenthede soos behartig deur die afdeling personeelsake; en
- (iv) administratiewe pligte soos die hantering van algemene administra=

Figuur 2 / 11

WES-TRANSWAALSE BANTOESAKE - ADMINISTRASIERAAD REGSGEBIED - STREEKSVERDELING



tiewe werk, die hantering van korrespondensie, die hantering van die raad se argiefstelsel, die aanvra van tenders, ensovoorts.

(e) Die Departement Finansies

Onder toesig van die Direkteur Finansies verrig hierdie departement sy funksies in ooreenstemming met die bepalings van die Finansiële Regulasies soos afgekondig onder Goewermentskennisgewing R.1227 van 27 Junie 1975. Die departement bestaan uit 'n inkomste- en uitgaweafdeling, 'n ouditafdeling en 'n eie afdeling vir administratiewe aangeleenthede.

(f) Die Departement Handelsprojekte

Hierdie departement, onder toesig van die Direkteur Handelsprojekte, is verantwoordelik vir die produksie, verspreiding en verkoop van Bantoebier. Dit koop en verkoop ook ander dranksoorte bekend as Blankedrank. Die departement het 23 hoofafsetpunte vanwaar bier en drank na 41 mynafsetpunte, 58 privaatdrankwinkels en 180 gelisensieerde plaaswinkels versprei word. Die raad beoog die oprigting van hotelle, restaurante en moderne biersale in die nabye toekoms wat ook deur hierdie departement beheer sal word.

(g) Die Departement Tegnieese Dienste ¹⁾
Hierdie departement, onder leiding van die Direkteur Tegnieese Dienste wat byge= staan word deur die Assistent-direkteur Tegnieese Dienste, ²⁾ is by uitstek 'n diensdepartement. Dit is soos volg onder= verdeel in afdelings wat die volgende funksies vervul:


- (i) elektrotegniese afdeling - dit hou bestaande elektriese stelsels en netwerke instand en is verantwoorde= lik vir die konstruksie van nuwe netwerke;
- (ii) meganiese afdeling - dit hou al die raad se voertuie, biervragmotors, swaarmasjinerie en ander meganiese toerusting in stand;
- (iii) administratiewe afdeling vir die hantering van die departement se eie administratiewe werk;
- (iv) siviele ontwerp- en beplannings afdeling wat alle opmetings-, ont= werp- en tekenwerk behartig ten opsigte van siviele dienste in die Bantoewoongebiede;
- (v) argitektoniese afdeling wat verant=

1) Sien Postestruktuur, naamlik Figuur no. 2/12.

2) Albei poste word deur professionele ingenieurs beklee.

FIGUUR 2/12

POSTESTRUKTUUR - DEPARTEMENT TEGNIESE DIENSTE



woordelik is vir die beplanning en opstel van werkstekeninge vir alle geboue binne die Raad se regsgebied; en

- (vi) Sivielewerke afdeling wat verantwoordelik is vir die uitvoering van alle siviele-konstruksie- en onderhouds-werk. Die konstruksie van huise, hostelle, skole, ensovoorts word onder andere deur hierdie afdeling behartig.

2.5 Samevatting

Die Bantoe afkomstig van Sentraal-Afrika het in verskeie trekke suidwaarts beweeg om hul in hul nuwe tuislande te vestig. Die Tswana of Wes-Sotho wat hoofsaaklik in Wes-Transvaal aangetref word, het reeds so vroeg as 1600 hul huidige tuisgebiede beset. Stamoerloë en aanvallers uit ander Bantoebevolkings-groepe het hulle egter in die periode 1800 tot 1937 laat wegvlug uit hul tuisgebied en hulle het eers daarheen teruggekeer na die binnekoms van die Blanke in Wes-Transvaal; toe orde en vrede herstel is.

Bophuthatswana, die huidige Tswana-tuisland, is aangrensend aan Wes-Transvaal en bestaan (na konsolidasie) uit 6 verskillende eenhede. Slegs ongeveer 16% van die Tswanas woon tans in hul tuisland. Die res werk en woon in Blankegebied.

Die boustyl van die Bantoe is tradisioneel heel anders as wat dit vandag aangetref word. Die tradisionele statsuitleg van die Tswana bestaan uit 'n rangskikking van rondaweltipe hutte in 'n bepaalde patroon. Die Westerse beskawing het die Tswana-hut egter vervang met 'n reghoekige meervertrekhuis geskoei op Blankeboustyl. Moderne Westerse wonings word op sommige plekke deur Bantoes self opgerig.

Die administrasie van Bantoeaangeleenthede in Blankegebied het aanvanklik berus by ongeveer 400 plaaslike besture en buitestedelike rade. Probleme het egter ontstaan en die Sentrale Regering, wat steeds die beleidbepaler ten opsigte van Bantoesake bly, het opdrag gegee dat 'n alternatiewe metode van administrasie van Bantoeaangeleenthede in Blankegebiede gevind moes word. Na 'n deeglike ondersoek is die Wet op die administrasie van Bantoesake as Wet no.45 van 1971 in die Staatskoerant gepubliseer. Hierdie wet maak voorsiening vir die beter administrasie van Bantoesake in Blankegebiede. Dit maak voorsiening vir die instelling van Bantoesake-administrasierade as verlengstuk van die Sentrale Regering om die Bantoeaangeleenthede buite Bantoe-tuislande te behartig en te administreer.

Twee-en-twintig Bantoesake-administrasierade is ingestel waaronder alle Bantoes buite Bantoe-tuislande ingedeel is. Hierdie rade beskik oor 'n amptenary onder leiding van 'n Hoofdirekteur as hoof-uitvoerende beampte om staatsbeleid ten opsigte van die Bantoe in Blankegebiede uit te voer.

So is die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad dus op 18 Augustus 1972 in die lewe geroep met hoofkantoor te Potchefstroom om die Bantoeaanleenthede in die Blankegebied van Wes-Transvaal te behartig en te administreer.

Hierdie liggaam is dus as beherende outoriteit ook verantwoordelik vir behuisingsvoorsiening aan die Bantoe in Wes-Transvaal.

HOOFSTUK 3

BANTOEBEHUISING: VRAAG EN AANBOD

3.1 Inleiding

Behuising, een van die primêre behoeftes van die mens, hang tot 'n groot mate saam met ander faktore soos beskawingspeil, finansiële vermoë, gesinsgrootte en status.

Vanaf die grot en windskerf van die nomadiese Boesman-gemeenskap tot by die mees gesofistikeerde Westerse woning strek 'n wye spektrum van verskillende tipes wooneenhede waaruit 'n bepaalde individu, afhange van sy persoonlike behoeftes en vermoëns, vir hom 'n besondere keuse kan maak.

Met inagneming van die beskikbare behuising in die studiegebied, is 'n spektrum bepaal waaruit die Wes-Transvaalse Bantoe (teoreties) sy behoefte kan bevredig. Hierdie spektrum strek vanaf die eenvertrek-tradisionele rondawelhut tot by die meer moderne ses- tot agtvertrek-Westerse woning wat in sommige woongebiede en dorpe aangetref word.

In Figuur 3/1 is skematies aangetoon uit watter verskillende wooneenhede die Bantoe in die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad se gebied sy behoefte kan bevredig.

Hierdie spektrum strek vanaf die eenvertrekwooning wat tradisioneel of selfs (ongelukkig), in sommige gevalle, deur plaaslike besture of die

Figuur 3/1

BEHUISINGSPEKTRUM VIR DIE BANTOE IN WES-TRANSCVAAL



EENVERTREKHUT



HOSTEL



TWEEVERTREKHUIS



WOONSTELLE
(Toekomsig)



DRIEVERTREKHUIS



SKARELHUIS




VIERTREK 51/8



WOSHUISE
(Toekomsig)



VIERTREK 51/9 met badkamer en W.C.



MODERNE WESTERSE HUIS

Sentrale Regering opgerig is, tot by die moderne meervertrek- Westerse woning. Woonstelle en tros= huise word as toekomstige behuisingsmoontlikhede in Figuur 3/1 aangetoon. Met inagneming van die relatief beperkte hoeveelheid grond beskikbaar vir stedelike woongebiedontwikkeling, is dit slegs logies dat daar in terme van hoëdigtheidsbehuising vir die Bantoe gedink moet word. Uit 'n opname wat in die studegebied gedoen is, is daar ook bevind dat die Bantoe se afkeer aan hoëdigtheidsbehuising nie meer so pertinent in die jonger geslag teenwoordig is nie. Dit is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die jonger Bantoevroue gekondisioneerde geraak het ten opsigte van woonstelbewoning as gevolg van die feit" dat hulle as huisbediendes in woonstelgeboue werksaam is. Daar is selfs gevalle waar woonstelle beslis as statussimbool beskou word. In 'n besoek aan die Bantoe dorp by Witsieshoek in die tuisland Basoeto Qwa Qwa is daar gevind dat woonstelbewoning aldaar beslis 'n prestige-waarde besit. As gevolg van 'n tekort aan voldoende grond vir dorpsgebiedontwikkeling moes daar noodwendig woonstelle te Witsieshoek opgerig word en dit is sonder meer deur die Bantoe as wonings aanvaar.

Troshuise as sodanig word ook as 'n behuisingsmoontlikheid vir die Bantoe gesien. Die weerstand teen troshuise behoort in elk geval van meet af baie laer te wees as teen woonstelbewoning. 'n Troshuis-skema kan so beplan word dat privaatheid en individuele agterplase vir elke gesin moontlik kan wees.

Ryhuise as sodanig word besluis nie aanbeveel as 'n metode van behuising vir Bantoes nie.

Teoreties gesproke staan dit die Bantoe dus vry om, afhangende van sy finansiële posisie en sy bepaalde behoeftes, vir hom 'n woning na sy eie keuse te kan bekom. As gevolg van die huidige oorbewoning van Bantoewoongebiede in Blankegebied moet baie gesinne egter tans tevrede wees met dit wat beskikbaar is en het hulle geen keuse ten opsigte van die tipe woning wat hulle sou verlang nie.


Indien die behuisingsbehoefte van 'n enkele gesin verder ontleed word, sal gevind word dat, soos die gesin se inkomste en grootte groei, die vraag na groter vloeroppervlakte toeneem vanaf 'n eenvertrekwoning na 'n meervertrekwoning. In die praktyk getuig die talle gevalle van onooglike sink- en soöiaanbouings by bestaande wonings baie duidelik hiervan. Weens die feit dat 'n groter vloeroppervlakte vir bewoning verlang word (en nie wettiglik en ooglik verkry kan word nie), word daar met elke moontlik denkbare middel by bestaande huise aangebou. Voorbeelde van sink-, sooi-, houtaanbouings en selfs aanbouings wat bestaan uit plastiese kunsmisakke, motorwrakke, ensovoorts word dikwels aangetref.

Figuur 3/2 toon die teoretiese behuisingsiklus van 'n enkele gesin aan. ¹⁾ Die Bantoe se huisgesin

1) Verwerk uit Calderwood, D.M. Principles of mass housing. Johannesburg, Cape and Transvaal Printers, 1964. p.41.

Figuur 3/2

DIE BEHUISINGSIKLUS (VRAAG) VAN 'N ENKELE GESIN



en familiesamestelling verskil prakties heelwat van dié van die Blanke, dog die beginsel van 'n groter leefruimte in die middel van die betrokke gesinsleeftyd met afname later aan, kan as vanselfsprekend ten opsigte van alle bevolkingsgroepe aanvaar word. Met behulp van Vraeboog 3 ¹⁾ en Vraeboog 4 ²⁾ is gepoog om vas te stel wat die werklike behoefte aan behuising by die Bantoe self is. Die resultate van hierdie ondersoek word later in hierdie hoofstuk behandel.

3.2 Teorie van Vraag en Aanbod

Die produksie van wonings en enkelkwartierhuisvesting vir die Bantoe is afhanklik van verskeie faktore; wat hierna gerieflikheidshalwe "Behuisingsfaktore" genoem sal word.

Die belangrikste behuisingsfaktore kan soos volg onderskei word:

- (i) 'n positiewe vraag na behuising;
- (ii) goedkeuring van staatsweë vir die daarstelling van behuising;
- (iii) 'n ondernemer wat die produksieproses kan aktiveer en in stand hou;
- (iv) beskikbare grond vir behuising;

1) Sien Bylaag C.

2) Sien Bylaag D.

- (v) beskikbare boumateriaal;
- (vi) beskikbare arbeid;
- (vii) beskikbare of bekombare kapitaal;
- (viii) beskikbare dienste;
- (ix) beplanning en ontwerpverskeidenheid;
- (x) kommunikasiefasiliteite; en
- (xi) gemeenskapsdienste.

Elkeen van die behuisingsfaktore word vervolgens in detail bespreek:

3.3 Behuisingsfaktore

3.3.1 Positiewe vraag na behuising

Die behoefte aan of vraag na behuising bepaal die voorsiening daarvan. In 'n vryemarksituasie geld die volgende drie wette van Vraag en Aanbod: ¹⁾

- (a) Hoe laer die prys, hoe groter is die hoeveelheid wat verlang word;
- (b) Hoe hoër die prys, hoe groter is die hoeveelheid wat aangebied word; en
- (c) Waar vraag gelyk is aan aanbod lê die ewewigsprys.

Ongelukkig het Bantoesake-administrasierade en meer in besonder die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, nie te make met 'n vryemarksituasie nie. Van 'n prysmeganisme is daar dus ook geen sprake

1) Hanson, J.L. A Textbook of economics. Lonson, Macdonald + Evans Ltd., 1966. p.154 - p.195.

nie. Die Bantoe kan geen grond besit in Blankegebied nie en sedert 1967 is die uitbreiding van woongeriewe, met uitsondering van enkelkwartiere, in stedelike Bantoewoongebiede van owerheidsweë bevestig.

Met die aankondiging van die Staat se voorgenome huurpagstelsel sal Bantoes in Blankegebied waarskynlik weer onder sekere voorwaardes toegelaat word om grond op 'n langtermynbasis te huur en om self 'n woning, wat dan deur die Bantoe besit word, daarop op te rig. Onder sekere voorwaardes sal die huiseienaar dan ook weer sy woning van die hand kan sit wat daarop neerkom dat 'n vryemarksituasie in die beperkte vorm heringestel sal word. Detailbesonderhede in hierdie verband is tot op datum nog nie deur die Minister beskikbaar gestel nie. Daar kan egter verwag word dat toestemming om in Blankegebied 'n woning op te rig, gekoppel sal wees aan die besit van 'n burgerskapsertifikaat van 'n tuisland.

Binne die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad bly die entiteit Bantoe wonings dus staties terwyl die bevolking aanwas teen 'n tempo ¹⁾ van ongeveer 2,87% (1975) tot 3,06% (1990). Die buiteaanvraag na wonings in stedelike Bantoe woongebiede word van owerheidsweë beheer deur

1) Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede, Kongresverrigtings (Pretoria) September 1974. Pretoria, V en R Drukkers, 1974. p.11.

instromingsbeheermaatreëls. Deur middel van kwalifikasievereistes soos gestel in bestaande wetgewing¹⁾ word die toekenning van wonings in stedelike Bantoe-woongebiede beheer. Ekonomiese groei, verhoogde vraag na Bantoe-arbeid op nywerheidsgebied, natuurlike aanwas en die huidige oorbewoningsvraagstuk vereis dat daar weer eens met groot erns gekyk word na die werklike behuisingstoestand in bestaande stedelike Bantoe-woongebiede.

Tabel 3/1 weerspieël die behuisingstoestand binne die regsgebiede van die verskillende Bantoesake-administrasierade.

Volgens hierdie tabel, wat opgestel is na aanleiding van gegewens verkry uit die amptelike rekords van die 22 Bantoesake-administrasierade, is daar 'n totale Bantoebevolking van 4 224 261 siele woonagtig in 308 stedelike Bantoe-woongebiede in Blankegebied in die Republiek van Suid-Afrika. Vir huisvesting van bogemelde Bantoes is daar in totaal 465 940 huise en 362 035 hostelbeddens beskikbaar. Indien aangeneem word dat die hostelbeddens ten volle beset is, gee 'n verwerking van bogemelde syfers 'n gemiddelde inwonertal van 8,289 per woning vir die stedelike woongebiede in Blankegebied in Suid-Afrika. Hierdie syfer is onrusbarend hoog, veral as in ag geneem word dat van bogemelde wonings 'n groot persentasie slegs twee vertrekke bevat.

1) Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet. Wet no. 25 van 1945 met Regulasies.

TABEL 3/1

BEHUISINGSSTOESTAND IN BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE SE GEBIEDE

BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD VIR :	TOTALE BANTOE BEVOLKING IN WOONGEBIEDE	TOTALE AANTAL STEDELIJKE BANTOEWOONGEBIEDE	TOTALE AANTAL HUISE IN WOONGEBIEDE	TOTALE AANTAL HOSTELBEDDENS IN WOONGEBIEDE	TEKORT AAN HUISE IN WOONGEBIEDE	TEKORT AAN HOSTELBEDDENS IN WOONGEBIEDE
Sentraal-Transvaal	201 424	5	25 311	22 795	13 700	41 800
Noord-Transvaal	36 077	8	3 506	2 478	250	8 016
Hoëveld	73 350	10	6 636	13 250	2 000	3 200
Oos-Transvaal	56 346	13	6 185	3 096	200	920
Suid-Transvaal	74 180	13	8 112	1 7999	570	1 000
Mesrand	914 000	6	108 673	65 267	7 790	14 118
Oosrand	552 655	14	71 631	94 577	13 068	15 508
Mes-Transvaal	158 681	26	17 326	9 558	5 716	5 411
Vaaldrivhoeke	172 000	6	27 773	26 554	8 900	8 000
Suid-O.V.S.	164 447	20	23 185	5 896	5 000	6 000
Midde-O.V.S.	118 265	25	23 587	7 622	3 080	3 104
Noord-O.V.S.	174 025	25	19 060	1 992	9 020	3 641
Noord-Natal	28 701	4	2 774	2 762	230	1 792
Drakensberg	76 532	11	7 850	10 724	950	1 000
Port Natal	607 000	13	18 880	32 185	5 000	42 500
Noord-Kaap	34 386	14	4 568	1 077	2 640	710
Diamantveld	107 061	15	11 554	1 388	3 046	2 450
Karoo	58 609	19	7 698	0	6 400	0
Kaap-Middel-lande	338 843	21	40 493	13 467	19 542	10 540
Oos-Kaap	128 335	28	19 702	995	2 000	4 900
Suidwes-Kaap	28 511	9	1 952	14 253	387	1 522
Skierieiland	120 833	3	9 484	30 300	1 000	2 000
TOTALE	4 224 261*	308	465 940	362 035	110 489	178 132

* Hierdie sluit Bantoes by myne (beide enkellopend en op gesinsgrondslag gehuisves) en plaasbantoe in Blanketeheerde gebiede uit.

Uit amptelike rekords bestaan daar na raming 'n Positiewe Vraag na ten minste 110 489 huise en 178 132 hostelbeddens in stedelike Bantoewoongebiede binne die regsgebiede van die 22 Bantoesake-administrasierade. Sentraal-Transvaal, Oostand, Wesrand, Port Natal en Kaap-Middellande beraam die grootste tekorte ten opsigte van hostelbeddens terwyl Sentraal-Transvaal, Oosrand, Vaal-Driehoek, Noord-Oranje-Vrystaat en Kaap-Middellande die grootste vraag na gesinshuisvesting beraam.

'n Opname ¹⁾ deur die W.N.N.R. in 1951 ten opsigte van die Bantoebehuisingssposisie in die Unie van Suid-Afrika het die volgende interessante gegewens getoon:

Bantoebevolking (sensussyfers)	2 305 086
aantal Bantoewonings in Unie beskikbaar vir bewoning deur die Bantoe	147 099
beraamde tekort aan wonings op 31 Desember 1951	167 328
geraamde tekort vir die periode 31 Desember 1951 tot 31 Desember 1961	185 813

In 1951 was daar dus 147 099 huise beskikbaar vir die Bantoe teenoor die 465 940 volgens Tabel 3/1 in 1975. Die stedelike Bantoebevolking het gegroei van 2 305 086 na 4 224 261 en die behuisingstekort

1) Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, Costs of Urban Bantu Housing. Pretoria, W.N.N.R. 1954. p.F3.

het afgeneem vanaf 167 328 in Desember 1951 tot 110 489 in Julie 1975.

Uit die ondersoek gedoen in Wes-Transvaal, is detailbesonderhede ten opsigte van die behuisings-toestand aldaar verkry. Gemelde besonderhede word in die volgende tabelle saamgevat:

- (i) Tabel 3/2
Aantal Bantoes in stedelike Bantoewoon-gebiede en Blankeagterplase in Wes-Transvaal.
- (ii) Tabel 3/3
Aantal wonings in die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasie-raad.
- (iii) Tabel 3/4
Aantal hostelbeddens in die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad.

3.3.1.1 Inwoners in stedelike Bantoewoongebiede in Wes-Transvaal

Die totale inwonertal in stedelike Bantoewoon-gebiede binne die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad beloop 158 681 siele. Hiervan is 47 035 mans, 40 575 vroue en 71 071 kinders. Die Tswana-bevolkingsgroep beslaan 'n sieletal van 102 354 wat dus 'n persentasie van 64,5% van die totale bevolking uitmaak. Die Bantoewoongebiede by Potchefstroom en Klerksdorp bevat

TABEL 3/2

AANTAL BANTOES IN STEDELIKE BANTOENOMGEBIED EN BLANKEAGTERPLASE IN WES-TRANSVAAL

STEDELIKE BANTOENOMGEBIED	BANTOEINWONERS IN BANTOEDORP / -WOONGEBIED					BANTOES WOONAGTIG IN BLANKE-DORP		
	MANS	VROUE	KINDERS	TOTAAL	TSMANA	METTIG	ONMETTIG (GESKAT)	TOTAAL
Fochville	651	491	1 058	2 200	1 646	374	20	394
Koster	962	897	2 537	4 396	3 763	3	2	5
Carletonville	5 022	3 210	9 206	17 438	7 334	1 379	120	1 499
Potchefstroom	6 450	7 798	17 220	31 468	26 052	396	40	436
Ventersdorp	845	883	1 167	2 895	2 562	88	70	158
Wolmaransstad	2 010	1 892	1 790	5 692	4 592	111	27	138
Klerksdorp	11 642	9 329	11 511	32 482	15 225	5 662	805	6 467
Stilfontein	3 060	1 799	3 839	8 698	2 712	501	127	628
Bloemhof	1 883	1 165	1 094	4 142	3 332	105	7	112
Orkney	2 769	2 030	3 714	8 513	3 364	850	284	1 134
Makessie	698	852	1 257	2 807	1 154	21	3	24
Hartbeesfontein	535	610	597	1 742	1 260	0	4	4
Laenderingstad	522	472	958	1 952	1 098	35	8	43
Delareyville	1 081	954	1 921	3 956	3 173	105	0	105
Christiana	1 158	1 327	1 560	4 045	3 529	311	50	361
Biesiesvlei	86	59	102	247	164	0	10	10
Lichtenburg	2 647	1 636	1 429	5 712	4 919	1 890	50	1 940
Coligny	663	803	1 577	3 043	2 550	33	10	43
Smatrugens	457	557	1 223	2 237	1 485	30	0	30
Ottosdal	588	443	1 060	2 091	1 406	78	5	83
Zeerust	1 004	896	2 522	4 422	4 348	662	10	672
Schweizer-Renake	1 735	1 931	2 696	6 362	5 304	56	10	66
Amalia	66	67	152	285	190	10	0	10
Glaudina	30	35	96	161	161	0	0	0
Sannieshof	447	439	785	1 671	1 007	45	0	45
Ottoshoop	24	0	0	24	24	0	0	0
	47 035	40 575	71 071	158 681	102 354	12 745	1 662	14 407

TABEL 3/3

AANTAL WONINGS IN GEBIED VAN WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

STEDELIKE BANTOEMOON- GEBIED	TIPE HUISE VERHUUR EN/OF VERKOOP					
	EENVERTREK	TWEEVERTREK	DRIEVERTREK	VIERTREK	ANDER	TOTAAL
Fochville	0	10	0	187	0	197
Koster	0	104	15	0	408	527
Carletonville	0	257	131	1 268	297	1 953
Potchefstroom	0	989	0	2 452	234	3 675
Ventersdorp	6	100	30	234	43	413
Wolmaransstad	5	40	79	411	25	560
Klerksdorp	0	1	405	2 111	420	2 937
Stilfontein	0	100	100	1 145	0	1 345
Bloemhof	0	0	100	416	0	516
Orkney	0	0	260	643	2	905
Makwassie	0	12	51	193	6	262
Hartbeesfontein	0	16	10	96	52	174
Leeudoringstad	20	130	160	3	0	313
Delareyville	7	49	46	149	78	329
Christiana	0	0	0	0	404	404
Biesiesvlei	0	6	9	4	0	19
Lichtenburg	0	106	110	200	3	419
Coligny	0	8	16	257	53	334
Swartruggens	0	70	62	0	146	278
Ottosdal	0	102	87	58	0	247
Zeerust	0	529	0	10	5	544
Schweizer- Reneke	0	0	0	0	742	742
Amalia	0	0	0	0	51	51
Gladina	0	0	0	0	20	20
Sannieshof	0	5	51	74	32	162
Ottoshoop	0	0	0	0	0	0
	38	2 634	1 722	9 911	3 021	17 326

* Huise omskep in enkelkwartiere is uitgesluit by bogemelde getalle.

TABEL 3/4

AANTAL HOSTELBEDDEKS IN GEBIED VAN WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIE RAAD

STEDELIKE BANTOEDONGEBIED	BESKIKBAAR			TEKORT
	MANS	VROUE	TOTAAL	
Fochville	256	0	256	350
Koster	0	0	0	50
Carletonville	768	0	768	1 400
Potchefstroom	1 395	0	1 395	640
Ventersdorp	80	0	80	100
Molmanskstad	0	0	0	0
Klerksdorp	2 704	0	2 704	1 216
Stilfontein	1 200	0	1 200	0
Bloemhof	0	0	0	200
Orkney	656	0	656	800
Makwassie	0	0	0	40
Hartbeesfontein	0	0	0	200
Leeudoringstad	0	0	0	90
Delareyville	672	0	672	0
Christiana	50	0	50	200
Biesiesvlei	20	0	20	0
Lichtenburg	1 500	0	1 500	0
Coligny	8	0	8	0
Swartruggens	0	0	0	0
Ottosdal	60	0	60	0
Zeerust	150	0	153	0
Schweizer-Reneke	0	0	0	0
Amelia	0	0	0	0
Glaudina	0	0	0	25
Sannieshof	12	0	12	100
Ottoshoop	24	0	24	0
	9 555	0	9 558	5 411

elk 'n bevolking van meer as 30 000 terwyl Carletonville se stedelike Bantoewoongebied 'n totale bevolking van 17 438 het.

Daar is gevind dat die aantal Bantoes wat op gelisensieerde persele in Blankewoongebiede in Wes-Transvaal oornag, in totaal 12 745 beloop. Die grootste persentasie hiervan word in Klerksdorp aangetref (5 662).

Sluipslapers in die gebied onder bespreking word op 'n totaal van 1 662 beraam en weer eens is dit Klerksdorp wat oor die grootste aantal (805) beskik.

Dit is dus duidelik dat ernstige behuisingsprobleme in die stedelike Bantoewoongebied van Klerksdorp bestaan.

3.3.1.2 Aantal wonings in die gebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad

Tabel 3/3 gee 'n detailontleding van die verspreiding van wonings en hostelbeddens in die 26 stedelike Bantoewoongebiede onder beheer van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad.

Ventersdorp, Wolmaransstad, Leeudoringstad en Delareyville besit saam 38 eenvertrekwonings. Die meeste hiervan is gebou wat deur die Bantoe self opgerig is in die periode voor 1967 toe huiseienaars toegelaat was om verbeterings op eie koste op huurpersele aan te bring.

'n Totaal van 2 634 tweevertrekwonings wat 'n persentasie van 15,2% van die totale aantal wonings in die gebied uitmaak, word aangetref. Daar word tans beplan om hierdie wonings stelselmatig te omskep in viervertrekwonings ten einde meer leefruimte aan die bewoners daarvan te bied.

Drievertrekwonings maak 'n persentasie van 9,94% van die totale aantal wonings in Wes-Transvaal uit terwyl die bekende viervertrekwoning in totaal 57,2% van die wonings binne die raad se regsgebied uitmaak. Daar is egter gevind dat selfs die viervertrekhuis nie aan die Bantoe se behoeftes voldoen nie en dat 'n positiewe vraag na groter behuising dwarsdeur die gebied ondervind word.

Selbou- en groter huise as die viervertrek maak 1,74% van die totale aantal huise in Bantoe-woongebiede in Wes-Transvaal uit.

Daar is binne die raad se regsgebied ook 'n groot persentasie huise wat omskep is in enkelkwartiere. Hierdie getal is uitgesluit by die totale soos opgesom in Tabel 3/3.

Om dus kortliks saam te vat, is die huisverspreiding, persentasiegewys gesien, in die Bantoe-woongebiede in Wes-Transvaal, soos volg:

viervertrekwonings	57,2%
tweevertrekwonings	15,2%
drievertrekwonings	9,94%

Die Bantoewoongebied by Potchefstroom beskik oor die meeste wonings naamlik 3 675 terwyl Klerksdorp 2 937 wonings en Carletonville 1 953 wonings bevat. Ottoshoop beskik slegs oor enkelkwartiergeriewe.

3.3.1.3 Hostelbeddens in die gebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad

Tabel 3/4 gee 'n ontleding ten opsigte van enkelkwartiergeriewe in Blankegebied in Wes-Transvaal.

In totaal voorsien die raad 9 558 beddens in hostelle binne sy regsgebied. Daar word beraam dat daar 'n tekort aan 5 411 beddens binne die stedelike Bantoewoongebiede in Wes-Transvaal bestaan.

Fondse om in hierdie behoefte te voorsien, is geredelik bekombaar en daar kan verwag word dat die tekort aan enkelkwartierhuisvesting binne die volgende aantal jare beslis uitgewis behoort te word.

Algemeen gesproke benodig die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad ongeveer R13 miljoen om slegs sy onmiddellike behuisingstekort uit te wis (sonder om enigsins voorsiening vir bevolkingsaanwas te maak).

3.3.2 Goedkeuring van staatsweë vir die daarstelling van behuising

Van owerheidsweë is daar geen beswaar teen die oprigting van enkelkwartiere vir huisvesting van enkellopendes binne stedelike Bantoewoongebiede waar

die vraag daarvoor bestaan nie. Dit is egter die beleid van die huidige Regering dat gesinshuisvesting by voorkeur in die tuislande verskaf moet word. In sommige gevalle waar daar meriete bestaan, word die oprigting van getroudekwartiere binne stedelike Bantoe-woongebiede egter ook goedgekeur.

Met die aankondiging van overheidsweë in verband met die voorgestelde huurpagstelsel, die verslapping ten opsigte van gesinsbehuising vir Bantoe-mynwerkers en die goedkeuring ¹⁾ dat laasgenoemde gesinshuisvesting binne stedelike Bantoe-woongebiede mag opgerig word, kan 'n sekere kleinere groei van sommige Bantoe-woongebiede wel verwag word. In Wes-Transvaal is 'n myngroep alreeds besig om 24 huise te Kanana (Orkney-stedelike Bantoe-woongebied) op te rig terwyl hulle aansoek om die oprigting van 'n verdere 1 000 huise in dieselfde woongebied, tans onder oorweging is. 'n Aansoek vir die oprigting van huise vir mynwerkers te Khuma (Stilfontein-stedelike Bantoe-woongebied) word ook tans oorweeg terwyl die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad self besig is om in Ikageleng (stedelike Bantoe-woongebied, Zeerust) huise vir die Marico-Fluorspar-myngroep op te rig.

Die feitelike posisie by die oprig van woonhuise in stedelike Bantoe-woongebiede is soos volg:

1) Onderworpe aan sekere voorwaardes soos opgelê deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

Die betrokke instansie (myn, fabriek, ensovoorts) rig die huise ten volle op hulle rekening op, voorsien alle dienste en maak 'n bydrae tot gemeenskapsfasiliteite in die betrokke Bantoe woonbuurt. Die huise of enkelkwartiere word dan kosteloos oorgedra aan die betrokke Bantoesake-administrasieraad met die voorbehoud dat slegs werknemers van die betrokke instansie daarin gehuisves mag word vir solank as wat hulle dit nodig mag vind. 'n Verminderde huurgeld word gehef as gevolg van die feit dat die betrokke instansie tot die dienstevoorsiening van die woongebied bygedra het.

In die tuisland Bophuthatswana is die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad tans besig met die oprigting van huise teen 'n tempo wat wissel van 200 tot 500 per jaar. Hierdie ontwikkeling word gedoen in die dorp Itsoseng waar die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad as agent vir die Suid-Afrikaanse Bantoe trust jaarliks 'n bedrag wat wissel van R1 miljoen tot R1,5 miljoen, bestee. 'n Totaal van 1 165 huise is alreeds so opgerig terwyl daar nog tussen 3 000 en 4 000 huise opgerig moet word. ¹⁾

Die tuislandregering van Bophuthatswana is self ook besig met die oprigting van huise in ander tuislanddorpe terwyl ander Bantoesake-administrasierade ontwikkelingswerk verrig namens die Suid-Afrikaanse

1) Word volledig in Hoofstuk 6 bespreek.

Bantoetrust by enkele ander tuislanddorpe soos Mabopani, Soshanguve, ensovoorts. Tabel 3/5 gee 'n aanduiding tot watter mate Bantoesake-administrasie-rade by tuislandontwikkeling, betrokke is.

Uit die 22 Bantoesake-administrasierade is 10 rade dus by tuislandontwikkeling betrokke terwyl 8 rade fisiese ontwikkeling in tuislande onderneem as agente vir die Suid-Afrikaanse Bantoetrust. Hierdie ontwikkeling behels in totaal die oprigting van ongeveer 100 000 huise en 10 600 hostelbeddens. Hierby moet natuurlik gemeld word dat die betrokke tuislandregerings op eie stoom ook besig is met ontwikkeling binne hul grense. Laasgenoemde is nie by die totale in Tabel 3/5 ingesluit nie.

Wat enkelkwartierhuisvesting betref, is die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad tans besig met die oprigting van hostelle vir ongeveer 700 Bantoemans te Delareyville, 1 000 Bantoemans te Klerksdorp, 32 Bantoevroue te Potchefstroom, terwyl 'n mynkampong wat huisvesting sal bied aan ongeveer 2 000 Bantoemans te Klerksdorp, so pas aangekoop is.

Opsommender gewys kan dus gesê word dat die behuisingsfaktor "Goedkeuring van owerheidsweë" wel bestaan ten opsigte van enkelkwartierbehuising en in merietegevalle ook ten opsigte van gesinskwartierbehuising in Blankegebied.

'n Faktor wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is die feit dat daar wel 'n onrusbarende agterstand in gesinsbehuising vir Bantoes in Blankegebied bestaan. Met die huidige beperkende maatreëls

TABEL 3/5

BETROKKEHEID VAN BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE BY TUISLANDONTWIKKELING

BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD	IS RAAD BETROKKE BY TUISLANDONTWIKKELING	AANTAL HUISE EN HOSTELBEDDENS WAT IN TUISLAND OPGERIG WORD	
01. Sentraal-Transvaal	Ja	15 000 huise	10 000 h. beddens
02. Noord-Transvaal	Nee	-----	-----
03. Hoëveld	Ja	20 huise	-----
04. Oos-Transvaal	Ja	1 800 huise	600 h. beddens
05. Suid-Transvaal	Nee	-----	-----
06. Wesrand	Nee	-----	-----
07. Oosrand	Ja	70 000 huise	-----
08. Wes-Transvaal	Ja	5 000 huise	-----
09. Vaaldriehoek	Ja	4 000 huise	-----
10. Suid-O.V.S.	Nee	-----	-----
11. Midde-O.V.S.	Ja	Saam met Vaaldriehoek	
12. Noord-O.V.S.	Ja	Saam met Vaaldriehoek	
13. Noord-Natal	Nee	-----	-----
14. Drakensberg	Ja	400 huise	-----
15. Port Natal	Ja	10 000 huise (beplan)	-----
16. Noord-Kaap	Nee	-----	-----
17. Diamantveld	Nee	-----	-----
18. Karoo	Nee	-----	-----
19. Kaapse Middellande	Nee	-----	-----
20. Oos-Kaap	Nee	-----	-----
21. Suidwes-Kaap	Nee	-----	-----
22. Skiereiland	Nee	-----	-----
22 x Rade	10 x Ja	106 220 huise	10 600 hostelbeddens

kan hierdie behuisingstekort nie uitgewis word terwyl tuislandontwikkeling nie vinnig genoeg geskied om behuising aldaar moontlik te maak nie. Die afwesigheid van snelvervoer maak behuising in tuislande, wat ver van Blankearbeidsmarkte geleë is, ook onrealisties en onaanvaarbaar vir die Bantoe. Dit het tyd geword dat daar ernstig besin word oor die voorsiening van tuislandbhuising met gepaardgaande snelvervoermiddels teen 'n baie groter tempo sover dit Wes-Transvaal betref. As alternatief moet gedink word aan die voorsiening van geskikte en genoegsame gesinshuisvesting in Blankegebied om die bestaande behuisingstekort uit te wis en vir bevolkingsaanwas voorsiening te maak.

Dit is jammer dat die ontwikkeling van 'n tuislanddorp soos Atamelang tydelik bevries is, blykbaar weens 'n gebrek aan fondse, terwyl 'n stedelike Bantoe-woon gebied soos Delareyville (3 956 inwoners) bereid is om vrywillig daarheen te verskuif.

3.3.3 'n Ondernemer (Entrepreneur) wat die produksieproses kan aktiveer en in stand hou

Afgesien van die onderskeie tuislandregerings wat behuising aldaar waarneem, tree sekere Bantoesake-administrasierade ook op as agente vir die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust in soverre dit die oprigting van huisvesting en die ontwikkeling van sekere tuislanddorpe aanbetref.

Soos alreeds gemeld, gee Tabel 3/5 'n duidelike indikatie van die betrokkenheid van Bantoesake-

administrasierade by tuislandontwikkeling.

Dit is vanselfsprekend dat elke Bantoesake-administrasieraad binne sy eie regsgebied optree as aktiveerder in soverre dit die oprigting van huise en enkelkwartiere betref. 'n Nuwe tendens wat besig is om koers te kry, is die oprigting van Bantoehuise vir en op rekening van Blankeboere. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasie was een van die eerste rade wat aktief begin het met die oprigting van huise vir plaaswerkers. Die eerste huise wat opgerig is vir hierdie doel, is opgerig in die streek Lichtenburg op die plaas Keerom van mnr. Paul van der Walt. 'n Totaal van 5 x 51/9-huise is vir hom opgerig teen 'n "tenderprys" van R1 200,00 per woning. 'n Formele ooreenkoms word met 'n boer aangegaan wat begerig is om huise deur middel van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad te laat oprig. Daar word ooreengekom dat die betrokke raad die huise vir hom sal oprig teen kosprys plus 10% bokoste. Die administrasieraad berei 'n volledige terreinplan voor wat die plasing van die woenings aantoon in oorleg met die begeerte van die betrokke plaaseienaar. Die boer het 'n keuse tussen die standaard NE51/6- of NE51/9-huisplanne waarvan die totale oprigtingskoste soos volg geraam word:

NE51/6: Totale prys R1 000,00

NE51/9: Totale prys R1 200,00

Bogemelde sluit nie items soos stowe, warmwaterinstallasies, verrottingstenks, stapelriole, en elektrisiteitsvoorsiening ten opsigte van die

wonings in nie. Dit kan ook deur die betrokke raad teen addisionele koste vir die boer aangebring word.

'n Spesiale bouspan vir elk van die drie streke¹⁾ is op die been gebring. 'n Totaal van ongeveer 300 huise per streek kan in 'n finansiële jaar gebou word.

Landboukoörrperasies het ook met 'n versoek vir die oprigting van huisvesting deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad gekom wat gunstig deur die raad oorweëg is.

'n Spesiale konstruksie-eenheid is tans besig met die oprigting en enkelkwartiere en gesinshuisvesting vir die Noorwes-Landboukoörrperasie (Lichtenburg) op dieselfde voorwaardes as waarvoor Bantoe-huise vir boere opgerig word.

3.3.4 Beskikbare grond vir behuising

By die instelling van die onderskeie Bantoesake-administrasierade was die gedagte dat alle geproklameerde Bantoewoongebiede in Blankegebied na die onderskeie rade oorgedra moet word. Sommige plaaslike owerhede het dan ook sonder huiwering afstand gedoen van die Bantoewoongebiede binne hul munisipale grense. Daar bestaan egter wel 'n aantal plaaslike owerhede wat weier om hul stedelike Bantoewoongebiede gratis aan die betrokke Bantoesake-

1) Klerksdorpstreek, Lichtenburgstreek, Potchefstroom- en Carletonvillestreek.

administrasierade oor te dra. Hierdie aangeleentheid word tans op hoë vlak ondersoek en daar kan verwag word dat, al sou 'n wetswysiging nodig blyk te wees, die betrokke stedelike Bantoe-woongebiede wel uiteindelik gratis aan die betrokke Bantoesake-administrasierade, binne wie se gebied dit ressorteer, oorgedra sal word.

Die beskikbaarheid van grond bepaal primêr die basiese uitvoerbaarheid van 'n dorpsaanleg- of behuisingskema. Met die beperkte grondoppervlaktes tot hul beskikking sal Bantoesake-administrasierade beslis moet begin dink in terme van hoërdigtheidsbehuising as wat tans die geval is.

Tydens die ondersoek is spesifiek ingegaan op die aanvaarbaarheid van hoërdigtheidsbehuising by die Bantoe. Sonder uitsondering was die ouer Bantoe daarteen gekant en die jongere Bantoe ontvanklik daarvoor. Aangesien beplanning wat op hierdie stadium gedoen word, meer direk betrekking het op die huidige jonger Bantoe-gesinslede, kan daar met vrymoedigheid gepleit word vir hoërdigtheidsbehuisingsfasiliteite soos byvoorbeeld woonstelle, troshuise en groepsbehuising.

Hoewel dit oënskynlik lyk asof grond as behuisingsfaktor gratis deur Bantoesake-administrasierade bekom is, is dit in der waarheid nie die geval nie. Die grondgebied waarop die betrokke stedelike Bantoe-woonbuurtes tans opgerig is, is wel in die verlede op die een of ander wyse uit 'n Bantoe-inkomsterekening of ander verbandhoudende fondse gefinansier.

By die keuse van grond of 'n terrein vir 'n nuwe stedelike Bantoevoorgebied is dit belangrik om faktore soos sonering, ligging met betrekking tot ander woon- en werkaktiwiteite, gesondheidsaspekte, (soos byvoorbeeld geraaspeil, heersende winde, nywerheidsafval ensovoorts) geografiese aspekte (soos byvoorbeeld dolomitiese gebiede), topografie, ensovoorts in ag te neem. ¹⁾ Hierdie taak word gewoonlik aan 'n gekwalifiseerde dorpsbeplanner opgedra. In die geval van herbouing van die stedelike Bantoevoorgebied te Christiana is die dorpsuitleg en -beplanning deur die Departement Tegniese Dienste van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad in samewerking met die Hoofbeplanner van die Departement van Gemeenskapsbou gedoen.

3.3.5 Beskikbare boumateriaal

Die Finansiële Regulasies soos afgekondig in Regulasiekoerant 2171 van 27 Junie 1975 ²⁾ bepaal die wyse waarop boumateriaal deur Bantoesake-administrasieraad aangekoop mag word. In kort gestel, kom dit daarop neer dat 'n departementshoof tot 'n bedrag van R2 000 materiaal mag aankoop indien hy twee prysopgawes (kwotasies) verkry het. Bo 'n bedrag van R2 000 moet kwotasies aan die uitvoerende komitee

-
- 1) Word in meer detail in Hoofstuk 4 bespreek.
 - 2) Regulasiekoerant 2171 volume 120 no. 4770. Pretoria, Staatsdrukker.

voorgelê word vir goedkeuring terwyl materiaalaan-
kope vir bedrae bo R5 000 by wyse van formele tender
moet geskied. By uitsondering mag 'n raad op meriete
besluit om betrokke materiaal nie op tenderbasis te
koop nie maar wel slegs by wyse van die voorlegging
van kwotasies. 1)

Die basiese materiaal waaruit 'n NE51/6- of
NE51/9-huis bestaan is sement, sand, klip, stene,
staalvensters, staaldeure, houtbalke en asbessement-
dakbekleding. Om koste te bespaar, word daar deur
die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad
gebruik gemaak van tuisgemaakte grond-/sementstene
in plaas van aangekoopte gebakte stene. 'n Besparing
van ongeveer R20 per 1 000 stene word op hierdie wyse
bewerkstellig.

3.3.6 Beskikbare arbeid

Die Blankepostestruktuur van die Departement
Tegniese Dienste is in Figuur 2/12 weergegee. Vir
die fisiese uitvoering van die bouwerk is daar 'n
afdeling siviele werke onder leiding van 'n inge-
nieurs-assistent (werke). Die regsgebied van die
Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is in
drie streke verdeel met streekskantore te Klerksdorp,
Lichtenburg en Potchefstroom. In bevel van elke

1) In dringende gevalle waar daar nie tyd is om
tenders aan te vra nie of in gevalle waar onder-
vinding geleer het dat tenders vir die betrokke
kommoditeit nie verkry kan word nie.

streekskantoor van die Departement Tegniese Dienste staan 'n streeksbestuurder bygestaan deur 'n werksbestuurder. Die personeelaanstellings is sodanig gedoen dat die werksbestuurder en twee Blankeambagsmanne al drie sektore van die boubedryf, naamlik messelwerk, loodgieterswerk en skynwerk kan doen. 1)

Tydelike Blankeambagslui en klerke van werke op tydelike grondslag word vir sekere projekte aangesel. Verder bestaan die arbeidsmag vir die produksie van geboue slegs uit opgeleide, halfopgeleide en ongeskoolde Bantoewerkslui.

Tabel 3/6 gee die beraamde tye benodig vir die oprigting van 'n standaard NE51/9-woning soos bepaal deur die W.N.N.R. In totaal word 236 geskoolde Bantoeambagsmanne benodig om 'n NE51/9-huis op te rig. Die manne per woning benodig, neem af ten opsigte van ambagsmanne en vermeerder ten opsigte van ongeskoolde werkers as Blankeambagslui in plaas van Bantoevakmanne gebruik word. Weens die hoër loonstruktuur van toepassing op Blankeambagslui styg die oprigtingskoste van 'n NE51/9-huis egter indien dit met Blankevakmanne operig word.

Bantoe-arbeid in Wes-Transvaal is relatief vrylik bekombaar. Die Departement Tegniese Dienste

1) As die werksbestuurder 'n gekwalifiseerde messelaar is, is sy twee ambagsmanne sodanig aangesel dat een 'n gekwalifiseerde skrynerker en die ander 'n gekwalifiseerde loodgieter is.

TABEL 3/6

URE BENODIG VIR DIE OPRIGTING VAN
'N STANDAARD NE51/9-HUIS ¹⁾

A. MET BANTOEAMBAGSMANNE

Struktuurdeel	Geskoolde Bantoeambagslui	Ongeskoolde Bantoeambagslui
1. Fondasie	20,421	70,596
2. Bobou	169,975	285,900
3. Dakwerk	12,567	15,897
4. Vloere	10,183	33,550
5. Deure en vensters	7,961	7,961
6. Verf en beglasing	11,344	24,261
7. Aanbring van toebe- hore	3,000	3,000
8. Algemeen	-	51,667
Totaal (benaderd)	236h.	493h.

B. MET BLANKEAMBAGSMANNE

	Geskoolde Blankeambagslui	Ongeskoolde Bantoeambagslui
Totaal (benaderd)	179h.	506h.

1) Oorgeneem en verwerk uit: Glen, A.L. Time Studies of Labour employed on the building of urban Bantu houses using Native building workers on a craft basis. Pretoria, W.N.N.R., 1953. p.19.

het gedurende Oktober 1975 dertig bouprojekte aan die gang gehad waar 'n totaal van 150 Bantoeambags=manne in diens was. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad beoog verder om vroeg in 1976 'n opleidingsentrum vir Bantoeambagslui te Potchefstroom te open waar verder gepoog sal word om Bantoeambags=manne meer vaardig te maak. Tans word indiensoplei=ding hoofsaaklik gebruik om ambagsmanne op te lei.

3.3.7 Beskikbare of bekombare kapitaal

Die rol van kapitaal binne die raamwerk van die volkshuishouding kan op een van twee maniere gesien word. Dit kan gesien word as kapitaalgoedere, met ander woorde vaste bates (hieronder ressorteer ook voltooide Bantoehuise), of dit kan gesien word as 'n faktor in die finansiële sin van die woord, naamlik beskikbare fondse of kredietgeriewe vir die verkry=ging van ander behuisingsfaktore soos grond, arbeid, materiaal, ensovoorts wat benodig word vir die op=rigting van wonings.

Die finansiering van Bantoehuisvesting by 'n Bantoesake-administrasieraad geskied gewoonlik deur middel van 'n behuisingslening by die Departement van Gemeenskapsbou. Fondse vir hierdie doel is relatief vrylik bekombaar en lenings op 'n ekonomiese rente=koers gebaseer, word geredelik aan rade vir ontwik=keling beskikbaar gestel. Vir tuislandontwikkeling is kapitaal afkomstig uit Suid-Afrikaanse Bantoe=trust fondse beskikbaar.

Bogemelde bespreking is gebaseer op die veronderstelling dat fondse aangevra en goedgekeur word op die huidige basis wat gekenmerk word deur 'n fase van enkelkwartierbehuising en woonbuurtvernuwing.

Tabel 3/1 toon egter dat daar tans in die Republiek 'n behuisingstekort van 110 489 huise en 178 132 hostelbeddens in stedelike Bantoewoongebiede bestaan. Teen die huidige konstruksiekoste word die volgende fondse dus onmiddellik benodig:

vir Bantoehuise	R220 978 000,00
vir hostelbeddens	R 53 439 600,00
	<hr/>
Totaal	R274 417 600,00

Binne die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is die fondse wat benodig word om die huidige behuisingstekort uit te skakel, soos volg:

vir huise (5 716 x R2 000)	R11 432 000,00
vir hostelbeddens (5 411 x R300)	R 1 623 300,00
	<hr/>
Totaal	R13 055 300,00

'n Groot persentasie van hierdie huise kan natuurlik binne die tuislande voorsien word.

Indien bogemelde kapitaal gevind moet word om die huidige behuisingsbehoefte die hoof te bied, sal daar beslis in terme van 'n groot buitelandse lening gedink moet word.

3.3.8 Dienste

Die onontwikkelde nomadiese woestynbewoners het die voordeel bo hul gesofistikeerde Westerse aardgenote dat die koste van dienstevoorsiening aan hul gemeenskappe minimaal is. In 'n beplande Westerse gemeenskap neem koste verbonde aan dienstevoorsiening soms fenomenale afmetings aan.

In die uitleg van 'n Bantodorp moet daar voorsiening gemaak word vir varswatervoorsiening, wateropbergsfasiliteite, waterdistribusienetwerke en gemeenskapskrane of individuele huisaansluitings. Ten opsigte van sanitêre dienste moet daar voorsiening gemaak word vir nagvuilverwyderingsdienste en/of spoelrioolstelsels, rioolretikulasienetwerke, uitvalwerke, ensovoorts. Voorsiening vir as- en vulstofverwydering moet ook gemaak word.

Ten opsigte van rygeriewe moet daar voorsien word in die behoefte na toevoerpaaie, interne strate, parkeerareas, vloedwaterdreinerings, ensovoorts. Elektriese dienste sluit toevoer- en aansluitingsfasiliteite, hoogspannings- en laagspanningsnetwerke, straatlig- en individuele huisaansluitingsgeriewe in.

Ten opsigte van administratiewe dienste moet daar voorsiening gemaak word vir die nodige administratiewe masjinerie om die belange van elke afsonderlike stedelike Bantoeewoongebied te behartig.

Die daarstelling van dienste aan 'n gemeenskap is een van die pilare waarop die bostruktuur van 'n beskaafde gemeenskap rus. Volgens wetgewing word

die betrokke Bantoesake-administrasierade in staat gestel om met die hulp van Blanke plaaslike besture die noodsaaklike dienste aan stedelike Bantoe woon-gebiede te lewer. Behandeling van rioolafloop en voorsiening van varswater moet teen kosprys aan Bantoesake-administrasierade geskied.

3.3.9 Bepanning en ontwerpverskeidenheid

Selfs by die tradisionele Bantoe stat speel dorpsbepanning in die beperkte sin van die woord al 'n wesentlike rol. Figure 2/4 tot 2/8 toon duidelik aan dat die rangskikking van hutte in 'n Bantoe stat nie ordeloos geskied nie maar volgens 'n neergelegde vaste patroon. In die meer verwesterse Bantoe dorpe en stedelike Bantoe woongebiede is die bepanning van dorpe natuurlik op Westerse lees geskoei.

Reeds so vroeg as 1951 het die Nasionale Behuisingskantoor 'n handleiding ¹⁾ beskikbaar gestel aan plaaslike besture waar positiewe leiding gegee word met betrekking tot die bepanning van Nie-Blankewoongebiede. Hierdie handleiding is saangestel na aanleiding van die werk van die navorsingskomitee insake minimum standarde van akkomodasie ("Interim Report of the sub-Committee on Estate planning") van 1949 deur die Nasionale Behuisings- en Planne-

1) Nasionale Behuisingskantoor, 'n Leidraad vir die bepanning van Nie-Blankedorpsgebiede. Pretoria, 1955.

kommissie, in oorleg met die destydse Departement van Naturellesake en die Nasionale Bounavorsings=instituut van die W.N.N.R.

Die betrokke handleiding behandel onder andere aangeleenthede soos:

- (i) woongebiedaanlegplan en -liggingsplan;
- (ii) grondbenuttingstabel;
- (iii) behuising en behuisingsdigtheid;
- (iv) opvoeding;
- (v) binnenshuise en buitenshuise ontspanning;
- (vi) winkel- en kommersiële bedrywighede;
- (vii) gesondheidsaspekte; en
- (viii) toegang.

Dit is belangrik dat in die volgende behoeftes van individue voorsien word by die beplanning van perseelgroottes:

- (i) afsondering vir gesinsaktiwiteite;
- (ii) speelplek vir kinders;
- (iv) ruimte vir vars lug, die deurlating van ononderbroke sonlig, vrugtebome, ens=voorts; en
- (v) motorstoorryimte.

Die grootte van bestaande Bantoe woonpersele is almal in die omgewing van 300 m².

Alle aansoeke om die stigting van nuwe stedelike Bantoe woongebiede gaan vanaf die Bantoesake-administrasieraad via die Hoofbantoesakekommissaris vir die betrokke gebied na die Departement van Bantoe-

TABEL 3/7
AANTAL EN HUISTYPES IN STEDELIKE BANTOEMOONGEBIEDE VAN
DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD	EENVERTREK-WONINGS	TWEEVERTREK-WONINGS	DRIEVERTREK-WONINGS	VIERTREK-WONINGS	ANDER WONINGS	TOTALE WONINGS
Sentraal-Transvaal	12	517	0	23 106	1 676	25 311
Noord-Transvaal	19	655	886	1 014	932	3 506
Hollveld	0	327	1 794	2 584	1 931	6 636
Oos-Transvaal	5	378	896	3 236	1 670	6 185
Suid-Transvaal	0	352	0	3 414	4 346	8 112
Wesrand	94	8 458	25 619	71 547	2 955	108 673
Oosrand	66	4 700	2 846	59 973	4 046	71 631
Wes-Transvaal	38	2 634	1 722	9 911	3 021	17 326
Vaaldriehoek	0	447	196	20 868	6 262	27 773
Suid-O.V.S.	1 059	2 828	0	5 531	13 767	23 185
Midde-O.V.S.	580	2 316	2 569	8 328	9 794	23 587
Noord-O.V.S.	0	860	668	1 913	15 619	19 060
Noord-Natal	0	427	641	1 351	355	2 774
Drakensberg	236	749	0	5 804	1 061	7 850
Port Natal	60	3 094	1 216	13 495	1 015	18 880
Noord-Kaap	0	1 273	0	685	2 610	4 568
Diamantveld	227	1 013	413	5 458	4 443	11 554
Karoo	260	1 593	299	594	4 952	7 698
Kaapse Middellande	484	4 994	7 905	12 868	14 242	40 493
Oos-Kaap	3 463	4 110	1 464	2 670	7 995	19 702
Suidwes-Kaap	72	161	1 194	420	105	1 952
Skiereland	0	2 387	0	7 077	20	9 484
	6 675	44 273	50 328	261 847	102 817	465 940

administrasie en -ontwikkeling. Laasgenoemde instansie verwys die aanlegplan na die Departement van Gemeenskapsbou vir goedkeuring.

Daar bestaan tans 'n spektrum wat strek vanaf die eenvertrekwoning tot by 'n woning bestaande uit vyf of meer vertrekke vir die Bantoe binne die Republiek en spesifiek ook binne die gebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad.

Uit Tabel 3/7 is die volgende gegewens beskikbaar ten opsigte van die totale aantal wonings in stedelike Bantoewoongebiede.

TABEL 3/8

HUISDISTRIBUTIE ONDER INWONERS VAN
BANTOEWOONGEBIEDE IN DIE REPUBLIEK
VAN SUID-AFRIKA

Beskrywing	Aantal wonings in stedelike Bantoewoongebiede	Persentasie van totale aantal wonings
Totale aantal wonings	465 940	100,0
Eenvertrekwonings	6 675	1,4
Tweevertrekwonings	44 273	9,5
Drievertrekwonings	50 328	10,8
Viervertrekwonings	261 847	56,2
Ander wonings	102 817	22,1

TABEL 3/9

PERSENTASIE VIERTREKKNINGS IN STEDELIKE BANTOEWONINGEBIEDE

BINNE REGSGEBIEDE VAN BANTOESAKE-ADMINISTRASIERADE

BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD	TOTALE AANTAL MONINGS	TOTALE AANTAL VIERTREKKNINGS	VIERTREKKNINGS AS 'N PERSENTASIE VAN TOTALE MONINGS
Sentraal-Transvaal	25 311	23 106	91,3
Noord-Transvaal	3 506	1 014	28,9
Hoëveld	6 636	2 584	38,9
Oos-Transvaal	6 185	3 236	52,3
Suid-Transvaal	8 112	3 414	42,1
Wesrand	108 673	71 547	65,8
Oosrand	71 631	59 973	83,7
Wes-Transvaal	17 326	9 911	57,2
Vaaldriehoek	27 773	20 868	75,1
Suid-O.V.S	23 185	5 531	23,8
Midde-O.V.S	23 587	8 328	35,3
Noord-O.V.S.	19 060	1 913	10,0
Noord-Natal	2 774	1 351	48,7
Drakensberg	7 850	5 804	73,9
Port Natal	18 880	13 495	71,5
Noord-Kaap	4 568	685	15,0
Diamantveld	11 554	5 458	47,2
Karoo	7 698	594	7,7
Kaapse Middellande	40 493	12 868	31,8
Oos-Kaap	19 702	2 670	13,6
Suidwes-Kaap	1 952	420	21,5
Skierieiland	9 484	7 077	74,6

Dit is dus duidelik dat die grootste persentasie van die Bantoebevolking in stedelike Bantoewoongebiede binne die Republiek van Suid-Afrika in viervertrekwonings gehuisves word (56,2%).

Tabel 3/9 skets die rol van die viervertrekwoning in stedelike Bantoewoongebiede binne die regsg gebied van elke Bantoesake-administrasieraad.

Vir die gebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad lyk die huisdistribusie onder die stedelike Bantoebevolking soos volg:

TABEL 3/10

HUISDISTRIBUTIE VIR DIE GEBIED VAN DIE
WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

Beskrywing	Aantal wonings in stedelike Bantoewoongebiede	Persentasie van totale aantal wonings
Totale aantal wonings	17 326	100,00
Eenvertrekwonings	38	0,22
Tweevertrekwonings	2 634	15,20
Drievertrekwonings	1 722	9,94
Viervertrekwonings	9 911	57,20
Ander wonings	3 021	17,44

Die viervertrekwoning huisves dus ook die meeste Bantoesinne in Wes-Transvaal in vergelyking met ander tipe wonings.

Teenoor 'n gemiddelde persentasie van 56,2% viervertrekwonings vir die Republiek besit Wes-Transvaal 57,2% viervertrekwonings, geneem as 'n persentasie van die totale aantal wonings binne die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad.

Tabel 3/11 gee 'n ontleding van die gesinsver-spreiding in en die gesindheid van die Bantoe teenoor die huidige behuising wat voorsien word, soos bevind in 'n steekproef uitgevoer in die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad.

TABEL 3/11

VERSPREIDING VAN BEHUISING EN GESINDHEID VAN
BANTOES TEN OPSIGTE VAN BEHUISING
WAT VOORSIEN WORD

Opmerking	Tipe huis			
	Twee= vertrek	Drie= vertrek	Vier= vertrek	Vyf= vertrek en groter
Aantal gesinne uit steekproef verlang	3	12	15	227
Aantal gesinne uit steekproef woon in	54	42	226	78

Verder is daar gevind dat 21,46% van die Bantoesgesinne in Wes-Transvaal tevrede is met hul huidige behuising. Groter wonings word verlang deur 71,06% terwyl 7,44% beter badkamer- en toiletgeriewe verlang.

Tabel 3/12 gee die ontleding van 'n vraeboek weer wat voltooi is by adviserende Bantoe-komiteevergaderings.

Een komitee meen dat die behuisingstoestand by hulle "haglik" is, 5 klassifiseer die toestand as "baie swak", 11 meen dat die behuisingstoestand by hulle "swak" is terwyl 5 reken dat dit by hulle "redelik" is.

Woonstelle is vir 12 komitees as tussentydse maatreël aanvaarbaar terwyl 9 daarteen gekant is. Daar is 12 komitees wat ten gunste van 'n elitebuurt is, terwyl 9 daarteen stem. Net 1 komitee meen dat perseeldienste nie noodsaaklik is nie en dat sy woongebied se inwoners nie bereid sal wees om meer standplaashuur vir beter geriewe te betaal nie.

Die komitees van die drie groot Bantoe-woongebiede te wete Ikageng, Jouberton en Khutsong stem in die opsig saam dat hulle aldrie elitewoonbuurtes verlang, aldrie perseeldienste verlang en aldrie reken dat hulle inwoners hoër perseelhuur sal betaal indien hulle beter geriewe ontvang.

TABEL 3/12

MENING VAN ADVISERENDE BANTOEKOMITEES TEN OPSIGTE
VAN BEHUISING IN HUL WOONGEBIEDE

Woongebied	Behui= sings= toestand	Woon= stelle is aan= vaarbaar	Elite buurt word verlang	Dienste moet op persele verskaf word	Bewoners sal bereid wees om hoër huur te betaal
Koster	Baie swak	Nee	Nee	Ja	Ja
Carletonville	Baie swak	Nee	Ja	Ja	Ja
Coligny	Redelik	Nee	Nee	Ja	Ja
Potchefstroom	Baie swak	Ja	Ja	Ja	Ja
Klerksdorp	Swak	Nee	Ja	Ja	Ja
Stilfontein	Redelik	Ja	Ja	Ja	Ja
Lichtenburg	Swak	Ja	Nee	Ja	Ja
Ventersdorp	Swak	Ja	Nee	Ja	Ja
Fochville	Swak	Ja	Ja	Ja	Ja
Christiana	Haglik	Ja	Nee	Ja	Ja
Wolmaransstad	Swak	Nee	Nee	Ja	Ja
Orkney	Baie swak	Ja	Ja	Ja	Ja
Zeerust	Swak	Ja	Ja	Ja	Ja
Schweizer-Reneke	Redelik	Ja	Nee	Ja	Ja
Delareyville	Swak	Nee	Ja	Ja	Ja
Bloemhof	Swak	Ja	Nee	Ja	Ja
Hartbeesfontein	Swak	Ja	Nee	Ja	Ja
Ottosdal	Baie swak	Ja	Ja	Ja	Ja
Sannieshof	Swak	Nee	Ja	Ja	Ja
Swartruggens	Redelik	Nee	Ja	Ja	Ja
Leeudoringstad	Swak	Nee	Nee	Nee	Nee
Makwassie	Redelik	Ja	Ja	Ja	Ja

Dit is dus baie duidelik dat die meerderheid adviserende Bantoe Komitees van mening is:

- (a) dat woonstelle as tussentydse maatreël vir behuising aanvaarbaar sal wees;
- (b) dat inwoners van Bantoe woongebiede bereid sal wees om duurder vir behuising te betaal indien beter geriewe daargestel sal word;
- (c) dat elitewoonbuurtes wel deur sommige Bantoes begeer word; en
- (d) dat die huidige behuisingstoestand in stedelike Bantoe woongebiede nie bevredigend is nie.

Globaal gesien, word behuising aan die Bantoe tans in een van die volgende vorms voorsien:

- (i) eenvertrekwoning;
- (ii) tweevertrekwoning;
- (iii) drievertrekwoning;
- (iv) viervertrekwonings soos byvoorbeeld:
 - (a) 51/6-huis;
 - (b) 51/9-huis; en
- (v) skakelwonings;
- (vi) beter tipe huisvesting (eienaarbouers);
- (vii) erf en diensskemas;
- (viii) hostelle onderverdeelbaar in:
 - (a) tydelike hostelle;
 - (b) standaardtipe hostelle;
 - (c) luukser tipe hostelle;
 - (d) wonings wat in enkelwartiere omskep is;



- (e) luukse hostelle (enkelkamers, badkamers, ensovoorts); en
- (f) skoolhostelle;
- (ix) hotelle;
- (x) woonstelle; en
- (xi) huisvesting volgens revolusionêre boumetodes.

Op die keper beskou,lyk elk van bogemelde akkomodasiefasiliteite soos volg:

3.3.9.1 Eenvertrekwoning

Hierdie wooneenheid is die heel eenvoudigste metode van behuising en behels weinig meer as vier mure en 'n dak. Die gebou word in sy tradisionele styl opgerig uit klei of paalmure met 'n gras- of sinkdak en 'n grondvloer wat met beesmis gesmeer is. In sommige gevalle is die mure van steenwerk, sink of van asbessementpanele terwyl die vloer van beton of grano vervaardig is. Hierdie tipe huise word aangetref in die tuisland in tradisionele stante, in tuislanddorpe soos byvoorbeeld in Itsoseng en op Blankeplase. Daar is ook enkele eenvertrekhuse in woonbuurte binne die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad. Waar die huise opgerig is met sink- of asbessementmure was die idee dat die bewoner later, wanneer hy dit kan bekostig, by die eenheid kan aanbou. Die beraamde koste vir die oprigting van hierdie tipe huis beloop enigiets vanaf R50 (grondmure en sinkdak) tot R250 (asbessementmure en -dak). Die huis behoort slegs deur 'n

Figuur 3/3
EENVERTREKWONING



jong getroude egpaar (met klein kinders) of deur 'n ouer egpaar (waar kinders alreeds uit die huis is) bewoon te word.


Figuur 3/3 toon hierdie tipe huisvesting duidelik aan. Waar hierdie tipe huis deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling opgegrig is (byvoorbeeld in Itsoseng), is tydens konstruksiestadium alreeds die fondasie en vloer gegiet van nog 'n vertrek wat deur die bewoner self aangebou kan word.

3.3.9.2 Tweevertrekwoning


Die tweevertrekwoning soos aangetoon op Figuur 3/4 was bedoel om te voorsien in die behoefte van 'n klein familie (ouerpaar met geen, een, of slegs twee kinders). Die huis is sodanig ontwerp dat dit presies die helfte vorm van 'n gewone viervertrekwoning en die bedoeling is dus dat die huis later tot 'n drievertrek- of viervertrekhuis vergroot kan word. In sommige gevalle bestaan die agterste muur (hoogste muur) slegs uit 'n 115 mm baksteenmuur aangesien dit eintlik as binnemuur vir die voltooide viervertrekwoning bedoel is. Indien die tweevertrekhuis nie gou in 'n viervertrekhuis omskep word nie, kan so 'n 115 mm buitemuur baie onderhoudsprobleme oplewer. Daar is ook enkele gevalle waar die nokplaat (veral by asbessementdakke) uit 'n gewone viervertreknokplaat bestaan sodat die huise esteties onooglik vertoon indien hulle nie in viervertrekhuse omskep word nie.

Figur 3/4


2-VERTREK WOONHUIS




AANSIG



SNIT A - A



PLAN



LIGGINGSPLAN

Die huise se mure is gewoonlik van baksteen, sementsteen of sementblokbouwerk met 'n sink of asbessementdak. Die beraamde oprigtingskoste vir hierdie tipe woning (sonder dienste) beloop ongeveer R500,00.

3.3.9.3 Drievertrekwoning

Soos die gesin groei en die behoefte vir meer slaapkamers toeneem, kan daar by die gewone tweevertrekwoning 'n enkelkamer aangebou word om dit 'n drievertrekhuis te maak. Soms, en dit is baie ongelukkig, gebeur dit dat aanbouings gedoen word met tweedehandse- en geroeste sinkplate, hout, sakke, sifdraad en dies meer. Dit is vanselfsprekend dat hierdie tipe huise dan 'n onooglike struktuur uitmaak wat 'n ontsiering vir die omgewing is. Indien die aanbouing egter geskied met dieselfde materiaal waaruit die oorspronklike tweevertrekwoning gebou is, kan 'n netjiese drievertrekwoning wat op 'n latere stadium selfs in 'n viervertrekwoning omskep kan word, verkry word. Figuur 3/5 toon die aansig en grondplan van 'n drievertrekwoning aan.


Die beraamde oprigtingskoste vir 'n drievertrekwoning beloop ongeveer R750,00.

3.3.9.4 Viervertrekwoning

Die viervertrekwoning is die huis wat op die huidige oomblik die meeste in aanvraag is. Daar bestaan twee tipes viervertrekwonings naamlik die sogenaamde (a) 51/6-huis en (b) 51/9-huis.

Figuur 3/5


DRIEVERTREKHUIS



STRAAT - AANSIG




VOOR - AANSIG




PLAN

(a) Die NE51/6-woning is ontwikkel deur die W.N.N.R. en bestaan basies uit vier vertrekke soos in Figuur 3/6 aangetoon. Daar word geen toilet of badkamer binne die huis voorsien nie. 'n Toilet word wel as deel van 'n buitegebou verskaf. Die konstruksie van die NE51/6-woning is baie eenvoudig en baie ekonomies. Die fundamente bestaan uit standaardstrookfondamente van beton en die mure word uit baksteen, sementsteen of sementblokke opgerig. Alle mure is lasdraend en geen kappe word gebruik nie. Die mure word eenvoudig opgebou tot op dakbedekkingsvlak waar die daklatte direk op die mure rus. Sink- of asbessementdakke word gebruik. Geen binneure word voorsien nie en die muurafwerking bestaan gewoonlik uit saksmeerwerk binne en sementstryksel ("cemwash") werk buite. Daar is sommige huise wat gepleister is maar dit wil tog voorkom asof die growwe sementstrykselafwerking beter by die huisontwerp aanpas. Die vloere bestaan uit gewone betonvloere. In sommige gevalle word daar egter slegs 'n beton kombuisvloer ingesit en die res aan die inwoners oorgelaat om dit te installeer wanneer hulle dit kan bekostig. Die weglating van die binneure impliseer ook dat die bewoner dit op eie koste by 'n latere geleentheid moet aanbring. Die hoogte van die buitemure is substandaard en voldoen nie aan die vereistes van die standaardboueregulasies nie. Die feit dat die huis egter nie 'n plafon het nie, gee 'n groter volume per vertrek sodat die onderstandaard-mure wel toegelaat word.


Figuur 3 / 6
VIERTREK HUIS
TIPE NE 51/6



PERSPEKTIEF



PLAN



SNIT Y-Y

4 VERTREK BANTOE
HUIS

SKAAL 1 : 100

**Wes-Transvaalse Bantoesake-
 Administrasieraad**
Dept. Tegniese Dienste

Oppv.
47,325
 vk. meter

Tekening
02G-
9/7

(b) Die NE51/9-huis is basies op dieselfde lees geskoei as die 51/6-huis, dog hierdie huis bestaan uit vier vertrekke en 'n badkamer met 'n spoel-latrine 'n Detailplan van 'n gewone NE51/9-huis word in Figuur 3/7 aangetoon.

Die huidige oprigtingskoste vir hierdie twee tipes huise is soos volg:

NE51/6-huis (sonder dienste) ongeveer R800,00;
en
NE51/9-huis (met badkamer, sonder dienste)
ongeveer R1 000,00.

3.3.9.5 Skakelwoningen

Die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die W.N.N.R. het intensiewe navorsingswerk gedoen op die gebied van laekostebehuising en in die besonder omtrent Bantoebehuising in Suid-Afrika. Die resultaat hiervan was dat 'n hele reeks planne die lig gesien het wat gebruik kan word vir Bantoebehuising. Afgesien van vrystaande wonings soos die NE51/6- en NE51/9-woningen, is 'n hele reeks van skakelwoningen ontwerp wat ten doel het om relatiewe hoërdigtheids-behuising te voorsien.


Die volgende figure toon enkele van hierdie skakelwoningen aan:

(a) NE51/8-skakelwoning (sien Figuur 3/8)


Hier is baie vernuftig gebruik gemaak van twee stoorkamers en klerekasareas om 'n beter klankisolasie tussen die twee wooneenhede te verskaf. Die res

Figuur 3/7


3-SLAAPKAMER WOONHUIS
NE 51 / 9



PERSPEKTIEF



AANSIG




PLAN

Figuur 3/8

3-SLAAPKAMER SKAKELHUIS

NE 51 / 8



van die twee wooneenhede vergelyk goed met die gewone NE51/6-huise. Die konstruksiekoste van hierdie tipe wonings word beraam op ongeveer R1 600 vir die dubbeleenheid.

(b) NE51/10-skakelwoning (sien Figuur 3/9)

Hierdie huis is basies twee NE51/9-huise wat rug-teen-rug geplaas is. Die woon- en leefkamers is aan die kopente geplaas sodat daar teoreties nie te veel steurnis van een buurman na die ander oorgedra behoort te word nie. Klankisolasië tussen die twee huise is egter nie so vernuftig verskaf soos by die NE51/8-tipe nie. Die beraamde oprigtingskoste vir hierdie tipe skakelhuis beloop ongeveer R1 800,00.

(c) NE51/11-skakelwoning (sien Figuur 3/10)


Deur die inbring van twee stoorkamers en die daarstelling van hangkasspasies tussen die twee NE51/9-huise wat hier rug aan rug geplaas is, is weer eens daarin geslaag om beter klankisolasië tussen die twee wooneenhede te voorsien. Die hangkasspasies kan natuurlik vir die doel van ingeboude kaste ook gebruik word wat dan selfs 'n beter klankisolasië sal bied. Hierdie tipe skakelhuis word baie sterk aanbeveel indien daar enigsings op skakelhuise vir Bantoebehuising besluit word. Die beraamde oprigtingskoste van so 'n NE51/11-woning is R2 000,00.

(d) NE51/12A-skakelwoning (sien Figuur 3/11)


Hierdie huis bestaan basies uit twee wooneenhede van drie vertrekke elk. 'n Redelike groot woonarea per wooneenheid word verkry dog die lang gemeenskaplike

Figuur 3/9

3-SLAAPKAMER SKAKELHUIS
NE 51 / 10




AANSIG




PLAN

Figuur 3/10

3-SLAAPKAMER SKAKELHUIS
NE 51 / 11




AANSIG




PLAN

Figuur 3/11

2-SLAAPKAMER SKAKELHUIS
NE 51 / 12A



AANSIG



PLAN

binnemuur maak die gebruik daarvan om sosiologiese redes onwenslik.

(e) NE51/13-skakelwoning (sien Figuur 3/12)

Hier is 'n skakelhuis wat huisvesting kan bied aan 'n groot gesin (vyf vertrekke) en 'n klein gesin (drie vertrekke) in dieselfde gebou. Hierdie tipe woning bied dieselfde nadele as die NE51/12A.

(f) NE51/20A-skakelwoning (sien Figuur 3/13)

Hierdie is eintlik 'n gebou wat bestaan uit vier ryhuise bestaande uit tweevertrekeenhede. As gesin= huisvesting kan dit beswaarlik aanbeveel word. As luukse enkelkwartiere gelykstaande aan die Westerse "Bachelors'-flat" is dit sosiologies aanvaarbaar dog daar word betwyfel of die enkellopende Bantoe so iets sal kan bekostig.

(g) 2 x $\frac{1}{2}$ NE51/6-woning


Hierdie woning, afgelei van die standaard-NE51/6-woning, bied die voordeel dat dit as tydelike skakelhuis vir 2 gesinne diens kan doen totdat die 2 huisgesinne elk hul eie huis kan bekostig. Dan word die 2 x $\frac{1}{2}$ NE51/6-woning eenvoudig omskep in 'n gewone NE51/6-woning vir 'n enkele gesin.

3.3.9.6 Beter tipe huisvesting


As gevolg van die Bantoe se vraag na beter tipe huisvesting is daar tans verskillende ontwikkelings op hierdie gebied aan die gang.

Figuur 3/12

2-en 4-SLAAPKAMER SKAKELHUIS
NE 51 / 13




AANSIG



PLAN

Figuur 3/13

SKAKELHUIS -- NE 51 / 20A



AANSIG



PLAN

Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad het byvoorbeeld 'n drieslaapkamerwoning ontwerp wat geskoei is op die NE51/9-huisplan. Hierdie tipe woning word in Figuur 3/14 aangetoon.


Die ontleding van Vraeboog 3 ¹⁾ toon duidelik dat 'n klein persentasie van die Bantoebevolking woonagtig binne die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, tevrede met hul huidige behuising is. Oor die algemeen is daar 'n behoefte na groter tipe wonings. Na aanleiding hiervan en ook na aanleiding van die uitslag van Vraeboog 4 ²⁾ wat baie duidelik aangetoon het dat die stedelike Bantoe nie die NE51/6-huis gebruik soos wat dit deur die W.N.N.R. beplan is nie (slegs 33,4% gebruik die woonkamer ook as slaapkamer soos wat dit beplan is), het die Departement Tegniese Dienste 'n vyfvertrekhuis ontwerp wat aan die stedelike Bantoe 'n sit-/eetkamer verskaf wat nie as slaapvertrek gebruik hoef te word nie. Hiermee saam is ook drie slaapkamers en 'n kombuis voorsien.

In haar verslag "Build your own home" deur Betty Spence ³⁾ word wenke aan die voornemende Bantoehuis-eienaar en eienaarbouer/kontrakteur gegee oor die wyse waarop 'n eie huis gebou kan word. Figuur 3/15 toon aan hoe daar deur middel van eenvoudige sketse


-
- 1) Sien Bylaag C.
 - 2) Sien Bylaag D.
 - 3) W.N.N.R., Nasionale Bounavorsingsinstituut. Verslag no. 113.

Figuur 3/14


VOORGESTELDE 3-SLAAPKAMER
WOONHUIS




STRAAT - AANSIG




SY - AANSIG



PLAN




AGTER - AANSIG



TIPIESE SNIT

Figuur 3/15

BOUTEGNIEK VIR SELFBOUER



die basiese boukonstruksietegnieke oorgedra word aan die voornemende Bantoebouer. Die gedagte is dus dat die Bantoe ook in staat gestel word om vir homself 'n woning na eie keuse te kan bou.

'n Verslag voorberei deur die W.N.N.R. se Bounavorsingsinstituuat in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte ¹⁾ toon 20 beter huistipes aan wat deur die voornemende eienaar/bouer gebruik kan word in die beplanning van sy woning. Enkele voorbeelde uit hierdie handleiding word in Figuur 3/16 aangetoon.

Enkele luukse wonings wat geheel en al geskoei is op die Westerse lees, word ook aangetref in tuislanddorpe en sekere stedelike Bantoewoongebiede. Dit is gewoonlik selfbouhuise wat deur welgestelde Bantoes opgerig is. Vir hooggeplaaste amptenare soos byvoorbeeld Hoofmanne en Ministers rig die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling ook luukse wonings op. Talle voorbeelde hiervan is in tuislanddorpe te sien.


3.3.9.7 Erf- en diensskemas

Die sogenaamde erf- en diensskema vir behuising soos ingestel deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, behels die daarstelling

1) W.N.N.R., Nasionale Bounavorsingsinstituuat= verslag B16, 1953. Pretoria, Graphic Arts Division C.S.I.R., 1963.

Figuur 3 / 16
BETER HUISTIPES

Oorgeaem uit: Brochure of house plans, The Institute of South African Architects, (Non-European housing 1954)



STRAAT - AANSIG



STRAAT - AANSIG



STRAAT - AANSIG




WES - AANSIG



OOS - AANSIG




OOS - AANSIG



PLAN



PLAN



PLAN

van persele met dienste, waarop die Bantoe-huiseienaar dan sy eie woning kan oprig. Vir die doeleindes van swartkolverskuiwing, slumsopruiming en snelbehuisingsverskaffing het die skema heel bevredigend gewerk. Weens 'n gebrek aan fondse by individue lewer hierdie tipe behuisingskemas egter in die reël nie esteties aanvaarbare behuisingsprojekte op nie.

3.3.9.8 Hostelle

Hostelbehuising vir die enkellopende Bantoe in Blankbeheerde gebied bly nog steeds die belangrikste enkele behuisingsfaktor wat ook in lyn is met huidige staatsbeleid. Fondse vir hostelbehuisingskemas is ook redelik maklik bekombaar vanaf die Departement van Gemeenskapsbou. Daar bestaan verskeie norme waarvolgens hostelbehuising voorsien kan word:

(a) tydelike hostelle

In die eerste plek is tydelike hostelbehuising moontlik en word dit goedgekeur ten opsigte van Bantoes van werkgewers wat rondreisende Bantoe-konstruksiespanne het (byvoorbeeld die Poskantoor, siviele konstruksiefirmas, ensovoorts). Daar word gewoonlik vereis dat die betrokke behuising voorsien moet word op 'n goedgekeurde hostelterrein binne 'n stedelike Bantoe-woongebied.

(b) standaardhostelle

Die Departement van Gemeenskapsbou het 'n standaardplan vir Bantoehostelle wat in Figuur 3/17 aangetoon word. Die behuising bestaan basies daaruit dat twee slaaplokale voorsien word wat behuising aan agt Bantoes per slaaplokaal verskaf. Twee slaaplokale deel 'n eetkamer/kombuis waar voedsel voorberei en genuttig word. Gemeenskaplike was- en toiletgeriewe word voorsien en hostelterreinuitlegplanne moet voldoen aan die vereistes van die Departement van Gemeenskapsbou. Die beraamde oprigtingskoste vir hierdie tipe hostel beloop ongeveer R300 per bed.

(c) luukser tipe hostelle


Daar is gevind dat daar 'n behoefte bestaan aan luukser tipe hostelle bestaande uit enkelkamers, dubbelkamers, en kamers vir drie of vier persone. Die Departement Tegniese Dienste van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad het vervolgens planne voorberei om in hierdie behoefte te voldoen en wat nog steeds geskoei is op die standaard-gemeenskapsbou-hostelplanne.

(d) omskepte huise

In sommige stedelike Bantoewoongebiede word vakante NE51/6- en NE51/9-huise omskep in hostelle. 'n Totaal van ses persone word dan in so 'n huis geplaas waar hulle twee-

Figuur 3/17

VOORGESTELDE STANDAARD HOSTEL VIR
BANTOEMANS - 16 BEDDENS




twee 'n slaapkamer deel en die kombuis gesamentlik benut. Gemeenskaplike toilet- en wasgeriewe word verskaf.

(e) luukse hostelle

Daar is verder gevind dat daar beslis 'n behoefte bestaan aan luukse hostelle met goeie afwerking en ontspanningsgeriewe. Te Ikageng (Potchefstroom) is die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad dan ook besig om 'n heel luukse tipe hostel vir 32 Bantoevroue op te rig wat ooreenstem met die uitleg in Figuur 3/18. Soos duidelik gesien kan word, beskik elke inwoner (die hostel is vir Bantoevroue beplan) oor haar eie slaapkamer terwyl elke vier inwoners 'n badkamer deel. Elke sestien inwoners deel 'n eetlokaal. Onthaalgeriewe in die vorm van 'n sitkamer en 'n opsigterswoonstel is ook voorsien. Daar word beoog om in die oop binneplein later een of ander ontspanningsfasiliteit aan te bring soos byvoorbeeld 'n swembad, ringtennisbaan of iets dergeliks. Die beraamde konstruksiekoste vir hierdie kompleks, wat 32 Bantoevroue sal huisves, beloop ongeveer R40 000. Ander soortgelyke hostelle vir mans en dames is tans in beplanningstadium.

Figuur 3/18

LUUKSE VROUEHOSTEL
POTCHEFSTROOM



(f) skoolhostelle


As agent vir die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust is die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad tans besig met die oprigting van 'n 16-klaskamer-hoër-primêre skool te Itsoseng (Bophuthatswana) waar 'n koshuis vir 100 seuns en 'n koshuis vir 100 dogters ook gebou word. Die uitlegplan vir hierdie skool en koshuise word in Figuur 3/19 aangetoon. Die koshuisgeriewe is baie modern en die beraamde oprigtingskoste vir die koshuise beloop R70 000,00. Die projek sal voltooi wees in Julie 1976. Die totale projek (skool plus koshuise) sal opgerig word teen R150 000,00.

3.3.9.9 Hotelle


Weens die steeds groeiende vraag na luukser oornagakkomodasie beplan die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad die oprigting van twee luukse hotelle. Een hotel sal opgerig word in die stedelike Bantoewoongebied Ikageng by Potchefstroom terwyl die tweede hotel te Jouberton (Klerksdorp) opgerig sal word. 'n Sketsplan van die hotel te Potchefstroom word in Figuur 3/20 aangetoon.

Figuur 3/19

KOSHUISGERIEWE : ITSOSENG
BOPHUTHATSWANA



Figuur 3 / 20
VOORGESTELDE HOTEL TE IKAGENG
POTCHEFSTROOM



Figuur 3 / 20

3.3.9.10 Woonstelle

'n Raadgewende ingenieursfirma het goedkoop ekonomiese woonstelle beplan om opgerig te word in die tuislanddorp Itsoseng naby Lichtenburg. Sodra die nodige goedkeuring en fondse verskaf is, sal die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad 'n aanvang met hierdie projek neem.

3.3.9.11 Behuising deur middel van revolusionêre boumetodes

Van tyd tot tyd kom persone na vore met voorstelle en patente vir die oprigting van beter en goedkoper Bantoehuise. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is die sogenaamde Bothaville-huise waar gebruik gemaak is van 'n staalstruktuur met 'n staaldakkonstruksie. Nie-lasdraende 115 mm binne- sowel as buitemure word dan gebruik om die huis te voltooi.

Hierdie tipe huis het in die praktyk nie alleen geblyk duurder te wees as die gewone 51/6- en 51/9-tipe huise nie maar bied ook 'n baie laer termiese- en klankisolاسie as gevolg van die 115 mm buitemure.

Onlangs het 'n argitek van Johannesburg met 'n patent voor die dag gekom waar betonkasduikers gebruik word in die oprigting van 51/6- en 51/9-huise. Weens die hoë massa van die individuele kasduikers word 'n redelik swaar hyskraan benodig om die komponente te hanteer. Ekonomies gesproke kan hier die tipe huis nie in Wes-Transvaal kompeteer met die gewone steengekonstrueerde 51/9-tipe huis nie.

Nog talle ander interessante idees vir kitshuise word daaglik gebore - dit wil egter voorkom asof die W.N.N.R. se standaard-51/9-huis met 230 mm steenbuitemure en 115 mm steenbinnemure, baie moeilik op ekonomiese sowel as op funksionele gebied, oortref sal word.

3.4 Bantoebehuising: tekort en voorsieningstempo

Nywerheidsuitbreiding, mynaktiwiteite en verskeie ander faktore het daartoe bygedra dat die Bantoe na die Tweede Wêreldoorlog na stedelike Blankegebied gelok is. Ondoeltreffende toestromingsbeheer het in sommige gebiede gelei tot groot onhigiëniese plakkerskampe naby Blankedorpe en -stede. Behuisingsskemas deur plaaslike owerhede as agente vir die Sentrale Regering, erf- en diensskemas om plakkerskampe vinniger op te ruim, verpligte finansiële bydraes deur werkgewers in terme van die Wet op Heffings vir Bantoe dienste ¹⁾ (vir noodsaaklike dienste in stedelike Bantoe woongebiede) en verskeie ander positiewe pogings is aangewend om die Bantoe in 'n ordelike, wettige en higiëniese toestand in Blankebeheerde gebied te huisves.

Plaaslike besture het in samewerking met die raad vir die hervestiging van Bantoes ²⁾ en verskeie

1) Wet no. 64 van 1952.

2) Van der Merwe, P.J. Die Bantoe arbeidsmark in Suid-Afrika. D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1971. Deel II. p.34.

staatsdepartemente begin met 'n veldtog om plakkers=
dorpe op te ruim.

In die tydperk voor 1948 is daar 'n totaal van
47 924 wonings vir Bantoes in stedelike Bantoe woon=
buurtes opgerig en vir die tydperk 1948 tot en met
1963 is 'n totaal van 248 297 wonings vir Bantoes in
stedelike Bantoe woongebiede opgerig. ¹⁾

Na 1963 was die tekort aan Bantoe wonings en
-huisvesting in stedelike Bantoe woonbuurtes tot 'n
groot mate uitgeskakel.

'n Tydperk van tuislandgerigte behuisingsvoor=
siening het nou gevolg en tot so 'n mate dat sedert
1967 alle ontwikkeling ten opsigte van gesinshuis=
vesting in Blanke gebied tot 'n meerdere of mindere
mate bevries is. Die klem het nou geval op tuis=
landbehuising. As gevolg van beperkte fondse, die
relatiewe verset teen tuislandvestiging van 'n groot
persentasie van die verwesterse stedelike Bantoe be=
volking ²⁾ en 'n gebrekkige vervoerdiens tussen die
Blanke werkssterrein en die residensiële areas in die
tuisland, het behuisingsvoorsiening in Bantoe tuis=
lande tot 'n groot mate nie bevredigend uitgekrista=
liseer nie.

1) Mulder, H.P.P. Die Rol van Bantoesake-Admi=
nistrasierade ten opsigte van Arbeid, Behuising
en Vervoer. Jaarboek van die Suid-Afrikaanse
Buro vir Rasseaangeleenthede no. 10 (kongres
verrigtinge Pretoria), 1974. p.61.

2) Ibid., p.62.

In 1975 word daar nou weer 'n ernstige behuisingstekort in Blankegebied ondervind. Uit Vraeboog 1 is gevind dat daar 'n totale tekort (konserwatief bereken) van 110 489 huise en 118 132 hostelbeddens in die stedelike Bantoe-woongebiede bestaan. In die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is die tekort, konserwatief geraam, 5 716 huise en 5 411 hostelbeddens. Finansieel gesproke word ongeveer R222 miljoen vir wonings en R35 miljoen vir hostelakkomodasie in die Republiek benodig om die bestaande behuisingsvraagstuk die hoof te bied.

Vir die Wes-Transvaal is die benodigde fondse vir huise ongeveer R11 miljoen en vir hostelakkomodasie ongeveer R2 miljoen.

Daar bestaan slegs een oplossing vir die behuisingsvraagstuk naamlik die produksie van wonings en enkelkwartiere. Of dit binne Blankegebied opgerig moet word en of dit in die tuislande moet geskied, hang van staatsbeleid af. Indien dit tuislandgerig sal wees, is dit egter absoluut essensieel dat 'n doeltreffende snelvervoerdiens hand aan hand daarmee moet gaan weens die betrokkeheid van die Bantoe by die Republiek se industriële en ander ekonomiese bedrywighede.

Fondse vir die voorsiening van huisvesting kan onder andere verskaf word deur die staat (Suid-Afrikaanse Bantoe-trust), Bouverenigings, tuislandregerings of deur Blankewerkgewers. In Wes-Transvaal word al meer en meer gevind dat Blankewerk=

gewers bereid is om huisvesting vir hul werknemers in stedelike Bantoe woonbuurtes te verskaf. Hier word veral verwys na sodanige huisvesting opgerig deur Triof-Kunsmisfabriek te Potchefstroom en ander instansies. Sorg moet gedra word dat sodanige huisvesting nie van minderwaardige gehalte moet wees nie.

In die beplanning vir die voorsiening van behuising sou dit sinneloos wees om slegs die huidige tekort uit te wis. Daar moet vir toekomstige bevolkingstoename ook beplan word.

Tabel 3/13 gee 'n opsomming van die bevolkingssamestelling van die Republiek van Suid-Afrika volgens die 1970-sensus.

Tabel 3/15 gee 'n indikasie van die verspreiding van die Bantoebevolking van Suid-Afrika volgens bogemelde sensus.

Tabel 3/14 gee 'n raming van die wêreldbevolking van 1800 tot 1985.

Volgens Tabel 3/13 is daar dus 6 997 000 Bantoes in Bantoe tuislande en 8 061 000 Bantoes in Blankegebiede woonagtig. Dit is interessant om daarop te let dat daar ongeveer 20 000 Blankes in Bantoe tuislande woonagtig is.

TABEL 3/13

BEVOLKINGSAMESTELLING VAN SUID-AFRIKA - SENSUS 1970:BEVOLKING IN EENHEDE VAN 1 000 ¹⁾

Bevolkingsgroep	Blankes x 1 000	Kleurlinge x 1 000	Asiërs x 1 000	Bantoes x 1 000	Totaal x 1 000
Blankegebied	3 729	2 007	617	8 061	14 414
Bantoetuislande	20	13	4	6 997	7 034
Totaal	3 749	2 020	621	15 058	21 448
As % van groottotaal	17,5	9,4	2,9	70,2	100,0

- 1) Oorgeneem uit Bevolkingsensus, 6 Mei 1970, Bevolking van stede, dorpe en nie-stedelikegebiede, Verslag no. 02-05-01, (2de uitgawe), Pretoria, Staatsdrukker.

TABEL 3/14 ¹⁾

RAMING VAN DIE WERELDBEVOLKING 1800 TOT 1985

Jaar	Wêreldbevolking
1800	1 000 miljoen
1930	2 000 miljoen
1960	3 000 miljoen
1975	4 000 miljoen
1985	8 000 miljoen

Volgens De Klerk van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ²⁾ kan aanvaar word dat die natuurlike aanwas van 'n volksgroep volgens 'n bepaalde langtermynsiklus, wat bekendstaan as die demografiese siklus, verloop. Die siklus dui die veranderinge in die natuurlike aanwas oor 'n tyd aan en elke bevolkingsgroep bevind hom op 'n bepaalde tydstip op 'n bepaalde plek (binne 'n bepaalde fase) van hierdie demografiese sikluskurwe.

- 1) Oorgeneem uit. Mostert, W.P. Bevolkingstendense in die wêreld met besondere verwysing na Suid-Afrika. Tydskrif vir Rasseangeleenthede 24(13), Julie 1973. p.85.
- 2) De Klerk, D. Die groei in die bevolking en arbeidsmag van die Bantoe en die implikasies van die groeieigings. Jaarboek S.A.B.R.A. no. 10. Kongresverrigtinge, Pretoria. p.8.


TABEL 3/15

VERSPREIDING VAN DIE BANTOEBEVOLKING VAN SUID-AFRIKA, 1970

GEBIED	VOLKSGROEP											
	XHOSA	ZOELOE	SWAZI	NOORD-SOTHO	NOORD-NDEBELE	SUID-NDEBELE	TSMANA	SUID-SOTHO	SHANGAAN	VENDA	ANDER	TOTAAL
Blanke gebiede:												
Kaap	1 093 216	8 D11	597	2 173	183	293	185 588	36 999	1 196	242	31 673	1 360 171
Natal	80 677	992 262	8 696	1 747	329	260	1 003	21 266	4 450	182	5 149	1 116 021
Transvaal	367 035	767 122	373 105	589 510	108 114	169 989	805 730	471 718	332 315	105 426	177 208	4 267 272
O.V.S.	182 976	123 712	4 298	9 236	3 114	7 230	116 517	777 802	6 298	834	85 291	1 317 308
Subtotaal N	1 723 904	1 891 107	886 696	602 666	111 740	177 772	1 108 838	1 307 785	344 259	106 684	299 321	8 060 772
Blanke gebiede%	43,9	47,0	77,5	37,6	61,5	76,3	64,5	90,1	46,7	29,8	94,1	53,5
Bantoetuislande:												
Queque	53	366	6	12	2		61	24 189	1	1		24 691
Bophuthatswana	27 567	26 659	9 483	65 706	22 820	27 935	600 241	26 886	55 665	5 419	15 765	884 146
Ciskei	509 607	120	21	23	15	3	119	13 594	5	11	46	523 564
Gazankulu	78	810	2 659	25 301	75	88	96	301	234 244	3 387	333	267 372
KwaZulu	14 882	2 057 471	6 765	566	92	155	387	14 365	888	92	1 225	2 096 888
Lesowa	3 010	7 192	10 895	899 301	46 836	26 897	9 207	2 395	74 227	2 960	1 356	1 084 277
Swazi	113	21 286	81 890	3 287	102	85	108	489	10 426	29	30	117 845
Transkei	1 650 825	20 893	174	64	36	62	119	61 658	12	2	86	1 733 931
Venda	47	154	126	6 928	30	24	191	128	17 442	239 334	61	264 465
Subtotaal N	2 206 182	2 134 951	112 019	1 001 188	70 008	55 249	610 529	144 005	392 910	251 235	18 902	6 997 178
Tuislande %	56,1	53,0	22,5	62,4	38,5	23,7	35,5	9,9	53,3	70,2	5,9	46,5
Totaal N	3 930 086	4 026 058	498 715	1 603 854	181 748	233 021	1 719 367	1 451 790	737 169	357 919	318 223	15 057 950
Suid-Afrika %	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

Oorgeeem uit Bevolkingsensus, 6 Mei 1970, Bevolking van stede, dorpe en nie-stedelike gebiede, Verslag Nr. 02-05-01, Tweede Uitgawe, Staatsdrukker, Pretoria.


Skematies voorgestel lyk die demografiese siklus soos volg:



Die meganisme van die demografiese siklus word soos volg deur De Klerk verduidelik: "In fase I van die siklus is die geboortesyfer nog nie deur ekonomiese en sosiale veranderinge beïnvloed nie en is dit 'n maksimum in ooreenstemming met tradisionele gewoontes. Die sterftesyfer is ook 'n maksimum en onaangetas deur sosiale en mediese vooruitgang. In fase II bly die geboortesyfer steeds hoog en kan selfs styg, maar as gevolg van beter mediese dienste beskikbaar, begin die sterftesyfer daal, met 'n gevolglike styging in die relatiewe natuurlike aanwas. Volgens Sadie (1972) bevind die Bantoebevolking van Suid-Afrika hom in die tweede fase met 'n hoë geboorte- en dalende sterftesyfer Fase III is die oorgangstadium waarin die stygende lewenstandaard, sosiale veranderinge en die aanvaarding van nuwe lewenswaardes deur huisgesinne 'n invloed op die natuurlike aanwas begin uitoefen, deurdat geboortebeperking toegepas begin word en die geboortesyfer verlaag terwyl die vermindering in die sterftesyfer ook verder voortgesit word. Sodra vrugbaarheid vinniger as sterftes begin afneem, sal die natuurlike aanwassyfer begin daal Fase IV word bereik

nadat die vrugbaarheidsyfer reeds vir 'n lang tydperk vinniger as die sterftesyfer afgeneem het, sodat die natuurlike aanwas reeds op 'n betreklike lae peil is.

In fase V word 'n besonder lae natuurlike aanwassyfer aangetref. Die Blankebevolking met 'n geboortekoers van ongeveer 23 per 1 000, in vergelyking met 32 in die geval van Asiërs en 42 vir die Kleurlinge en die Bantoes, het reeds die verste gevorder op die demografiese siklus en verkeer in fase V." Volgens bogemelde kan die relatiewe posisie van die vier hoofbevolkingsgroepe in die Republiek van Suid-Afrika dus soos volg op die demografiese siklus aangetoon word:



Tabel 3/16 toon die geprojekteerde bevolkingstalle vir Blankes (1970 - 2020), volgens Moster en Sadie, aan.

Tabel 3/17 toon die geprojekteerde bevolkingstalle vir Kleurlinge, Tabel 3/18 dié vir Asiërs en Tabel 3/19 toon die geprojekteerde bevolkingstalle vir Bantoes vir die tydperk 1970 tot 2020. Tabel 3/20 toon vervolgens die aandeel van Bantoe in die totale landsbevolking 1970 tot 2020.

Opsommendergewys kan dus vanaf Tabel 3/19 en 3/20 en die projeksie van Sadie die volgende groei-

TABEL 3/16

GEPROJekteERDE BEVOLKINGSGETALLE VIR BLANKES VOLGENS

MOSTERT EN SADIE, 1970 TOT 2020

JAAR	M O S T E R T			S A D I E			
	LAE FER- TILITEIT	MEDIUM FERTILITEIT	HOF FER- TILITEIT	IMMIGRASIE INGESLUIT		IMMIGRASIE UITGESLUIT	
	IMMIGRASIE INGESLUIT			GETAL	GROEI PER JAAR %	GETAL	GROEI PER JAAR %
1970	3 775 900	3 775 900	3 775 900	3 822 000		3 822 000	
1975	4 221 500	4 223 800	4 225 200	4 274 000	2,26	4 125 000	1,54
1980	4 703 400	4 716 700	4 728 500	4 762 000	2,19	4 433 000	1,45
1985	5 186 100	5 221 500	5 255 100	5 274 000	2,06	4 750 000	1,39
1990	5 680 800	5 751 200	5 819 000	5 798 000	1,91	5 069 000	1,31
1995	6 159 000	6 282 300	6 402 300	6 336 000	1,79	5 394 000	1,25
2000	6 632 800	6 826 900	7 021 800	6 890 000	1,69	5 726 000	1,20
2005	7 089 600	7 379 000	7 677 000	7 464 000	1,61	6 067 000	1,16
2010	7 495 500	7 910 600	8 337 400	8 055 000	1,54	6 403 000	1,08
2015				8 636 000	1,40	6 729 000	1,00
2020				9 204 000	1,28	7 039 000	0,91

Oorgeneem uit De Klerk, D. Die groei van die bevolking en arbeidsmag van die Bantoe en die implikasies van die groeinigings. Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede 10, 1974. p.10.

TABEL 3/17

GEPROJEKTEERDE BEVOLKINGSGETALLE VIR KLEURLINGE VOLGENS

MOSTERT EN SADIE, 1970 TOT 2020

JAAR	M O S T E R T			S A D I E	
	LAE FERTILI- TEIT	MEDIUM FERTI- LITEIT	HOE FERTI- LITEIT	GETAL	GROEI PER JAAR %
1970	2 048 300	2 048 300	2 048 300	2 097 000	
1975	2 329 800	2 332 900	2 335 500	2 432 000	2,99
1980	2 641 100	2 649 800	2 658 600	2 818 000	2,99
1985	3 007 000	3 027 500	3 046 100	3 261 000	2,97
1990	3 393 100	3 427 000	3 463 000	3 756 000	2,85
1995	3 769 000	3 824 800	3 884 100	4 299 000	2,74
2000	4 129 500	4 217 100	4 310 900	4 890 000	2,61
2005	4 489 700	4 621 100	4 760 700	5 530 000	2,47
2010	4 839 200	5 031 400	5 236 400	6 218 000	2,36
2015				6 950 000	2,25
2020				7 720 000	2,11

Oorgeneem uit De Klerk, D. Die groei van die bevolking en arbeidsmag van die Bantoe en die implikasies van die groeineigings. Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede 10, 1974. p.10.

TABEL 3/18

GEPROJEKTEERDE BEVOLKINGSGETALLE VIR ASIERS VOLGENS

MOSTERT EN SADIE, 1970 TOT 2020

JAAR	M O S T E R T			S A D I E	
	LAE FERTILITEIT	MEDIUM FERTILITEIT	HOG FERTILITEIT	GETAL	GROEI PER JAAR %
1970	628 100	628 100	628 100	651 000	
1975	712 400	713 600	714 400	734 000	2,43
1980	802 300	805 600	808 000	825 000	2,36
1985	891 900	898 100	903 600	921 000	2,22
1990	981 600	991 700	1 001 700	1 018 000	2,01
1995	1 068 900	1 085 000	1 101 500	1 115 000	1,82
2000	1 154 100	1 178 400	1 201 200	1 215 000	1,73
2005	1 235 400	1 270 500	1 304 900	1 317 000	1,62
2010	1 311 100	1 360 500	1 409 900	1 420 000	1,61
2015				1 520 000	1,37
2020				1 617 000	1,23

Orgeneem uit De Klerk, D. Die groei van die bevolking en arbeidsmag van die Bantoe en die implikasies van die groeinigings. Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede 10, 1974 p. 11.

TABEL 3/19

GEPROJEKTEERDE BEVOLKINGSGETALLE VIR BANTOES VOLGENS

MOSTERT EN SADIE, 1970 TOT 2020

JAAR	MOSTERT			SADIE	
	LAE FERTILITEIT	MEDIUM FERTILITEIT	HOG FERTILITEIT	GETAL	GROEI PER JAAR %
1970	15 564 900	15 564 900	15 564 900	15 468 000	
1975	17 557 700	17 588 700	17 588 700	17 823 000	2,87
1980	19 979 600	20 081 500	20 136 200	20 639 000	2,97
1985	22 727 300	22 929 900	23 087 000	23 989 000	3,04
1990	25 781 600	26 147 200	26 419 200	27 892 000	3,06
1995	29 099 200	29 743 100	30 202 600	32 304 000	2,97
2000	32 662 900	33 707 300	34 528 700	37 293 000	2,90
2005	36 430 600	38 068 200	39 483 400	42 809 000	2,78
2010	40 342 400	42 815 200	45 107 300	48 908 000	2,69
2015				55 590 000	2,57
2020				62 798 000	2,45

Oorge neem uit De Klerk, D. Die groei van die bevolking en arbeidsmag van die Bantoe en die implikasies van die groeinetings. Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede 10, 1974. p.11.

TABEL 3/20

AANDEEL VAN DIE BANTOE IN DIE
TOTALE BEVOLKING, 1970 TOT 2020

Jaar	Getal Bantoes	Persentasie van bevolking
1970	15 057 951	70,2
2000:		
Sadie	37 293 000	74,1
Mostert, medium fertiliteit	33 707 300	73,3
Mostert, hoë fertiliteit	34 528 700	73,4
2020:		
Sadie	62 798 000	77,0

1) Oorgeneem uit: De Klerk, op.cit., p.12.

syfers vir die Bantoebevolking van Suid-Afrika geprojekteer word.

TABEL 3/21

GROEISYFERS TEN OPSIGTE VAN DIE
BANTOEBEVOLKING VAN SUID-AFRIKA

Jaar	Geprojekteerde bevolkingsgroei per jaar %
1970	-
1975	2,87
1980	2,97
1985	3,04
1990	3,06
1995	2,97
2000	2,90
2005	2,78
2010	2,69
2015	2,57
2020	2,45

Die draaipunt ten opsigte van die Bantoebevolkingsgroei word dus in 1990 voorsien. By die voorsiening van Bantoebehuising moet bogemelde geprojekteerde bevolkingsgroei dus in ag geneem word.

Die bevordering van gesinsbeplanning onder die Bantoe om hom sodoende vinniger op die demografiese siklus na fase III en IV te voer, is ook uiters belangrik. Dit wil voorkom asof hierdie aspek by die oorskakeling van stedelike Bantoebelange vanaf plaaslike besture na Bantoesake-administrasierade beslis skade gely het as gevolg van wetlike implikasies en die feit dat gesondheidsdienste nou formeel as 'n funksie van Staatsgesondheid gesien word. Gesinsbeplanningsveldtogte in Wes-Transvaal onder die Bantoe het beslis as gevolg hiervan afgeneem.

Daar is deur middel van Vraeboog 3 vasgestel dat slegs 20,93% van die stedelike Bantoes in Wes-Transvaal begerig is om tuisland toe te verhuis. Amptelik is daar 'n waglys vir slegs 5,1% van die stedelike Bantoebevolking. Tabel 3/22 toon die amptelike waglys vir wonings, hostelbeddens en tuislandvestiging aan. Daar bestaan 'n amptelike waglys vir 5 203 huise, 3 996 hostelbeddens vir mans en 1 325 hostelbeddens vir vroue in die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad. 'n Totaal van 8 087 persone wag amptelik op tuislandvestiging. Volgens amptelike rekords woon daar 'n totaal van 32 605 Bantoes (manlik en vroulik) by gesinne in stedelike Bantoewoongebiede in Wes-Transvaal as loseerders. In Blankeagterplase in Blanke-dorpe in die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad woon daar volgens amptelike rekords wettig 12 745 Bantoes en volgens skatting 1 662 onwettig as sluipslapers in.

TABEL 3/22

BEWUSINGSKORT : AMPTELIKE WAGLYS VIR HUISE EN HOSTELBEDDENS

STEDELIKE BANTOEWOON- GEBIED	WAGLYS VIR HUISE (AMPTELIK)	WAGLYS VIR HOSTEL- BEDDENS (AMPTELIK)			WAGLYS VIR TUISLANDVESTIGING		LUSEERDERS IN BANTOEWOON- GEBIED		
		MANS	VROU	TOTAAL	SIELE	GESINNE	MANLIK	VROULIK	TOTAAL
Fochville	10	50	300	350	81	15	87	140	227
Koster	160	50	0	50	144	25	406	204	610
Carleton- ville	329	600	800	1 400	2 595	584	1 830	2 052	3 882
Potchefe- stroom	1 920	540	100	640	366	69	3 475	2 310	5 785
Ventersdorp	20	100	0	100	132	31	289	117	406
Holmarans- stad	190	0	0	0	0	0	445	552	997
Klerksdorp	1 564	1 216	0	1 216	405	81	3 654	4 021	7 675
Stilfontein	13	0	0	0	306	51	108	1 617	1 725
Bloemhof	90	200	0	200	0	0	208	269	477
Orkney	122	0	0	0	154	22	2 194	1 668	3 862
Makwasse	30	40	0	40	0	0	242	237	479
Hartbees- fontein	100	200	0	200	60	10	265	282	547
Leeudoring- stad	130	90	0	90	0	0	200	170	370
Delareyville	100	600	100	700	3 284	496	475	493	968
Christiana	425	240	0	240	500	100	571	677	1 248
Biestesvlei	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Lichtenburg	0	0	0	0	0	0	54	50	104
Coligny	0	0	0	0	0	0	68	118	186
Swartruggens	0	0	0	0	0	0	132	81	213
Ottosdal	0	0	0	0	0	0	116	154	270
Zeerust	0	0	0	0	0	0	207	94	301
Schweizer- Reneke	0	0	0	0	0	0	1 108	1 165	2 273
Amalia	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Glaudina	0	20	5	25	0	0	0	0	0
Sannieshof	0	50	20	70	60	10	0	0	0
Ottoshoop	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	5 203	3 996	1 325	5 321	8 087	1 494	16 134	16 471	32 605

Indien aanvaar word dat ongeveer 21% van die huidige stedelike Bantoebevolking in Wes-Transvaal bereid is om tuisland toe te verskuif, word daar vir die Bantoe onder jurisdiksie van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad die volgende getal wonings vir onmiddellike bewoning benodig. (Gebaseer op huidige bestaande wonings as 17 326; plus waglys vir wonings 5 716; totaal = 23 042.)

In Blankegebied	79%	=	18 203
In tuisland	21%	=	4 839
			23 042
Totaal			23 042

Wonings beskikbaar in stedelike Bantoewoongebiede in Wes-Transvaal is 17 326; met ander woorde daar word 'n totaal van 877 wonings onmiddellik in Blankegebied benodig indien 21% van die bevolking na hul tuisland verskuif word, en die res in Blankegebied geakkomodeer word. ('n Totaal van 4 839 wonings sal dus in die tuisland gebou moet word.)

Indien tuislandvestiging nie onmiddellik kan geskied nie, sal 'n totaal van 5 716 wonings in Blankegebied (in Wes-Transvaal) opgerig moet word.

Met inagneming van die demografiese siklus en Sadie se bevolkingsprojeksies sal die stedelike Bantoebevolking in Blankegebied in Wes-Transvaal soos volg groei vir die periode 1975 tot 2000.

TABEL 3/23

BANTOEBEVOLKING IN HUISE IN
BLANKBEHEERDE GEBIED

Jaar	Stedelike Bantoebevolking in woonhuise in Blankbeheerde gebied (Wes-Transvaalse Bantoesake- administrasieraad)
1975	124 217
1980	143 932
1985	166 614
1990	191 748
2000	249 676

Die volgende behuisingsbehoefte sal as gevolg hiervan ontstaan:

TABEL 3/24

BEHUISINGSBEHOEFTE IN WES-TRANSVAAL

Jaar	Totale aantal wonings benodig vir gesins= huisvesting in Wes- Transvaal	Addisioneel bo huidige syfer 1975	Byvoeging vir 5-jaar= periode
1975	23 042	5 716	-
1980	26 704	9 378	3 662
1985	30 912	13 586	4 208
1990	35 575	18 249	4 663
1995	40 723	23 397	5 148
2000	46 322	28 996	5 599

Bogemelde syfers is gebaseer op die natuurlike aanwas van die huidige stedelike Bantoebevolking wat as huisgesinne tans huise in stedelike Bantoe woonbuurtes in Wes-Transvaal bewoon. Daar is verder aangeneem dat geen tuislandvestiging uit hierdie kategorie plaasvind nie. Indien 21% van die bevolking (dit wil sê dié wat tuislandvestiging begeer) wel gevestig kan word, deur die beskikbaarstelling van huise in die tuisland, verminder die aantal wonings benodig in Blankegebied, dienooreenkomstig. In totaal sal daar egter nog dieselfde aantal wonings opgerig moet word (tuisland en Blankegebied) om die natuurlike bevolkingsaanwas te akkomodeer.

Indien 'n 21%-tuislandvestiging op vrywillige basis sou kon realiseer (wat om verskeie redes sterk bevraagteken word), sal die minimum aantal wonings wat deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad opgerig moet word om die natuurlike bevolkingsaanwas te akkomodeer, soos volg wees:

<u>Tot die jaar</u>	<u>Aantal huise bygevoeg vir periode</u>	<u>Fondse benodig</u>
1975	4 516	R9 032 000
1980	2 892	R5 784 000
1985	3 324	R6 648 000
1990	3 684	R7 368 000
1995	4 067	R8 134 000
2000	4 423	R8 846 000

Dit sal dus nodig wees om vir gesinshuisvesting alleen, die bostaande bedrae te begroot.

3.4 Samevatting

Teoreties gesien, bestaan daar 'n behuisingspektrum wat strek van die eenvertrekthut tot by die meervertrekwoning vir die bevrediging van die Bantoe se behuisingsbehoefte in Wes-Transvaal. In die praktyk egter kan die Bantoe nie veel van 'n keuse uitoefen oor tipe huisvesting wat hy verlang nie aangesien die behuisingstekort en oorbewoningsvraagstuk veroorsaak dat die Bantoe nie 'n vrye keuse het betreffende die tipe woning wat hy verlang nie. Woonstelakkommodasie en troshuise word as potensiële huisvesting vir die Bantoe aanbeveel en daar is bevind dat veral die jonger garde nie tradisioneel so gekant is teen woonstelbewoning nie. In sommige gevalle word dit selfs as 'n prestige-faktor beskou.

Die teoretiese behuisingsiklus toon 'n aanvraag na groter woonakkomodasie in die middel van 'n gesinsiklus met 'n afname lateraan, namate kinders die huis verlaat. Daar behoort dus eintlik 'n rotasie van gesinne in wonings plaas te vind. Jonggetroudes behoort 'n kleinere huis te bewoon om later, soos die gesinsgrootte groei, na 'n groter huis oor te trek. Veel later, wanneer die kinders die huis reeds verlaat het, kan hulle weer na 'n kleinere woning terug skuif.

Die teorie van Vraag en Aanbod, soos dit geld in 'n vryemarksituasie, is nie van toepassing op Bantoebehuising in stedelike Bantoewoongebiede nie weens die behuisingstekort en die feit dat die Bantoe nie vrylik wonings mag koop en verkoop nie.

Behuisingsfaktore wat van toepassing is by die voorsiening van Bantoebehuising is onder andere:

- (i) 'n positiewe vraag na behuising;
- (ii) goedkeuring van staatsweë;
- (iii) 'n ondernemer of entrepreneur;
- (iv) grond;
- (v) boumateriaal;
- (vi) arbeid;
- (vii) kapitaal;
- (viii) dienste;
- (ix) beplanning en ontwerpverkeidenheid;
- (x) kommunikasiefasiliteite; en
- (xi) gemeenskapsdienste.

In die Republiek van Suid-Afrika is daar 'n totaal van 4 224 261 Bantoes woonagtig in 308 Bantoe=woongebiede in Blankegebied onder jurisdiksie van die 22 Bantoesake-administrasierade. Daar is 465 940 huise en 362 035 hostelbeddens beskikbaar om boge=melde persone te akkomodeer. Indien al die hostel=beddens as ten volle beset beskou word, word die res van die stedelike Bantoe dus ingedeel in die wonings teen 'n totaal van 8,289 persone per woning. Met inagneming van die feit dat ongeveer 21,7% van hier=die huise kleiner is as die standaard-viervertrek=woning (met ander woorde, drievertrek- tweevertrek=en eenvertrekwonings) kan daar geen twyfel bestaan dat daar beslis oorbewoning bestaan en 'n gevolglike positiewe vraag na behuising aanwesig is nie. Die amptelike waglys vir wonings in die Republiek beloop 110 489 terwyl 118 132 hostelbeddens ook benodig

word.

Vir Wes-Transvaal of meer spesifiek vir die gebied onder jurisdiksie van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, is die volgende syfers beskikbaar ten opsigte van die stedelike Bantoe woon-gebiede in die gebied:

aantal inwoners	158 681
aantal wonings	17 326
aantal hostelbeddens	9 558
tekort aan huise	5 716
tekort aan hostelbeddens	5 411
gemiddelde inwonertal per huis	7,46

Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is tans aktief besig met behuisingsvoorsiening in die vorm van huise (boutempo \pm 200 - 500 per jaar) te Itsoseng in die Bophuthatswana-tuisland. Verder voorsien die raad in sy eie gebied enkelkwartierbehuising (Klerksdorp 1 000 beddens in aanbou, Delareyville 700 beddens in aanbou, ensovoorts). Tuislandontwikkeling en tuislandvestiging geskied egter heeltemal te stadig om selfs die natuurlike aanwas te akkomodeer en dit sal beslis versnel moet word; - of as alternatief, sal gesinshuisvesting in Blankegebied uitgebrei moet word.

Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad onderneem ook die oprigting van huise op boereplase vir Bantoeplaaswerkers en selfs die oprigting van huise vir korporasies, myne, ensovoorts op 'n nie-winsgewende basis.

Grond as behuisingsfaktor is relatief skaars en moet versigtig beplan en benut word. Hoëdigtheidsbehuising om grond beter te benut, word voorgestel.

Kapitaal as behuisingsfaktor of anders gesien, die finansiering van Bantoebehuising, is 'n baie belangrike faktor. Die Republiek as geheel benodig ongeveer R275 miljoen en die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, benodig ongeveer R13 miljoen om slegs die huidige behuisingstekort uit te wis. Hierdie bedrae maak nie voorsiening vir die bevolkingsaanwas nie.

Indien snelvervoer tussen tuislanddorpe en die Blanke-stedelike werksterrein kan realiseer, kan die grootste persentasie van bogemelde fondse na die tuislande gekanaliseer word om die behuising aldaar te voorsien. Indien snelvervoer nog ver in die toekoms lê, sal hierdie fondse vir Bantoebehuising in Blankegebied benodig word.

Slegs 21,46% van die Bantoes in huise in stedelike Bantoewoongebiede binne die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is tevrede met hul huidige huisvesting. Daar bestaan 'n besliste behoefte aan groter huisvesting en beter dienste, selfs al moet daar meer daarvoor betaal word. Adviserende Bantoe Komitees wat genader is, is van mening dat:

- (a) die huidige behuisingstoestand in stedelike Bantoewoongebiede onbevredigend is;
- (b) woonstelle as tussentydse maatreël vir bewoning aanvaarbaar sal wees;
- (c) elitewoonbuurtes in stedelike Bantoewoongebiede aangê behoort te word; en
- (d) die Bantoehuisbewoner bereid sal wees om meer te betaal vir beter behuising en geriewe.

Die huidige bevolkingsaanwas van die Bantoe beloop ongeveer 2,87% per jaar. Die draaipunt van die Bantoebevolkingsgroei volgens die demografiese siklus word gesien as 1990 (3,06%).

Daar word tans volgens amptelike rekords 5 716 huise benodig om die behuisingstekort in stedelike Bantoewoongebiede in Wes-Transvaal uit te wis. 'n Geprojekteerde behoefte om vir gesinsaanwas voorsiening te maak, is soos volg:

Jaar	Huise addisioneel benodig	Beraamde oprigtingskoste (huidige waarde)
1975	5 716	R11,14 miljoen
1980	3 662	R 7,32 miljoen
1985	4 208	R 8,4 miljoen
1990	4 663	R 9,3 miljoen
1995	5 148	R10,3 miljoen
2000	5 599	R11,2 miljoen

Dit is dus duidelik dat daar wel 'n behuisings= behoefte bestaan en dat die behoefte om begryplike redes so gou moontlik uit die weg geruim moet word.

Indien snelvervoerbepanning daarvoor voorsie= ning maak en indien die nodige fondse beskikbaar gestel kan word, kan 'n groot persentasie gesinswo= nings in die tuisland in plaas van in Blankegebied opgerig word. Uitbreiding van gesinshuisvesting in Blankegebied is beslis ook nodig en groter wonings as die viervertrekwoning word dringend deur die stedelike Bantoe verlang.

HOOFSTUK 4

BEPLANNINGS- EN ONTWERPKRITERIA

4.1 Inleiding

Met inagneming van die wye veld wat deur hierdie ondersoek gedek word, is daar tot die slotsom geraak dat 'n kort oorsig oor bestaande beplannings- en ontwerpkrriteria ten opsigte van stedelike Bantoe- woonbuurtontwikkeling, ook noodsaaklik is.

Tydens die ou bedeling toe stedelike Bantoe- woongebiede deur die plaaslike owerhede beheer is, is verskillende norme ten opsigte van minimumstandaarde, afhange van elke plaaslike owerheid se eie standaard-bouregulasies, riolerings- en loodgietersregulasies, dorpsaanlegskemas, ensovoorts, toegepas. Met die instelling van die 22 Bantoesake-administrasierade vind ontwikkeling op 'n veel breër grondslag plaas. Gereelde beoogde samesprekings tussen die Tegniese Direkteure van die bestaande Bantoesake-administrasierade, om eenvormige standaarde te bepaal en toe te pas, word in die vooruitsig gestel.

In hierdie hoofstuk word slegs 'n kort oorsig gegee van bestaande minimumstandaarde vir Nie-Blankewoongebiedontwikkeling.

4.2 Agtergrondstudie

Vir Blankebehuising is daar deur middel van wetgewing voorsiening gemaak vir eenvormige boueregulasies wat saamgevat is in Wet no. 33 van 1962. ¹⁾ Vir Bantoebehuising bestaan geen amptelike wetgewing so omskrywend en samevattend van aard as bogemelde wetgewing nie. Daar bestaan wel amptelike voorskrifte by die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling ten opsigte van tuislandontwikkeling ²⁾ en 'n "Leidraad vir die beplanning van Nie-Blankedorpsgebiede" uitgegee deur die Nasionale Behuisingskantoor. ³⁾ Verder bestaan daar 'n "Handboek van standaardvereistes vir meesterplanne en dorpsaanlegplanne vir Indiër- en Kleurling-gemeenskappe" ⁴⁾ wat deur die Departement van Gemeenskapsbou gebruik word as handleiding ook ten opsigte van Bantoebehuising. In die laaste plek

-
- 1) Die Wet word tans weer hersien.
 - 2) South African Bantu Trust. Standard specification for the departmental construction of houses in Bantu townships (F.G. 59/3). Pretoria, Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.
 - 3) Nasionale Behuisingskantoor. 'n Leidraad vir die beplanning van Nie-Blankedorpsgebiede. Pretoria, Staatsdrukker, 1951.
 - 4) Departement van Gemeenskapsbou. Handboek van standaardvereistes vir meesterplanne en dorpsaanlegplanne vir Indiër- en Kleurling gemeenskappe. Pretoria, Staatsdrukker, Julie 1967.

het die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die W.N.N.R. 'n omvattende studiereeks ten opsigte van Bantoebehuising gepubliseer. Pionierswerk ten opsigte van die ontwikkeling van laekostebehuising is deur hierdie instansie gedoen. ¹⁾

(Vervolg op bls. 177.)

-
- 1) Die volgende verslae is onder andere in hierdie verband deur die W.N.N.R. gepubliseer:
- (i) Report of the committee on the cost of building urban Bantu houses;
 - (ii) Report of the sub-committee on the technical elements in urban Bantu houses;
 - (iii) Report of the sub-committee on the efficiency of labour in urban Bantu housing;
 - (iv) Report of the sub-committee on the materials used in urban Bantu housing;
 - (v) Report of the sub-committee on overheads

-
- and profits in urban Bantu housing; and
- (vi) Report of the sub-committee on unorthodox methods of constructing urban Bantu houses.

Die volgende studiestukke is ook deur die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die W.N.N.R. opgestel:

- (i) Native housing research in South Africa, 1951;
- (ii) Minimum standards of accommodation for the housing of non-Europeans in South Africa, 1952;
- (iii) Site selection in non-European estate layouts, 1951;
- (iv) The planning of non-European residential areas in South Africa, 1951;
- (v) A study of the socio-economic status of Native families in the Payneville Location, Springs, 1952;
- (vi) The existing provision and estimated requirements of housing for the urban Bantu;
- (vii) The structural requirements of single-storey Native houses, 1952;
- (viii) Some further investigations into the structural requirements of single-storey urban Bantu houses;
- (ix) The resistance of thin walls to rain penetration - a review of the literature, 1951;
- (x) A method for evaluating the resistance of walls to penetration by rain;
- (xi) Considerations of thermal conditions in low-cost houses in South Africa in relation to climate and the health and well-being of the occupants;
- (xii) Permanent ventilation in urban Bantu houses of the tipe NE51/9, 1953;

-
- (xiii) Flues for solid fuel appliances in Native housing;
 - (xiv) Cost norms for Native housing, 1952;
 - (xv) Some reduced cost norms for Native housing, 1952;
 - (xvi) The economics of different methods of foundation construction of urban Bantu houses in relation to slope of ground;
 - (xvii) The costs of Native housing - present day costs of brick houses at Vereeniging, 1951;
 - (xviii) Time studies of labour employed on the building of urban Bantu houses, using European artisans, 1953;
 - (xix) Time studies of labour employed on the building of urban Bantu houses using Native building workers on a craft basis, 1953;
 - (xx) Time studies on the laying of orthodox bloks in walling of urban Bantu housing, 1953;
 - (xxi) Time studies of labour employed on the building of urban Bantu houses using Native building workers on an operative basis;
 - (xxii) Overheads and profits in relation to Native housing;
 - (xxiii) Technological considerations in a new approach to housing for Black South Africans, 1972;
 - (xxiv) Economics in site metering of water in urban Bantu townships, 1961;
 - (xxv) Urban Bantu townships R/Bou 10, 1963;
 - (xxvi) Low-cost housing for South Africa, 1960;
 - (xxvii) Minimum standards of accomodation for the housing of non-Europeans in South Africa, 1952; and
 - (xxviii) Die lewenswyse van stedelike Naturelle, 1950.

Dit is dus duidelik dat die voorsiening en ontwikkeling van laekoste-Bantoebehuising met groot erns deur die W.N.N.R. ondersoek is.

Bestaande wetgewing wat tot 'n meerdere of mindere mate betrekking het op Bantoebehuising is onder andere:

- (i) Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet (Wet no. 25 van 1945 met regulasies);
- (ii) Volksgesondheidswet (Wet no. 36 van 1919 soos gewysig met regulasies);
- (iii) Slumswet (Wet no. 53 van 1934 soos gewysig);
- (iv) Plaaslike Bestuursordinansies van die verskillende provinsies;
- (v) Dorpsaanlegskemas en verordeninge van die verskillende dorpe en provinsies;
- (vi) Behuisingswet (Wet no. 4 van 1966 soos gewysig);
- (vii) Wet op Heffings vir Bantoe-dienste (Wet no. 64 van 1952 soos gewysig);
- (viii) Wet op Naturellebouwerkers (Wet no. 27 van 1951 soos gewysig);
- (ix) Wet op die hervestiging van Bantoes (Wet no. 19 van 1954);
- (x) Wet op Groepsgebiede (Wet no. 41 van 1950 soos gewysig);
- (xi) Wet op Behuising (noodmagte) (Wet no. 45 van 1945); en
- (xii) Woningswet (Wet no. 35 van 1920).

Dit is duidelik dat met soveel losstaande wetgewing, inligting en spesifikasies dit vir argitek-te, beplanners en ingenieurs in die Republiek haas onmoontlik is om eenvormige standarde te handhaaf tensy 'n tersaaklike opsomming van die neergelegde spesifikasies, wette en regulasies beskikbaar is.

In Februarie 1947 is daar in Port Elizabeth 'n konferensie gehou waarby onder andere afgevaardigdes van die Departement van Behuising, Departement van Gesondheid en ander instansies besin het oor die daarstelling van minimum standarde vir Bantoe-en Kleurlingbehuising. ¹⁾

Die Port Elizabeth-konferensie het tentatiewe minimum standarde voorgestel wat later gebruik is deur die W.N.N.R. in opdrag van die Nasionale Behuisingskommissie vir die daarstelling van die betrokke minimum standarde.

Agt sub-komitees van die W.N.N.R. het in 1949 'n tussentydse verslag voorgelê waarna die volgende publikasies die lig gesien het: ²⁾

-
- 1) Calderwood, D.M. Native housing in South Africa. D.Phil-proefskrif. Universiteit van Witwatersrand. Johannesburg, 1953. p.24.
 - 2) Ibid.

W.N.N.R. Serie no.	Titel
DS. 1	Social Trends (including population needs, family structure and family economics in so far as they affect South Africa's housing situation).
DS. 2	Attitudes of Occupants to Housing.
DS. 3	House Planning and Design.
DS. 4	Estate Planning.
DS. 5	Heating, Cooling and Ventilation.
DS. 6	Natural and Artificial Lighting.
DS. 7	Noise.
DS. 8	Legislation.
DS. 9	Interim Report of the Main Committee.

Aanbevelings wat voortgevloei het uit bogemelde studies is bestudeer deur 'n gesamentlike komitee van die Nasionale Behuisingskantoor, Pretoria, die destydse Departement van Naturellesake en die Nasionale Bounavorsingsinstituut. Nadat bogemelde aanbevelings gewysig is om die gesamentlike komitee tevrede te stel, is dit gepubliseer as minimumstandaarde vir behuising vir Nie-Blankes in

Suid-Afrika. ¹⁾ Na aanleiding hiervan is 'n reeks standaardplanne opgestel ²⁾ waaruit plaaslike besture hul behuisingskemas volgens behoefte en plaaslike omstandighede kan beplan.

4.3 Kriteria vir die beplanning en ontwerp van stedelike Bantoewoongebiede

Die enigste amptelike handleiding in hierdie verband wat opgespoor kon word, is die publikasie van die Nasionale Behuisingskantoor van Pretoria, getiteld "n Leidraad vir die beplanning van Nie-Blanke dorpsgebiede". Hiermee saam moet gelees word die standaardvereistes van die Departement van Gemeenskapsbou en algemene dorpsbeplanning= beginsels soos toegepas deur dorpsbeplanners in die Republiek van Suid-Afrika. 'n Ongepubliseerde werkie van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling getiteld "Guide to the planning of townships in Bantu homelands" bied ook besondere bruikbare gegewens.

Die kriteria vir die beplanning en ontwerp van stedelike Bantoewoongebiede soos kortliks saamgevat uit bogemelde handleidings, word in die volgende paragrafe bespreek.

-
- 1) Calderwood, D.M. en Connell, P.H. Minimum standards of accommodation for the housing of non-Europeans in South Africa. Pretoria, W.N.N.R. Bulletin no. 8, Junie 1952.
 - 2) Byvoorbeeld NE51/9, NE51/6, ensovoorts.

4.3.1 Terreinkeuse en terreinuitleg

Die keuse van 'n terrein vir die oprigting van 'n stedelike Bantoewoongebied is baie belangrik. Die eerste kriterium is natuurlik of geskikte grond teen 'n redelike prys op 'n algemeen aanvaarbare terrein beskikbaar is. Met geskikte grond word bedoel grond wat geskik is vir boudoeleindes. Kleiagtige gedeeltes of gedeeltes waar 'n groot helling of ander topografiese eienskappe konstruksiekoste kan verhoog, moet liefers vermy word. Die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die W.N.N.R. is beskikbaar om instansies leiding te gee en die nodige toetse uit te voer ten einde die bodemgesteldheid van enige voorgenome woonbuurt te bepaal. Sonering as sodanig soos omvat in 'n plaaslike bestuur se dorpsaanlegskema moet gekontroleer word indien die voorgestelde Bantoe woonbuurt binne die grense van die betrokke dorpsaanlegskema van die Blankemunisipaliteit val. Die afkondiging van 'n groepsgebied vir die betrokke bevolkingsgroep is nodig in terme van die Groepsgebiedewet. ¹⁾

Die prys van grond is natuurlik 'n relatiewe begrip en moet, in samewerking met die betrokke finansiële raadgevers van die Bantoesake-administrasieraad, oorweeg word. Dit is belangrik dat aspekte soos woonbuurtskeiding tussen rasse-groepe en die

1) Wet no. 41 van 1950 (soos gewysig).

voorsiening van die nodige buffersones deeglik in ag geneem word. Transportaktes van die grondge= deeltes waarop die beoogde woonbuurt beplan word, moet deeglik nagegaan word vir die identifisering van serwitute, uitspannings, mineraleregte en ander beperkende faktore. Algemene gesondheidsaspekte soos die aanwesigheid van skadelike industrië, die heersende windrigting (veral om te voorkom dat rook vanaf die Bantoe woonbuurt in wintermaande 'n oorlas op aanliggende Blanke- residensiële gebiede skep), die hoogte van die natuurlike watertafel en potensiële lugbesoedeling, moet deeglik in ag geneem word.

Die verhouding van die Bantoe se blyplek met betrekking tot sy werksplek, Blankestadsentrum, deurpadstelsels, ensovoorts moet ook deeglik oor= weeg word. Die potensiële doeltreffendheid van vervoerdienste (pad of spoor) moet ook al in hierdie stadium oorweeg word. Die Tegniese Departement van 'n Bantoesake-administrasieraad wat van voorneme is om 'n Bantoe woonbuurt aan te lê, sal oor al hierdie aspekte en nog vele meer, leiding kan gee.

Dit is uiters belangrik dat 'n stedelike Bantoe woonbuurt so beplan word dat voorsiening vir 'n hinterland gemaak word waar toekomstige uitbrei= ding (afhangende van bevolkingsgroei), nywerheids= aanvraag ten opsigte van Bantoe-arbeid en staats= beleid, kan geskied.

Tabel 4/1 bied 'n kontrolelyd vir gebruik by die keuse van 'n terrein vir 'n nuwe stedelike Bantoe= woonbuurt soos voorgestel deur die Nasionale Behuisingskantoor. 1)

TABEL 4/1

VOORGESTELDE KONTROLELYD VIR TERREINKEURING
BY 'N BEHUISINGSAAANLEG

Naam van terrein:

Munisipaliteit:

Datum van opmeting:

PUNTE OM TE OORWEEG

OPMERKINGS

1. Toon die transportakte dat die terrein vry is van laste?

2. Toon die Hoofplan en/of Dorps= aanlegskema dat hierdie terrein vry is om as 'n woonbuurt ontwikkel te word?

1) Nasionale Behuisingskantoor, op.cit., p.39.

3. Is die Departement van Naturel=
lesake of die Adviserende Raad
vir Grondbesit genader in ver=
band met rasse-sone-indeling?

4. Beïnvloed die sone-indeling
van aangrensende terreine soos
op die Hoofplan en/of Dorps=
aanlegskema aangewys, die
keuring van hierdie terrein
onder oorweging?

5. Sal die Raad of Beherende
Gesag sy goedkeuring verleen
aan die ontwikkeling van
hierdie terrein vir:

- (a) Onmiddellike vereistes?
- (b) Toekomstige uitbreidings?

6. Het die Geneeskundige Gesond=
heidsbeampte sy mening uitge=
spreek omtrent die geskikt=
heid al dan nie van hierdie
terrein vir ontwikkeling as
'n woonbuurt vanuit 'n gesond=
heidsgesigpunt?

- (a) Is die gebied laaglig=
gend in verhouding tot
die omliggende lande?
- (b) Is die grond redelik po=
reus?
- (c) Wat is die aansig van die
terrein? (flou helling
noordwaarts, ens.)
- (d) Kom daar enige laaglig=
gende gebiede in die na=

-
- byheid van die terrein (Malaria-gebiede) voor?
- (e) Is die terrein in 'n besondere mate aan wind blootgestel?
-

7. Is daar enige gevare in die vorm van:
- (a) Hoofverkeerroetes?
 - (b) Spoorweglyne?
 - (c) Moontlikheid van oorstroming van gebied?
 - (d) Vinnig-vloeiende riviere?
-

8. Is daar enige bronne van oorlas, d.w.s. fabrieksdampe, geraas, stof van mynhoop, vibrasies, reuke, ens.?
-

9. Wat is die vorms van openbare vervoer, hoe dikwels is dit beskikbaar en sal die volume voldoende wees vir die nuwe ontwikkeling?
-

10. Hoe lank neem dit om by wyse van die vervoerfasiliteite die dorpsentrum te bereik en wat is die koste van die vervoer?
-

-
11. Hoe lank neem dit om by wyse van die openbare vervoerfasiliteite werksplekke te bereik en wat is die koste van die vervoer?
-
12. Is daar enige werksbron binne:
- (a) Loopafstand (1 myl)?
 - (b) 'n Afstand wat met 'n fiets afgelê kan word (5 myl op flou hellings)?
-
13. In uitbreiding van bestaande skemas:
- (a) Is daar enige bestaande parke, sportterreine, ens. binne loopafstand?
 - (b) Is daar enige skole of winkels binne loopafstand?
-
14. Is die volgende dienste op die terrein beskikbaar:
- (a) Drinkwater?
 - (b) Sanitasie (vermeld watter tipe)?
 - (c) Vuilgoedverwydering?
 - (d) Elektrisiteit?
 - (e) Brandbeveiliging?
 - (f) Enige ander munisipale dienste, straatverligting, ens?
 - (g) Sal polisiebeskerming beskikbaar wees?

(h) Watter administrasie word vereis? (Loka=siesuperintendent, ens.)

15. Topografie oor die algemeen; is die terrein bevorderlik vir ontwikkeling as 'n woonbuurt?

16. Hoeveel grond sal vermors word (weens moerasse, skerp hoeke, ens.) uitgedruk as 'n persentasie van die geheel?

17. (a) Is daar proefgate op die terrein gegrawe?
(b) Is die grond geskik vir fundamente van wonings?
(c) Is die grond geskik vir bewerking?
(d) Is daar enige bestaande bome wat die moeite werd is om te bewaar?
(e) Toestande van enige bestaande paaie op terrein?
(f) Toestande van enige bestaande gebou op terrein?
(g) Is die helling van die terrein geskik vir die oriëntering van geboue?
(h) Is die helling van die terrein geskik vir rioleering, vloedwaterdreinerings en afloop?
-

PUNTE	OM	TE	OORWEEG	OPMERKING
18.	(a)	Weet u hoeveel gesinne gehuisves moet word?		
	(b)	Hoe groot is hierdie gesinne?		
	(c)	Is daar enige alleenlopende persone wat gehuisves moet word?		
	(d)	Watter behuisingsdigtheid begeer u?		
19.	(a)	Watter oppervlakte word toegestaan vir nie-woonterreine?		
	(b)	Voldoen die oppervlakte van die terrein aan hierdie behoeftes d.w.s. behuising en ameniteite?		
20.		Wat is die koste van grond?		
21.		Watter uitwerking sal die ontwikkeling van hierdie terrein op die omliggende gebied uitoefen?		
22.		Is die onderhawige terrein deur die betrokke Regeringsliggame geïnspekteer en goedgekeur?		
	(a)	Gesondheidsdepartement.		
	(b)	Departement van Naturelesake.		
	(c)	Nasionale Behuisings- en Plannekommissie.		
	(d)	Adviserende Raad vir Grondbesit.		

(e) Provinsiale Administrasie.

23. Algemene kommentaar oor terrein.

Die opstel van 'n meesterplan om die gekoördineerde ontwikkeling en groei van 'n bepaalde gebied te verseker, is noodsaaklik. Die plan moet voorsiening maak vir topografiese detail, die ligging van nabygeleë Blanke- en ander gebiede, toevoerdienste soos paaie en spoorlyne, 'n dorpsuitlegplan wat alle persele met bestemmings aantoon, ensovoorts.

Op die aanlegplan moet ook 'n grondgebruikstabel verskyn wat die relatiewe benutting van elke gedeelte van die totale oppervlakte wat vir dorpsontwikkeling bestem is, aantoon. 'n Voorbeeld van so 'n tabel ¹⁾ word in Tabel 4/2 aangetoon.

Die voltooide dorpsaanlegplan moet na die Departement van Gemeenskapsbou via die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling vir goedkeuring verwys word.

1) Nasionale Behuisingskantoor, op.cit., p.12.

TABEL 4/2GRONDGEBRUIKTABEL

Sonering	Opper= vlakke in acre	Persentasie van totale oppervlakte
Buffergebied	17	5,02
Hinterland	34	10,00
Spesiale woonpersele	147	43,24
Skole	30	8,82
Winkels en markte	3	0,88
Gemeenskapsentrum en kerke	6	1,76
Sportgronde	12	3,52
Parke	10	2,94
Paaie en parkeerareas	78	22,94
Administrasie	3	0,88
Totaal	340	100
Bruto digtheid	5,88 wonings/acre	

4.3.2 Woonbuurtbeplanning

4.3.2.1 Behuising

Die mens as huisbewoner verlang privaatheid vir die uitvoering van die volgende funksies:

- (i) afsondering en ontspanning;
- (ii) klereversoring (was en droog);
- (iii) kinderspeelplek;
- (iv) tuinmaak; en
- (v) leef en asemhaalruimte (plek om motors te was en te stoor, ensovoorts).

'n Handleiding vir woongebieddigtheidsbepaling word in Tabel ¹⁾ 4/3 weergegee.

TABEL 4/3

WOONGEBIEDDIGTHEIDSBEPALING

Woningtipe	Perseelgrootte m ²	Dekking ²⁾
Losstaande huise	300 tot 400	30%
Skakelhuise	250 tot 300	30%
Ryhuise	240 tot 250	30%

1) Nasionale Behuisingskantoor, op.cit., p.15. (aangepas by nuutste standaarde van die departement).

2) Dekking verwys na die verhouding tussen die oppervlakte van die gebou en dié van die perseel.

Perseelafmetings kan wissel van 8m x 30m tot ongeveer 13m x 30m.

'n Keuse ten opsigte van die tipe huise bewoon deur die inwoners, is belangrik. 'n Opname ¹⁾ in Wes-Transvaal het getoon dat daar beslis 'n behoefte bestaan aan verskillende tipe huisvesting en ook verskillende tipes woonbuurtes. Veral in plekke soos Ikageng (Potchefstroom), Khutsong (Carletonville) en Jouberton (Klerksdorp) word elitebuurtes verlang.

4.3.2.2 Opvoedkundige inrigtings

Die onderwys van Bantoe kinders resorteer onder die Departement van Bantoe-onderwys. Met opvoedkundige inrigtings word bedoel crèches, laer primêre-, hoër primêre- en junior sekondêre skole. Senior sekondêre skoolgeriewe moet volgens staatsbeleid in die tuisland verskaf word. Skole word in die verhouding voorsien van 1 chrèche vir elke 300 wonings en 1 laer primêre skool vir elke 400 wonings. Hoër primêre- en junior sekondêre skole word beraam op 1 skool vir elke 300 wonings.

Bogemelde is by benadering aanvaarbare norms. By finale vasstelling oorweeg die Departement van Bantoe-onderwys egter ander faktore soos totale inwonertal, bevolkingsamestelling, ensovoorts.

1) Vraeboog 4: adviserende Bantoe komitee.

Hoër opvoedkundige inrigtings is die verantwoordelikheid van en ressorteer onder die tuislandregerings. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is behulpzaam by die oprigting van sodanige inrigtings as agent van die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust. As voorbeeld kan gemeld word dat die raad gedurende die huidige finansiële boekjaar besig is met die oprigting van 'n senior sekondêre skool ten bedrae van R120 000 met 2 koshuise, een vir 100 seuns en een vir 100 dogters, te Itsoseng in Bophuthatswana.

4.3.2.3 Ontspanningsgeriewe

Buitemuurse ontspanningsgeriewe sluit in speelparke vir kleiner kinders, speel- en sportgronde vir skoolgaande kinders en parke en publieke oop ruimtes vir volwassenes. Daar kan aangevoer word dat eersgenoemde by privaatwoonhuise in die vorm van eie tuine voorsien word, dat sportgronde vir skoolkinders by skole voorsien word maar ten opsigte van laasgenoemde moet daar spesifieke voorsiening gemaak word. Die Departement van Gemeenskapsbou dring aan op 'n minimum oppervlakte van 1 hektaar per 1 000 persone as publieke oop ruimte. 'n Nuttige vergelykingstabel ¹⁾ vir hierdie doel is die volgende:

1) Verkry vanaf Departement van Gemeenskapsbou.

TABEL 4/4

STANDAARDE VIR ONTSPANNINGSFASILITEITE

Bevolking	Oppervlakte in hektaar		
	Sport= gronde	Speel= terreine	Publieke oop ruimte
0 - 1 250	1,5	0	0
1 250 - 2 500	1,5	0 - 0,25	0 - 1,25
meer as 2 500	0,5/1 000	0,1/1 000	0,5/1 000

Bogemelde inligting moet altyd aangepas word na aanleiding van die nuutste dorpsbeplanningstendense. Die Departement van Gemeenskapsbou gee altyd positiewe leiding in hierdie verband.

4.3.2.4 Handel en Nywerheid

Voorsiening van hierdie geriewe wissel van geval tot geval. Die nabyheid van Blanke- en Indiërkoopsentra oefen 'n groot invloed hierop uit. Tipiese geriewe soos die "brood-en-paraffien-winkels" en steenkoolwerwe moet beslis voorsien word. Daar kan egter verwag word dat, veral in groter woongebiede, die voorsiening van groot winkelgeriewe om in kompetisie met Blanke- en Indiërkoopsentrums te opereer, binnekort sal moet realiseer. Die nodige geriewe vir hierdie doel

moet op die aanlegplan van die betrokke woonbuurtes voorsien word. 'n Norm van ongeveer 0,2 hektaar per 1 500 persone word tans as aanvaarbaar beskou. Die plasing van die betrokke terreine is baie belangrik en moet in oorleg met die Departement van Gemeenskapsbou beplan word.

Garagepersele is tans in aanvraag by seker'e dorpe in Wes-Transvaal (Ikageng, Jouberton en Khutsong). Die beplanning hiervan moet ook baie versigtig deur die nodige tegnies-bekwame persone gedoen word.

4.3.2.5 Strate en parkeerareas

Voldoende rygeriewe en parkeerareas moet verskaf word. Die voorsiening van voldoende parkering is noodsaaklik maar omdat die Bantoe, anders as die Blanke, tot 'n groot mate die lokale besigheidpersele per voet of per fiets besoek, moet die besighede nie geheel en al omring word van parkeereilande sodat dit totaal afgesonder word van die aanliggende residensiële gebiede nie. Die Departement van Gemeenskapsbou sal weer eens in hierdie geval die nodige leiding kan gee.

'n Besliste gebrek wat in bestaande stedelike Bantoewoongebiede opgemerk word, is die onvoldoende fasiliteite vir motors in 'n gemeenskap waar motorbesit so geweldig toeneem. Tydens veldwerk is talle versoeke ontvang vir die voorsiening van motorskuilings by bestaande wonings. Hierdie is 'n aspek

wat beslis in die nabye toekoms aandag sal moet geniet.

4.3.2.6 Gesondheidsdienste

Die voorsiening van hierdie geriewe word deur Staatsgesondheid beheer. Kliniekpersele word voorsien teen 'n digtheid van ongeveer 0,5 ha per 10 000 persone. Begraafplase word voorsien teen ongeveer 3 ha per 10 000 persone vir 'n 60-jaar termyn.

4.3.2.7 Biersale en drankwinkels

Hierdie aangeleentheid word deur die Departement Handelsprojekte van elke Bantoesake-administrasieraad beheer. Die Tegniese Departemente sorg vir die oprigting daarvan. Die mark as sodanig is die oorheersende faktor wat die omvang en grootte van hierdie fasiliteite beheer.

4.3.2.8 Administratiewe kantore ¹⁾

Die voorsiening van administratiewe kantore, poskantore, polisiekantere, ensovoorts hang ten nouste saam met die aard en grootte van die bevolking. Dit word van plek tot plek op meriete behandel. 'n Riglyn in hierdie verband is 0,10 ha per

1) Verwerking van bestaande standarde van die Departement van Gemeenskapsbou.

20 000 inwoners ten opsigte van poskantoorgeriewe, 0,25 ha per 25 000 persone ten opsigte van polisie=kantoorgeriewe en 0,20 ha per 10 000 persone vir administratiewe doeleindes.

Die huidige stelsel van voorafvervaardigde geboue vir administratiewe doeleindes soos gebruik by talle dorpe binne die regsgebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, kan nie sterk genoeg afgeraai word nie. Afgesien van die feit dat die meeste van hierdie geboue hopeloos te klein en ondoeltreffend is, is hulle swak geplaas en termies swak geïsoleer. Dit strek beslis nie die raad tot eer om sy amptenary in hierdie tipe geboue te huisves nie.

4.3.3 Algemene opmerkings

Die volgende kriteria is saamgevat uit voor=skrifte wat deur die Nasionale Behuisingskantoor ¹⁾ ten opsigte van die dorpsaanlegplan van 'n stedelike Bantoewoongebied, neergelê is: ²⁾

-
- 1) Nasionale Behuisingskantoor, op.cit., p.36.
 - 2) Aangesien die betrokke voorskrif nie gemetriseer is nie, word die imperiale mates hier weergegee net soos dit in die voorskrif verskyn.

"KRITERIA VIR DIE OPSTEL VAN 'N NIE-
BLANKEDORPSAANLEG

1. Vir losstaande huise, moet syruimtes van 16'0" tussen wonings gelaat word, en die ruimte tussen die woning en die grens moet nooit minder as 6'0" wees nie, sodat daar 'n syruimte van 10'0" vir voertuigtoegang oorbly. By skakelhuse is 'n oop ruimte van 20'0" tussen eenhede noodsaaklik. Die minimum afstand tussen geboue (voorkant tot voorkant, agterkant tot agterkant, of voorkant tot agterkant, na gelang van die geval) moet vir hierdie enkelver= diepingwoningen 50'0" wees.
2. Aandag moet geskenk word aan heersende winde, beskutting in tuine en voorsiening van regstreekse sonlig wanneer die terrein vir geboue op die erwe gekeur word.
3. By rasse-groepering moet 'n doeltreffende bufferstrook voorsien word. As daar nie 'n natuurlike of kunsmatige buffer aanwesig is nie, byvoorbeeld 'n bultjie of bestaande nywerhede, sal die breedte van so 'n buffer vasgestel word in oorleg met die Departement van Naturellesake.
4. Wanneer beplanning oorweeg word, is dit nood= saaklik om te let op die ontwikkeling van die gebied tot op datum, aangesien dit as leidraad vir die toekoms sal dien.

5. Daar bestaan 'n algemene neiging om die grond te rojaal te gebruik en dit sal goed wees as ons 'n bietjie nadink oor die uitgestrekte geaardheid wat die voorstede sal aanneem indien daar met hierdie mildheid voortgegaan word. Uitgestrektheid kan ook daartoe lei dat wonings sleg geleë is wat betref werksplekke, en dit kan onnodige uitgawe aan vervoer en vertraagde bekwaamheid by werkers meebring.

6. Dienste moet op alle stadiums van beplanning in aanmerking geneem word, selfs al staan hulle eers op 'n veel latere datum voorsien te word. Beplande dienste sal groter besparings meebring, en onbeplande dienste waarvoor daar geen voorsiening gemaak word wanneer die skema in die lewe geroep word nie, maar wat wel op 'n latere stadium vereis word, sal die besteding van groter bedrae vir die volgende geslag noodsaak. "Beplan altyd vir dienste" is 'n goeie leuse en sal milde diwidende vir die jare wat voorlê, betaal.

7. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat vandag se plan môre se lewenspatroon uitmaak. Overhede moet aan oppervlaktes wat vandag as oop ruimtes ingedeel word, as geproklameerde gebied dink en daar moet nie voor die voet daarop gebou word sodat die hele skema te klein beplan word nie. Die belangrikheid daarvan om toereikende grond vroeg aan te koop, kan nie genoegsaam beklemtoon word nie.

8. By die opstel van aanlêe moet die beplanner oorweging skenk aan die voorsiening van transformator-terreine, pompstasies en derglike aangeleenthede.

Wanneer rioolwegdoeningsterreine by die skema ingelyf word, moet daar sorgvuldig te werk gegaan word by die keuring van terreine met inagneming van die heersende wind, grondtipe, besoedeling weens uitvloeisels, ensovoorts. In die geval van vuil-goedverwydering, moet die koste noukeurig ontleed word om te sorg dat sentrale versameling en verwydering nie te duur is teenoor 'n alternatiewe plaaslike stelsel nie.

9. Die straatpatroon moet eenvoudig gehou word ten einde ekonomiese planne te kan opstel.

10. Oppervlaktes wat as oop ruimtes afgesonder word, moet in groot gebiede gekonsentreer wees, aangesien hulle dan makliker en meer ekonomies ontwikkel en in stand gehou kan word.

11. Plaaslike besture en beplanners moet oordeelkundigheid asook tegniese vaardigheid en verbeelding aan die dag lê wanneer hulle aanlegplanne opstel. Die grondbeginsel by beplanning moet wees om konstruksiekoste laag te hou om sodoende hoë huurgelde te bespaar en die oprigting van meer wonings moontlik te maak. By Nie-Blankebehuisingsskemas is die eerste oogmerk om 'n woonplek aan die huurder teen 'n minimum prys te verskaf en die tweede om 'n omgewing te skep wat bevordelik is vir 'n vol en gelukkige lewe, wat lei tot die ontwikkeling van goeie

burgers vir die gemeenskap van die toekoms."

4.4 Ontwerpkriteria ten opsigte van dienste

Dienstevoorsiening van Bantoewoongebiede verskil wesentlik van dienstevoorsiening aan Blanke woonbuurtes. Behuisingsvoorsiening aan Bantoes verskil ook wesentlik van behuisingsvoorsiening aan Blankes en ook gemeenskapsfasiliteite word verskillend voorsien. Dit is dus noodsaaklik om elk van hierdie fasiliteite se ontwerpkriteria deeglik voor oë te sien. Daar moet egter steeds onthou word dat die Bantoe, anders as die Blanke, in 'n snelontwikkelingspiraal is waar hy enersyds self poog en andersyds deur advertensiemedia en ander faktore aangespoor word om hom so gou as moontlik by Blankelewenstandaarde aan te pas. Langtermyndienste moet dus, met hierdie faktor altyd voor oë gehou, beplan word.

4.4.1 Dienste

Met dienste as sodanig word bedoel:

- (a) riolering of nagvuilverwydering;
- (b) watervoorsiening;
- (c) elektrisiteitsvoorsiening; en
- (d) strate en paaie.

4.4.1.1 Riolering en nagvuilverwydering

'n Opsomming van bestaande kriteria ten opsigte van riolering van stedelike Bantoewoongebiede en tuislanddorpe word kortliks hieronder weergegee. 1)

TABEL 4/5

RIOOLONTWERPKRITERIA VIR BANTOEWOONGEBIEDE

Rioolafloop vir:	Gell/erf/dag	Liters/erf/dag ²⁾
Woonpersele	150	670
Aqua private	74	340
Hostelle, hotelle en woonstelle	20	90
Hospitale kleiner as 150 beddens	80	360
Hospitale groter as 150 beddens	120	540
Oksidasiedamme	volgens W.N.N.R. spesifikasies	
Nagvuilverwydering	1 emmer/erf	1 emmer/erf

- 1) Fourie en Pretorius. 'n Herskouing van sekere aspekte van die ontwerpstandaarde vir water- en rioolnetwerke in tuislanddorpe. Verslag no. 229, Augustus 1974. p.30.
- 2) Benaderde syfers.

In sommige stedelike Bantoewoongebiede is daar om ekonomiese redes nog geen spoelrioolstelsels voorsien nie. Uit 'n higiëniese oogpunt gesien is die installering van rioolstelsels vir alle Bantoe-woongebiede noodsaaklik.

4.4.1.2 Watervoorsiening

Die standaard ten opsigte van watervoorsiening aan 'n stedelike Bantoe woonbuurt wissel vanaf rudimentêre dienste met 'n kriteria van een staankraan per 30 huise, tot individuele huisaansluitings vir spoelrioolstelsels. Ontwerpkriteria in hierdie verband is onder andere soos volg: ¹⁾

TABEL 4/6

WATERVOORSIENINGSTANDAARDE

Minimumdruk by enige punt	40vt. waterdruk
WATERVERBRUIK:	
woonpersele	250 gell/erf/dag
hostelle, hotelle, woonstelle	5 beddens = 1 woonerf
hospitale (1 - 150 beddens)	100 gell/erf/dag
hospitale (meer as 150 beddens)	150 gell/erf/dag
Brandkraanuitvloei	25 g.p.m.
Stoorkapasiteit vir resevoirs	24 uur opgaarkapasiteit

1) Ongemetriseerde syfers direk aangehaal uit Fourie en Pretorius, op.cit., p.30.

4.4.1.3 Elektrisiteitsvoorsiening

Die standaard toegepas in tuislanddorpe beloop 1,5 K.V.A. per woning. In stedelike Bantoe=woongebiede kan dit egter baie hoër wees afhangende van spesifieke omstandighede. 'n Standaard van 3 tot 4 K.V.A. per huis word byvoorbeeld as realisties vir Ikageng, Khutsong en Jouberton beskou.

4.4.1.4 Strate en paaie

Die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het 'n departementele handleiding ten opsigte van straatwydtes en daarmee gepaardgaande minimumspesifikasies. Oor die algemeen word baie laer standaard voorgeskryf as wat in Blankewoon=buurtes van toepassing is.

4.4.1.5 Opsommend

Opsommend kan dus gemeld word dat daar wel bestaande norme en minimumstandaarde bestaan ten opsigte van dienstevoorsiening in stedelike Bantoe=woongebiede en tuislanddorpe. Hierdie standaard moet beslis as 'n minimum beskou word en niks verhoed Bantoesake-administrasierade om hoër standaard te aanvaar nie.

4.5 Ontwerpkriteria vir wonings

4.5.1 Algemeen

Die minimumstandaarde ten opsigte van behuising soos deur die W.N.N.R. gewysig en gepubliseer in 1951 ¹⁾ kom kortliks op die volgende neer:

TABEL 4/7
MINIMUMSTANDAARDE VIR BANTOEBEHUISING ²⁾

Gesins= grootte (persone)	Huis= grootte (aantal vertreke)	Vertrekgroottes m ²			
		Hoof= slaap= kamer	Ander slaap= kamer	Kombuis	Sit= kamer
2 tot 3	2	-	-	6,50	10,96
4 tot 5	3	10,96	-	7,34	10,68
6 tot 7	4	10,96	8,73	8,36	11,15
8 tot 9	5	10,96	8,73	9,29	11,62
10 tot 11	6	10,96	8,73	10,22	12,08
Twee be= jaardes	ouete= huis	-	-	6,50	10,22

- 1) W.N.N.R. Nasionale Bounavorsingsinstituut. Minimum standards of accommodation for the housing of non-Europeans in South Africa. Pretoria, 1951. p.4.
- 2) Die betrokke verslag se groottes is in imperiale mate. Dit is gerieflikheidshalwe gemetriseer.

4.5.2 Die doeltreffendheid van die viervertrekwoning

Seker een van die gewildste huisplanne vir Bantoebehuising wat uit bogemelde voortgevloei het, is die sogenaamde NE51/9-woning (met badkamer) of NE51/6-woning (sonder badkamer).

Daar is vasgestel dat vir die Republiek as n geheel daar n totaal van 261 847 viervertrekwonings vir Bantoebehuising deur plaaslike besture opgerig is wat 56,2% verteenwoordig van die totale aantal wonings in stedelike Bantoewoongebiede in die Republiek. ¹⁾

Die viervertrekwoning soos ontwerp deur die W.N.N.R. is bedoel vir gebruik deur n gesin van ongeveer 6 persone.

Tydens opnames wat gedoen is, is gevind dat slegs n klein persentasie van die Bantoehuisbewoners in Wes-Transvaal tevrede met hul huidige huisvesting is. Spesifieke versoeke vir n addisionele vertrek by die viervertrekwoning het gelei tot n departementele ondersoek deur die Departement Tegniese Dienste van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad.

In haar verslag "How our urban Natives live" ²⁾

1) Sien Hoofstuk 3.

2) Nasionale Bounavorsingsinstituut, Die Lewenswyse van ons stedelike Naturelle. Pretoria, 1950. p.15.

wys Betty Spence daarop "it is evident from the material collected that the Native people are well on the way adopting a European mode of living in their houses though certain tribal habits, such as the women's preference for sitting on the floor, and the separation of men and women at meals are still retained to some extent".

In 'n onlangse ondersoek deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ¹⁾ is die volgende bevind: "die tradisionele gewoonte dat die vader afsonderlik van die gesin eet, word baie sterk by respondente uit die laer sosio-ekonomiese status-groep gevind en redelik sterk by diegene uit die middel en hoër statusgroepe. Verandering is egter ook besig om geleidelik in te tree".

In 'n ondersoek uitgevoer deur die Departement Tegniese Dienste van die Wes-Transvaalse Bantoesaake-administrasieraad by 350 viervertrekhuise te Ikageng Potchefstroom ²⁾ is gevind dat by slegs 24,3% van die respondente, die vader nog afsonderlik van die res van die gesin eet. 'n Ontleding van hierdie vraeboog word in Tabel 4/8 weergegee.

-
- 1) Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Lewenstyl en statusdifferensiasie onder die Pedi en Changaan binne die munisipale gebied van Pretoria. Pretoria, 1975. p.6.
 - 2) Sien Bylaag D.

TABEL 4/8

GEBRUIK VAN VIERVERTREKWONING TE IKAGENG

Inwoners gebruik die 51/6-woning se vertrekke soos volg: ¹⁾

Vertrek	Aantal gevalle uit 350	Persentasie van totaal
K1 vir slaap	350	100%
K2 vir slaap	344	98,3%
K3 vir slaap	117	33,4%
Kombuis vir slaap	21	6,0%
k1 vir eet	0	0%
K2 vir eet	0	0%
K3 vir eet	66	18,9%
Kombuis vir eet	335	95,7%
Gesin eet as gesin saam	265	75,7%
Mans en vroue eet apart	85	24,3%

'n Totaal van 72% van die wonings besoek, besit volledige eetkamerstelle bestaande uit 'n eetkamer= tafel en stoele en in 33,4% van die wonings is volledige sitkamerstelle opgemerk.

1) Gegewens verwerk uit Vraeboek 5.

In 67,7% van die wonings is 'n volledige hoë-trouradiostel opgemerk.

Bogemelde bevindings verskil tot 'n groot mate van die bevindings wat Betty Spence ¹⁾ in 1950 te Orlando gemaak het. Sy het onder andere bevind: "Rooms are furnished as dining room, bedroom and kitchen. There is seldom any living area and easy chairs are almost non-existent".

Indien die voorgestelde meubelrangskikking in die NE51/9-woning volgens die W.N.N.R. vergelyk word met die werklike toedrag van sake, word bevind dat die huis beslis nie gebruik word soos wat dit beplan is nie. Tot 'n groot mate is die aankoop van ondoel-treffende meubels daarvoor verantwoordelik dat die huise oorvol vertoon en weinig beweeg- en leefspasie daarlaat. Sitkamerstelle, hoëtrou- en ander radio-stelle en eetkamerstelle word in die woonkamer aan-getref en die Bantoe is beslis onwillig om hierdie vertrek as addisionele slaapkamer te gebruik.

Daar word saamgestem met Betty Spence ²⁾ se aanbeveling wat soos volg lui: "Some of the furni-ture problems in these houses are better solved by modifications in the house plan than by the use of independent articles. Already a stove, a concrete work surface, and a fly-proof food cupboard, have

-
- 1) Spence, Betty. Die lewenswyse van ons stedelike Naturelle. Pretoria, W.N.N.R., 1956. p.15.
2) Ibid., p.16.

been included in the kitchens of some Native houses. There should also be built-in cupboards in the bedrooms and shelves and pegs in the storeroom, where this exists. Bunk beds might well be approved for the children, since this would permit of reduction in room size and a consequent saving in house cost".

Daar word egter verskil van die skryfster se aanbevelings dat hierdie tipe ingeboude huisraad aangewend moet word om die slaapkamers van die huis te verklein na 50vt² (4,65m²). Die huidige kamer-grootte moet behou word en dit, tesame met ingeboude stapelbeddens, behoort 'n groter leefspasie aan die gesin te besorg. Die aanbou van 'n vyfde vertrek by die viervertrekwonings word sterk aanbeveel.

Tabel 4/9 gee 'n ontleding van meubelposisies soos gevind in die ondersoek te Ikageng:

TABEL 4/9

MEUBELS IN SITKAMER VAN NE-51/6-STANDAARDHUISE
(ONDERSOEK TE IKAGENG, POTCHEFSTROOM)

Meubelbeskrywing	Aantal gevalle uit 350	Persentasie van totaal
Bank/bed	136	38,6%
Volledige sitkamer= stel	117	33,4%
Radio/hoëtroustel	237	67,7%
Volledige eetkamer= stel	252	72,0%

Indien bo gemelde vergelyk word met die oorspronklike ontwerp en spasiering van meubels in die viervertrekhuus soos wat dit deur die W.N.N.R. ontwerp is, is dit duidelik dat die viervertrek nie meer deur die Bantoe gebruik word soos wat dit oorspronklik beplan is nie. Daar is 'n besliste behoefte by die Bantoe aan 'n afsonderlike sitkamer, soortgelyk aan dié van die Blanke, waar geen slaapfasiliteite voorsien is nie en waar alleenlik gaste ontvang en/of maaltye genuttig kan word.

Uit die gemelde ondersoek te Ikageng ¹⁾ is die

1) Vraeboek 5. (Sien Bylaag E).

volgende gegewens van belang sover dit die vier=vertrekwoning vir Bantoebehuising raak. Uit die 350 respondente word die hoofslaapkamer in 100% van die gevalle vir slaapdoeleindes gebruik, die tweede slaapkamer word in 98,3% van die gevalle as slaapkamer gebruik terwyl in slegs 33,4% van die gevalle in die sit-/eetkamer geslaap word. In 6% van die gevalle word daar in die kombuis geslaap. Uit 'n totaal van 18,9% van die gevalle word daar in die eet-/sitkamer geëet terwyl die kombuis in 95,7% van die gevalle as eetplek gebruik word.

Na aanleiding hiervan is 'n departementele ontwerp vir 'n 5-vertrekwoning deur die Departement Tegnieese Dienste van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad gedoen. Die uitleg van hierdie woning word in Figuur 3/14 verder toegelig.

Inligting ingewin by al die stedelike Bantoe=woongebiede se adviserende Bantoe Komitees ¹⁾ toon dat daar beslis 'n vraag na elektrisiteitsvoorsiening en watervoorsiening in die huise binne die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad se gebied is - selfs al moet daar heelwat meer vir hierdie dienste betaal word.

Dit is interessant om daarop te let dat daar ook by die Bantoe 'n besliste positiewe reaksie ten opsigte van woonstelbehuising gevind is en dat die

1) Vraebocg 4. (Sien Bylaag D).

daarstelling van 'n luukse (elite-) woonbuurt by sekere stedelike Bantoewoongebiede redelik sterk bepleit word.

4.6 Samevatting

Navorsing gedoen deur die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die W.N.N.R. oor Bantoebehuising het gelei tot verskeie publikasies en tegniese navorsingstudies.

In 1947 is 'n belangrike konferensie te Port Elizabeth gehou wat gelei het tot die publikasie van minimumstandaarde vir die oprigting van Bantoe-wonings. 'n Reeks standaardplanne gebaseer op gemelde minimumstandaarde het vervolgens die lig gesien waaruit plaaslike besture 'n keuse ten opsigte van behuisingsvoorsiening aan Bantoes kan maak.

Voorskrifte ten opsigte van dorpsgebiedbeplanning is uitgewerk deur die Departement van Gemeenskapsbou en Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Die Nasionale Behuisingskantoor het 'n samevattende publikasie beskikbaar gestel ten opsigte van Bantoewoongebiedbeplanning. Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en die Departement van Gemeenskapsbou beskik ook oor voorskrifte ten opsigte van dienstevoorsiening aan Nie-Blankewoongebiede wat aspekte soos terreinuitleg, dorpsaanlegplan, riool-, water- en elektrisiteitsvoorsiening, ontspanningsfasiliteite, ensovoorts behandel.

Die Bantoe in stedelike Bantoewoongebiede in Wes-Transvaal is oor die algemeen nie tevrede met die huidige behuising wat aan hom voorsien word nie. Die viervertrekwoning word deur hulle anders benut as wat dit deur die W.N.N.R. beplan is en 'n werklike behoefte aan 'n vyfde vertrek word sterk ondervind. Uit 'n ondersoek gedoen te Ikageng, het geblyk dat die viervertrekwoning soos volg benut word:

Hoofslaapkamer vir slaapdoeleindes	100%
Tweede slaapkamer vir slaapdoeleindes	98,3%
Sitkamer vir slaapdoeleindes	33,4%
Kombuis vir slaapdoeleindes	6,0%

Daar is gevind dat "oorbewoning" van die hoof- en tweede slaapkamer verkies word eerder as om in die sitkamer te slaap. Laasgenoemde word op tipiese westerse styl as ontvangskamer vir gaste ingerig.

'n Besliste verwestering onder die Bantoe-inwoners in stedelike Bantoewoongebiede in Wes-Transvaal is merkbaar en in baie gevalle heers daar ongelukkigheid weens die feit dat die viervertrekwoning nie in 'n normale gesin se behoeftes kan voorsien nie.

Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is besig met navorsingswerk ten opsigte van die daarstelling van 'n goedkoop vyfvertrekwoning waar drieslaapkamers en 'n aparte sitkamer aan gesinne, waar die behoefte daarvoor bestaan, beskikbaar gestel kan word.

HOOFSTUK 5

FINANSIELE ASPEKTE

5.1 Inleiding

Bantoesake-administrasierade moet finansiëel onafhanklik wees en geen subsidie van watter aard ook al van Staatsweë ontvang nie.

Sy Edele die adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het dit baie duidelik in die Volksraad gestel ¹⁾ dat Tesourie beslis geen finansiële bystand aan die betrokke rade sal verleen nie.

Elke Bantoesake-administrasieraad moet dus finansiëel onafhanklik kan funksioneer.

Alle fondse, bates en finansiële verpligtinge is gevolglik by totstandkoming van die rade oorgedra vanaf die plaaslike besture na die betrokke raad binne wie se regsgebied hulle ressorteer.

Bantoesake-administrasierade moet egter nog steeds hulle begrotings van inkomste en uitgawes vir elke boekjaar voorlê aan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling vir goedkeuring. In die betrokke wetgewing ²⁾ word ook

-
- 1) Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, Weeklikse uitgawe 5, 1 Maart 1971 tot 5 Maart 1971, kolom 1978.
 - 2) Die Wet op die administrasie van Bantoesake. Wet no. 45 van 1971.

voorsiening gemaak vir die ouditering van die boeke, rekenings en balansstaat van elke raad deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal.

5.2 Inkomstebronne

Die vernaamste inkomstebronne van Bantoe-administrasierade kan kortliks soos volg saamgevat word:

- (a) bydraes deur die Bantoe self;
- (b) bydraes deur die Blanke;
- (c) handelsaktiwiteite;
- (d) beleggings deur rade; en
- (e) hofboetes (tot 'n mindere mate).

5.2.1 Bydraes deur die Bantoe

Huurgeld uit Bantoewoongebiede, met ander woorde die Bantoe se bydrae vir die verkryging van behuising, is die eerste vorm van finansiering waaruit 'n Bantoesake-administrasieraad sy fondse kan bekom. Hier word onderskei tussen perseelhuur, die huur van verbeterings, loseerdersgelde en hostelfoie. Huiseienaars betaal vanselfsprekend slegs perseelhuur wat onder andere ook koste van dienstevoorsiening (water, riool, as- en nagvuilverwydering) insluit, terwyl huurders ook 'n huurgeld ten opsigte van die woning self moet betaal. Alle huurgeld is gebaseer op 'n sub-ekonomiese- of ekonomiese rentekoers soos dit deur die Departement van Gemeenskapsbou vasgestel word.

Perseelhuur word van tyd tot tyd hersien om vir kostestygings ten opsigte van dienstelewering voorsiening te maak.

Loseerdersgelde ten opsigte van persone wat by familieledede inwoon, word ook aangewend vir die bestryding van uitgawes as gevolg van verhoogde gebruik van dienste. Hostelfoote dek vanselfsprekend alle administratiewe en bedryfskoste ten opsigte van enkelkwartiergeriewe.

Die 1975/76 beraamde inkomste vir die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad uit hierdie bronne het ongeveer R700 000 beloop. Hiervan is ongeveer R670 000 gebruik om uitgawes te dek wat 'n netto inkomste van ongeveer R30 000 vir die raad opgelewer het. Laasgenoemde kon dus vir die bokoste van die raad as 'n geheel aangewend word.

5.2.2 Bydraes deur die Blanke

Fondse wat onder hierdie hoof geïen word, kan verdeel word onder die sub-hoofde:

- (a) bydraes deur werkgewers ten opsigte van Bantoe-arbeid; en
- (b) lisensiëring van persele.

5.2.2.1 Bydraes deur werkgewers

Dienskontrak-, arbeids- en heffingsgelde betaalbaar deur die publiek, die nywerheidssektor, die myne en boere wat Bantoe-arbeid in diens het, word aangewend om die uitgawes verbonde aan die

administrasie van Bantoeaangeleenthede in Blankegebied, die verskaffing van huisvesting en dienste, en die toepassing van arbeidsbeheermaatreëls, te dek. Nyweraars wat self instaan vir behuising van hul Bantoes in goedgekeurde geboue binne stedelike Bantoewoongebiede word teen 'n laer tarief aangeslaan as werkgewers waarvoor behuising ook voorsien moet word. Boere word teen 'n baie lae heffing aangeslaan wat in die meeste gevalle nie eers die administratiewe koste verbonde aan die registrasie van sodanige Bantoeowerknemers dek nie. Bydraes deur die myne ten opsigte van myn-Bantoes in hul diens vorm sedert 1975 'n uiters belangrike inkomstebron vir sommige Bantoesake-administrasierade.

5.2.2.2 Lisensiëring van persele

Lisensiegelde ten opsigte van persele buite stedelike Bantoewoongebiede waar Bantoes inslaap, vorm 'n verdere inkomstebron vir Bantoesake-administrasierade. Hierdie praktyk en ook die daarmee gepaardgaande inkomstebron is egter nie goeie beleid nie en behoort mettertyd geheel en al te verdwyn. In sommige Blankewoongebiede word die oprigting van bediendekamers vir inslaapdoeleindes alreeds geheel en al afgekeur. Met die toenemende toepassing van Blank-by-nagmaatreëls kan verwag word dat, indien alternatiewe akkomodasie in Bantoewoongebiede verskaf kan word, hierdie inkomstebron later grootliks sal verdwyn.

5.2.3 Handelsaktiwiteite

Handelsaktiwiteite as sodanig kan verdeel word in die volgende kategorieë:

- (a) Bantoebier-, Blankedrank- en magouwinste;
- (b) inkomste uit kleinhandelsbedrywigheide;
- (c) inkomste uit markte;
- (d) inkomste uit bioskope en vermaaklikheidsplekke; en
- (e) ander handelsaktiwiteite.

5.2.3.1 Bantoebier-, Blankedrank- en magouverkope

Die grootste inkomstebron van die meeste Bantoesake-administrasierade is sekerlik winste op Bantoebier-, Blankedrank- en magouverkope. G.H. Venter ¹⁾ het 'n inkomste-ontleding van vier rade se begrotings gedoen uit die kategorieë: spesiale raad, raad klas A, raad klas B en raad klas C. Hierdie ontleding word in Tabel 5/1 en Tabel 5/2 weergegee.

1) Venter, G.H. Finansiering van Bantoesake-administrasierade. Referaat gelewer op die konferensie van I.A.N.A. te Pretoria op 24 Oktober 1974. p.3.

TABEL 5/1 ¹⁾

PERSENTASIEVERHOUDING VAN INKOMSTE EN
UITGAWE TOT TOTALE BEGROTING VAN RADE

Raad kategorie	Algemene Admin.		Behuising		Ontspanning + welsyn		Handelsprojekte	
	Inkomste	Uitgawe	Inkomste	Uitgawe	Inkomste	Uitgawe	Inkomste	Uitgawe
Spesiaal	19,32	32,08	20,60	18,17	1,68	4,54	58,35	45,20
Klas A	21,84	12,67	11,37	23,28	0,45	5,22	66,31	58,82
Klas B	20,42	36,26	6,21	6,89	0,39	5,01	72,96	51,83
Klas C	26,10	29,64	11,65	12,11	0,07	2,53	62,15	55,70
Gemiddeld	21,92	27,66	12,45	15,11	0,64	4,32	64,94	52,88

1) Die totale inkomstebegroting wat ontleed is, beloop R70 368 125,00.

TABEL 5/2

HANDELSPROJEKTE: PERSENTASIEVERHOUDING VAN
INKOMSTE EN UITGAVE TOT TOTALE BEGROTING

Raad kategorie	Bantoebier		Blankedrank		Totaal % van begroting	
	Inkomste	Uitgawe	Inkomste	Uitgawe	Inkomste	Uitgawe
Spesiaal	31,03	18,15	27,32	27,05	58,35	45,20
Klas A	52,60	44,38	13,71	14,44	66,31	58,82
Klas B	51,08	31,93	21,88	19,90	72,96	51,83
Klas C	37,18	32,04	24,97	23,66	62,15	55,70
Gemiddeld	42,97	31,62	21,97	21,66	64,94	52,88

Hoewel die omvang van Venter se ondersoek redelik beperk was (slegs 4 uit die 22 rade), dui sy bevindings 'n logiese patroon aan wat deurgaans verwag kan word. So het hy byvoorbeeld bevind dat die handelsprojektedepartemente van die rade verantwoordelik was vir die grootste deel van die inkomste van die rade. Verder het hy bevind dat Bantoebierwinste die grootste enkele winsbydraende faktor binne die handelsprojektedepartemente van die betrokke rade uitmaak. Aangesien slegs 'n persentasie van Blanke=drankwinste na rade gekanaliseer mag word en magou=verkope slegs sedert Augustus 1975 'n bydrae lewer, is en bly Bantoebierwinste nog steeds die grootste enkele inkomstebron van die grootste persentasie van die rade. Hierdie inkomstebron moet beslis positief uitgebrei en ontwikkel word. Reklamevel=togte om die status van Bantoebier onder die Bantoe te verhoog en die daarstelling van beter verkoops=fasiliteite en biersale, moet aandag kry.

5.2.3.2 Inkomste uit handelsbedrywighede

Die perseelhuur ten opsigte van besighede in stedelike Bantoewoongebiede vorm 'n direkte inkomste=bron vir Bantoesake-administrasierade. Venter ¹⁾ is van mening dat hierdie inkomstebron verder uit=gebrei kan word deur kleinhandelbesighede op te rig en te verhuur of self te bedryf. Hy bepleit ook die

1) Venter, op.cit., p.4.

beskikbaarstelling van handelsgeriewe in Bantoewoon=gebiede aan Blanke-inisiatief. Hierdie siening kan beslis nie ondersteun word nie weens die feit dat groot Blankekettingwinkels in staat sal wees om alle mededinging in die woongebied "dood te smoor" tot nadeel van die Bantoe-handelaar.

5 2.3.3 Markte

Daar is wel sommige Bantoesake-administrasierade wat vleis- en groentemarkte in Bantoewoongebiede bedryf en winste daaruit as inkomstebron gebruik. Die daarstelling en verhuring van markfasiliteite dien by ander rade weer as 'n inkomstebron. Hierdie veld word egter nog op klein skaal benut.

5.2.3.4 Bioskope en vermaaklikhede

By grotere Bantoewoongebiede word die vertoon van films en die verhuur van gemeenskapsale vir vermaaklikheidsdoeleindes as inkomstebronne gebruik. Hierdie fasiliteite bied ook aan die Bantoe 'n nood=saaklike metode van vryetydsbesteding.

5.2.3.5 Ander handelsaktiwiteite

5.2.3.5.1 Dienste

Inkomste afkomstig uit die verskaffing van dienste soos elektrisiteitverkope, water- en riool=verspreiding, saniteitsdienste, ensovoorts help ook om Bantoesake-administrasierade se begrotings te balanseer. Die metering van waterverkope word tans

op klein skaal gedoen en daar word aanbeveel dat individuele meters aan alle persele in groter stedelike Bantoewoongebiede verskaf word om verliese as gevolg van waterverkwisting tot 'n minimum te beperk.

5.2.3.5.2 Motorhawens

Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad het alreeds aansoeke ontvang vir die oprigting en bedryf van diens- en vulstasies in twee van sy groter Bantoewoongebiede. Hierdie aansoeke is tans onder oorweging en sal waarskynlik toegestaan word. Perseelhuur en 'n moontlike persentasie-inkomste op alle brandstofverkope kan 'n belangrike inkomstebron vir die raad vorm teryl 'n noodsaaklike diens aan die inwoners van die Bantoewoongebiede gelewer sal word.

5.2.3.5.3 Boerderybedrywighede

Sommige plaaslike besture en selfs sommige Bantoesake-administrasieraade gebruik bogemelde as 'n nuttige inkomstebron om hul begrotings te help balanseer. Indien die onbenutte gedeeltes grond van geproklameerde Bantoewoongebiede vir boerderybedrywighede aangewend kan word, kan 'n aansienlike addisionele inkomste hieruit verkry word.

5.2.3.5.4 Advertensieregte

Die verhuring van advertensiebordpersele en -ruimtes word deur sommige rade as inkomstebron gebruik. Hoewel gering, bied hierdie praktyk beslis 'n addisionele inkomstebron aan rade.

5.2.3.5.5 Verhuur van geboue

Die verhuring van kantoorruimtes, spreekkamers en ander geboue deur Bantoesake-administrasierade aan individue en besighede bied 'n ander klein maar nuttige inkomstebron. Die oprigting en verhuring van winkels, vulstasies, kantore, ensovoorts kan ook onder hierdie bron geklassifiseer word.

5.2.4 Beleggings deur rade

Deur surplus-kapitaal winsgewend te belê tot tyd en wyl dit nodig word, kan 'n addisionele inkomstebron vir rade benut word. Belegging van likiede fondse op spesiale spaarrekenings tot tyd en wyl debiteure daaruit betaal moet word, word deur baie rade as 'n nuttige inkomstebron gebruik.

5.3 Koste van behuising

Die koste van behuisingsvoorsiening sluit in:

- (a) koste van grond;
- (b) koste van woning;
- (c) koste van dienste;
- (d) koste van gemeenskapsfasiliteite; en
- (e) koste van administrasie.

5.3.1 Koste van grond

Hierdie is 'n baie moeilike kostefaktor om in berekening te bring. Aangesien die koste van grond vir Bantoeewoongebiedontwikkeling kan wissel van R0 per ha. (waar die grond vir die aanleg van 'n Bantoe=

woongebied geskenk word) tot R (markprys) per ha. (waar grond vir hierdie doel van privaatinisiatief aangekoop moet word). In sommige gevalle kan daar selfs nog 'n faktor van kompensasie in die vorm van vertroostingvergoeding bykom waar 'n woongebied ver=skuif en die Bantoehuiseienaar vir sy huidige woning vergoed moet word. Aangesien die woning wat so bekom word gewoonlik gesloop word, is daar wynig, indien enige inkomste uit hierdie aard wat terugval na die betrokke raad. Verder moet in ag geneem word dat woonpersele gewoonlik slegs ongeveer 50% tot 60% van die ontwikkelde grondgebied van 'n Bantoewoonge=bied uitmaak. Die res word gebruik vir paaie, strate, parke, sportgronde, ensovoorts. Hierdie grondkoste moet streng gesproke proporsioneel na die woonpersele toegedeel word.

5.3.2 Koste van wonings

Hierdie uitgawe is vanselfsprekend ten nouste gekoppel met die tipe van verbetering wat op die perseel opgerig word. As voorbeeld word 'n tipiese kosteontleding vir die oprigting van 'n gewone 51/9-huis hieronder weergegee:

Fondasie	R 20,00
bobou	R 82,00
balkvulling	R 5,50
dakslaai	R 7,00
loodgieter	R 8,50
ruite	R 4,00
verf	R 11,00
omheining	R 5,50
materiaal	R693,00
huur van toerusting	R 65,00
toesig en bokoste	R298,50
	<hr/>
	R1 200,00
	<hr/>

5.3.3 Koste van dienste

Die beraamde koste van dienstevoorsiening aan 'n perseel beloop ongeveer R1 000,00. Hierdie syfer hang natuurlik van verskeie faktore soos topografie, grondgeaardheid, dorpsuitleg, ensovoorts, af. As gemiddelde standaard is gevind dat die syfer van R1 000 per perseel soos bereken vir Itsoseng redelik aanvaarbaar is vir ontwikkelings binne die gebied van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad.

5.3.4 Koste van gemeenskapsdienste

Die voorsiening van gemeenskapsdienste soos parke, bioskoopfasiliteite, gemeenskapsale, kinderspeelparke, klinieke, skole, ensovoorts moet streng gesproke ook teen woningontwikkeling, belas word.

Hierdie uitgawe wissel egter van geval tot geval en 'n gemiddelde syfer kon tot op datum nog nie vasgestel word nie.

5.3.5 Koste van administrasie

Hierdie uitgawe varieer ook van dorp tot dorp en kon nie na 'n gemiddelde syfer per huis gereduseer word nie. Empiriese syfers van R2,00 tot R5,00 per perseel per maand is bekend maar weens die onwetenskaplike basis waarop dit bepaal is, word die gebruik daarvan vermy.

5.4 Begrotings

Die opstel van die jaarlikse begroting van inkomste en uitgawes van 'n Bantoesake-administrasieraad berus by die Direkteur Finansies van sodanige raad. Nadat elke Direkteur sy besondere behoeftes bepaal het, word die konsepbegroting gewoonlik behandel op 'n Direkteursvergadering waarna dit gekonsolideer en aan die uitvoerende komitee vir oorweging voorgelê word. Hierna word die verskillende adviseerende Bantoe Komitees en stedelike Bantoe Raade ook geken voordat die begroting aan die raad en daarna aan die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling vir finale goedkeuring voorgelê word. 'n Kort opsomming en bespreking van die 1974/75-, die 1975/76- en die 1976/77-begrotings van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad word ter illustrasie behandel.

5.4.1 Inkomste- en uitgawesyfers vir die 1974/75-,
die 1975/76- en die 1976/77-boekjaar

Tabel 5/3 toon die vergelykende begrote inkomste- en uitgawesyfers vir bogemelde 3 finansiële jare aan. Die begrote inkomstesyfers van die laaste 4 finansiële jare word soos volg saamgevat:

boekjaar	begrote inkomste	persentasie vermeerdering
1973/74	R 6 673 716	-
1974/75	R 8 958 817	34,24%
1975/76	R11 145 330	24,41%
1976/77	R14 280 835	28,13%

In die 1974/75-boekjaar was daar begroot vir 'n totale tekort van R218 874. Daar is begroot vir 'n oorskot van R374 994 in 1975/76 en 'n oorskot van R608 715 in 1976/77.

Die werklike tekort vir die 1974/75-boekjaar is op 12 November 1975 ¹⁾ aan die uitvoerende komitee voorgelê as R322 312,62. Dit is dus in der waarheid R103 438,62 meer as waarvoor begroot is.

In totaal het die Wes-Transvaalse Bantoe-administrasieraad op 31 Maart 1975 nog oor die volgende opgehoopte fondse beskik: ²⁾

1) Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad, uitvoerende komitee, agenda 12 November 1975. p.110.

2) Ibid.

TABEL 5/3

BEGROTE INKOMSTE- EN UITGAWESYFERS VIR DIE WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

REKENING 1)	DIE 1974/75-BEGROTING			DIE 1975/76-BEGROTING			DIE 1976/77-BEGROTING		
	UITGAWE	INKOMSTE	TEKORT (-) OORSKOT (+)	UITGAWE	INKOMSTE	TEKORT (-) OORSKOT (+)	UITGAWE	INKOMSTE	TEKORT (-) OORSKOT (+)
Algemeen	3 170 617	1 821 769	-1 348 848	4 340 565	2 387 542	-1 953 023	4 741 325	3 721 735	-1 019 590
Behuising	603 025	554 702	- 48 323	689 103	730 130	+ 41 027	656 690	698 580	+ 41 890
Ontspanning en welsyn	438 307	35 129	- 403 178	281 681	54 557	- 227 124	249 725	56 675	- 193 050
Handelsprojekte									
a) Bantoebier	2 792 749	4 599 704	+1 806 955	3 160 636	5 302 600	+2 141 964	4 703 155	6 007 280	+1 304 125
b) Blankedrank 2)	1 739 344	1 951 606	+ 212 262	2 616 610	3 003 010	+ 386 400	3 628 405	4 102 505	+ 474 100
Skole	38 353	38 359	+ 6	68 150	53 900	- 14 250	72 100	73 340	+ 1 240
MIN Blankedrank gekontra	—	9 001 269			11 531 739			14 660 115	
		42 452	(20%)		386 400	(100%)		379 280	(80%)
Totale begrote inkomste		8 958 817			11 145 339			14 280 835	
Netto tekort (-) Oorskot (+)			- 218 874			+ 374 994			+ 608 715

1) Bantoeiensheffingrekening is nie ingesluit by bogenelde skedule nie.

2) 'n Gedeelte van die wins op Blankedrank is oorbetalbaar aan die Sentrale Regering. Die begrote persentasies oorbetalbaar was 80% in die 1974/75-, 0% in die 1975/76 en 20% in die 1976/77-boekjaar. (In der waarheid is 20% egter ook oorbetal in 1975/76).

algemene fonds	R1 101 645,52
skoolheffingsfonds	R 153 867,32
diensheffingsfonds	R1 211 087,90
hernuwings- en diverse fondse	R2 035 453,45
leningsdelgingsfonds	R 17 033,53
begiftigingsfonds	R 23 978,02
	<hr/>
	R4 543 065,74
	<hr/>

Die raad beskik dus oor opgehoopte fondse ten bedrae van ongeveer R4,5 miljoen. Verder toon die raad se begrote inkomste 'n stygende neiging wat steeds hoër bly as die heersende inflasiekoers (laasgenoemde is tans \pm 18%). Die afdeling Handelsprojekte van die raad toon verder 'n steeds stygende wins op Bantoebier- en Blankedrankverkope. Daar kan egter verwag word dat laasgenoemde binnekort stagnant mag raak of selfs 'n dalende tendens mag toon. Dit sou dus onwys wees vir die raad om té gerus te raak oor sy finansiële posisie. Aangesien die raad se inkomstebronne beperk bly terwyl sy uitgawes steeds toeneem, sal daar daadwerklik na nuwe inkomstebronne gesoek moet word en steeds gepoog moet word om uitgawes so laag as moontlik te hou.

5.4.2 Kapitaalprogramme

Tabel 5/4 en 5/5 gee 'n samevatting van bedrae, goedgekeur uit die 1974/75-boekjaar en die 1975/76-boekjaar wat spesifiek bedoel is vir behuising en

aanverwante bedrywighede. Die uitvoering van die werk berus hoofsaaklik by die raad se tegniese departement.

Die 1974/75-kapitaalprogram maak voorsiening vir die oprigting van kapitaalwerke ten bedrae van ongeveer R2,9 miljoen terwyl op die 1976/77-program 'n totaal van ongeveer R4,7 miljoen vir hierdie doel voorsien is.

TABEL 5/4

BEDRAE GOEDGEKEUR EN OORGENEEM UIT DIE 1974/75-
BEGROTING WAT SPESIFIEK OP BEHUISING EN AANVER-
WANTE BEDRYWIGHEDE BETREKKING HET

Item	Pos no.	Bedrag
Oprigting hoofkantoor (argiteksfooi)	A/400	16 000
Herstel van strate, Potchef= stroom	F5/215	6 200
Kantoorveranderings, Ventersdorp	F4/306/7	650
Betonwerf, Potchefstroom	F5/401	500
Hostelaanbouings, Ikageng	F14/402/3	6 750
Gemeenskapsaalverbeterings, Ventersdorp	F23/400/1	250
Speelparktoerusting, Ikageng	F23/400	500
Latrines, Ventersdorp en Koster	F23/401/2	200

Item	Pos no.	Bedrag
Omheining van sokkerveld, Carletonville	F23/403	12 000
Latrines, Carletonville	F23/404	100
Ligte in skole, Potchefstroom	F24/400	1 000
Straatligte, Carletonville	F3/500	15 000
Straatligte, Potchefstroom	F3/501	2 000
Uitbreiding van waterskema, Carletonville	F10/500	8 000
Aankoop van grond en kantore, Potchefstroom	F1/500/1	30 480
Aankoop van kantore, Carletonville	F1/502	43 350
Gastehuisverbetering, Ikageng	F18/500/1	2 400
Nuwe skool, Koster	F24/500	15 000
Herseël van toegangspad, Carletonville	F5/600	86 000
Herseël van teerpaaie, Potchefstroom	F5/601	143 000
Herstelwerk aan Bantoehostel, Ikageng	HF1	2 500
Herstelwerk aan wonings, ver= huurskema, Ikageng	HF3	5 000
Herstelwerk aan wonings, ver= huurskema, Carletonville	HF4	2 000
Herstelwerk aan wonings, ver= huurskema, Fochville	HF5	500
Herstelwerk aan wonings, ver= huurskema, Koster	HF6	300
Herstelwerk aan kantoorgeboue, Klerksdorp	G4/206	1 000

Item	Pos no.	Bedrag
Herstelwerk aan paaie en strate, Klerksdorp	G5/215/21	30 200
Herstelwerk aan elektrisiteitsnetwerk, Klerksdorp	G13/203	2 000
Herstelwerk aan elektrisiteitsnetwerk, Klerksdorp	G3/203	4 150
Herstelwerk aan gemeenskap=saal, Klerksdorp	G22/206	500
Herstelwerk aan skole, Klerksdorp	G24/206	2 000
Aanlê van krag en water, Hartbeesfontein	G4/412/3	150
Herstel van stormwaternetwerk, Klerksdorp	G5/400	1 300
Betonvloer by staalskuur, Klerksdorp	G11/401	450
Ontwikkeling van sportstadion, Klerksdorp	G23/401	10 000
Aanlê van krag en water, Wolmaransstad	G4/500	1 000
Nuwe kantoor, Makwassie	G4/501	4 000
Toilette, Stilfontein	G14/500	1 000
Hoofriool, Klerksdorp	G8/502	40 000
Vloedwaterdreinerings, Orkney	G5/500	108 550
Herstelwerk aan geboue, Klerksdorp	HF7/8/9/10	42 700
Herstelwerk aan geboue, Stilfontein	HF11 - 22	16 250
Herstelwerk aan geboue, Orkney	HF23 - 26	5 400
Herstelwerk aan kantore, Lichtenburg	H1/206	600

Item	Pos no.	Bedrag
Herstelwerk aan elektrisiteits= net werk, Lichtenburg	H3/203	700
Herstelwerk aan geboue, Lichtenburg	H4/206	400
Herstelwerk aan paaie en strate, Lichtenburg	H5/215/21	8 000
Herstelwerk aan registrasie= kantoor, Lichtenburg	H7/206	500
Stortterrein, Lichtenburg	H8/219	900
Herstelwerk aan krane en pype, Lichtenburg	H10/209	700
Herstelwerk aan gemeenskap= saal, Lichtenburg	H22/206	450
Herstelwerk aan skole, Lichtenburgstreek	H24/206	2 000
Herstelwerk aan geboue, Ottosdal	HF27/28	1 400
Herstelwerk aan geboue, Coligny	HF29/30	1 250
Herstelwerk aan geboue, Lichtenburg	HF31/32	1 800
Herstelwerk aan geboue, Swartruggens	HF33	200
Herstelwerk aan wonings, Zeerust	HF34	600
Herstelwerk aan wonings, Biesiesvlei	HF35	150
Ligte in straat, Zeerust	H3/400	500
Straatligte, Coligny	H3/401	500
Krag in kantore, Schweizer- Reneke	H3/402	6 000
Verbetering aan waternetwerk, Lichtenburg	H10/401	1 600

Item	Pos no.	Bedrag
Water in hostelle, Claudina/ Amalia	H10/402/3	1 000
Gemeenskapsaalverbeterings, Zeerust	H22/400/1	450
Spoelblad, Schweizer-Reneke	H8/502	25 000
Opwasplekke, Schweizer-Reneke	H8/503	2 250
Hostelle, Schweizer-Reneke	H14/500	10 000
Hostelle, Sannieshof	H14/501	10 000
Hostelle, Amalia	H14/502	6 000
Hostelle, Claudina	H14/503	6 000
Hostelle, Lichtenburg	H14/504	10 000
Skool, Ottosdal	H24/500	3 000
Handelsprojekte: gebouever= beterings	K206	30 000
Handelsprojekte: gebouever= beterings	L206	7 000
Handelsprojekte: gebouever= beterings	M206	2 500
Handelsprojekte: terreinver= betering	M208	4 000
Handelsprojekte: gebouever= beterings	N206	7 000
Blankedrankwinkelverbeterings, Klerksdorp	N400	18 000
Gronde en geboue (aankope), Potchefstroom	K500/1	44 239
Omskep brouery in kantore, Potchefstroom	K509	15 000
Gronde en geboue, Carleton= ville	K515/6	50 935
Bantoebiersverspreidingspunte	L500	78 000

Item	Pos no.	Bedrag
Verbetering van drinkgeriewe en oprigting van massastoor, Orkney	L501	50 000
Biersale	L503	80 000
Drankwinkels	N500	104 000
Verander bestaande drankwinkels	N502	56 000
Subtotaal		R1 318 954
Plus werk uitstaande vanaf vorige begrotings:		
Skole, Jouberton	SH8	43 200
Hostelle, Jouberton	DL3	152 000
Skool, Potchefstroom	SH10	38 000
Paaie, Orkney	F5/500	100 000
Subtotaal		R1 652 145
Plus tuislandontwikkeling, Itsoseng (Suid-Afrikaanse Bantoetrustfondse)		1 250 000
Totaal		R2 902 145

TABEL 5/6

BEDRAE GOEDGEKEUR EN OORGENEEM UIT DIE 1975/76-
BEGROTING WAT SPESIFIEK OP BEHUISING EN AANVER-
WANTE BEDRYWIGHEDE BETREKKING HET

Item	Pos no.	Bedrag
Oprigting van kantore, Potchefstroom	A400	15 000
Onderhoud van geboue by Hoofkantoor	C206	500
Onderhoud van geboue by Finansies	D206	300
Onderhoud van meganiese werkswinkel, Ikageng	E1/206/8	10 000
Elektriese werkswinkel-onderhoud, Potchefstroom	E3/206	2 000
Werkersdepot/opleidingsentrum, Ikageng	EL20/1	80 000
Werkedepot, Bloemhof	EL20/2	6 000
Siviele werkswinkel, Klerksdorp	EL20/3	25 000
Elektrisiteitsuitbreiding, Carletonville	DH3	30 000
Elektrisiteitsaansluiting, Potchefstroom	DH4	20 000
Hoëmasligte, Bloemhof	DH5	18 000
Hoogspanningsaansluiting, Bloemhof	DH6	7 000
Straatligte, Zeerust/Coligny/Ottosdal	DH7 - 9	1 700
Riolskema, Jouberton	DH10	440 000

Item	Pos no.	Bedrag
Waterskema, Potchefstroomstreek	DH11 - 17	34 000
Waterretikulasieuitbreidings, Klerksdorpstreek	DH18 - 25	47 000
Waterretikulasieuitbreidings, Lichtenburgstreek	DH26 - 33	14 800
Hernuwingsfondsaanwendings; Potchefstroomstreek	HF1 - 6	63 000
Klerksdorpstreek	HF7 - 12	84 300
Lichtenburgstreek	HF13 - 18	54 800
Onderhoud van geboue, Potchef= stroomstreek	F1/206	200
Substansieonderhoud, Potchef= stroom	F3/206	500
Bantodorpkantooronderhoud, Potchefstroom	F4/206	400
Padherstelwerk, Potchefstroom	F4/215	25 000
Poskantoorgebou-onderhoud, Potchefstroom	F5/206	300
Registrasiekantooronderhoud, Potchefstroom	F7/206	500
Gastehuisonderhoud, Potchef= stroom	F16/206	200
Gemeenskapsaalonderhoud, Potchefstroom	F22/206	500
Skoleonderhoud, Potchefstroom	F24/206	6 000
Omskepping van 100 x 2-kamer= na 4-kamerhuise, Potchefstroom	EL21/1	50 000
Oprigting van 200 x 4-kamer= huise, Carletonville	EL21/2	250 000
Uitbreiding van hostelle, Carletonville	EL22/1	175 000
Uitbreiding van hostelle, Potchefstroom	EL22/2	126 800

Item	Pos no.	Bedrag
Elektrisiteit in hostelle, Fochville	KOF35/1	1 000
Kliniek, Ventersdorp	KOF36/1	7 000
Kliniek, Koster	KOF36/3	7 000
Skole, Carletonville	EL23/1/2	111 000
Skool, Ventersdorp	EL23/3	9 000
Skool, Fochville	EL23/4	12 000
Opsigterswoning by skool, Potchefstroom	SH1	1 000
Verbinding van busroete, Carletonville	DH1	55 000
Tennisbaan, Koster	HF37	4 000
Herstelwerk aan Bantodorp= kantoor, Klerksdorp	G3/206	600
Straatherstelwerk, Klerksdorp	G5/215	20 000
Onderhoud van sportterrein, Klerksdorp	G8/219	2 000
Waterskema, Klerksdorp	G10/206	1 000
Gemeenskapsaal, Klerksdorp	G22/206	500
Herstelwerk aan skole, Klerksdorp	G24/206	8 000
Oprigting 100 wonings, Hartbeesfontein	EL24/1	100 000
Oprigting 130 wonings, Leeudoringstad	EL24/2	200 000
Onderhoud van Bantodorp= kantoor, Lichtenburg	H4/206	650
Herstelwerk aan strate, Lichtenburg	H5/215	20 000
Onderhoud van registrasie= kantoor, Lichtenburg	H7/206	1 500

Item	Pos no.	Bedrag
Kantooronderhoud, Swartruggens	H7/403	1 500
Kantooruitbreiding, Lichtenburg	H7/406	2 500
Kantooruitbreiding, Christiana	H7/407	2 000
Onderhoud van gemeenskapsaal, Lichtenburg	H19/206	450
Toiletgeriewe, Lichtenburgstreek	H23/400/4	2 500
Onderhoud aan skole, Lichtenburgstreek	H24/206	7 000
Hostelle, Lichtenburgstreek	KOF38/1 - 5	64 000
Oprigting van skole, Lichtenburgstreek	EL26/1 - 4	21 000
Elektriese aansluiting by hostel, Delareyville	DH2	1 000
Handelsprojekte: onderhoud van geboue	K206	5 000
	L206	10 000
	M206	500
	N206	10 000
Handelsprojekte: geboueveranderinge	N403	70 000
Aankoop van erf vir nuwe brouery	KOF39/1	20 000
Bierdepots	KOF40/4 - 9	50 000
Subtotaal		R2 423 000

Plus bedrae wat oorstaan van vorige begroting:

Item	Pos no.	Bedrag
Hostelle, Jouberton	DL3	152 000
Skool, Ikageng	SH10	38 000
Paaie, Orkney	F5/500	100 000
Straatligte, Carletonville	F3/500	15 000
Skool, Koster	KOF29	15 000
Herseël van toegangspad, Carletonville	S73	86 000
Herseël van toegangspad, Potchefstroom	S68	143 000
Hoofriool, Klerksdorp	G8/502	40 000
Vloedwater, Orkney	G5/500	108 550
Spaelblad, Schweizer-Reneke	H8/502	25 000
Bantoebierverspreidingspunte, biersale ensvoorts	L500/503	208 000
Blankedrankwinkels	N500/502	160 000
Subtotaal		R3 513 550
Plus Suid-Afrikaanse Bantoe= trustfondse vir tuislandont= wikkeling		1 200 000
Totaal		R4 713 550

5.5 Samevatting

Bantoesake-administrasierade is op eie fondse toegevy's en ontvang geen subsidie van Tesourie nie.

Inkomstebronne vir Bantoesake-administrasierade bestaan kortliks uit huurgelde in Bantoevoongebiede gevorder, bydraes van werkgewers, lisensiering van persele in Blankegebiede waar Bantoes oornag, Bantoe-bier- en Blankedrankwinste, inkomste uit ander handelsaktiwiteite soos kleinhandelsbesighede, markte, bioskope, ensovoorts en in die laaste plek uit rente op beleggings van Bantoesake-administrasierade.

Die koste van behuising kan opgedeel word in komponente soos koste van grond, koste van wonings, dienste-, gemeenskapsfasiliteite- en administratiewe koste. Hiervan is slegs die koste van wonings en -dienste relatief gemiddeld bepaalbaar. Die res hang van soveel faktore af dat dit vir elke geval op meriete beskou moet word en daar nie veralgemeen kan word nie.

Tiperende begrotings van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad word in beknopte vorm bespreek. 'n Aanduiding word gegee van die werksaamhede en groei van die betrokke raad vir die periode 1973/74 tot 1976/77.

Bantoesake-administrasierade se inkomstebronne is beperk terwyl uitgawes toeneem. Addisionele inkomstebronne sal gevind moet word terwyl daar gepoog moet word om op alle uitgaweposte te bespaar.

HOOFSTUK 6

DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE WES-TRANSWAALSE

BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD TEN OPSIGTE

VAN BEHUISINGSVOORSIENING

6.1 Inleiding

Volgens wet ¹⁾ is die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad in beheer van alle boubedrywighede binne die 26 Bantoewoongebiede binne sy regsgebied. Enige boubedrywighede aldaar moet òf deur hom goedgekeur òf deur homself onderneem word. Indien daar dan sprake van behuisingsvoorsiening is, moet dit geskied deur of met toestemming van die betrokke raad.

Die Departement Tegniese Dienste van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad het eers op 1 Januarie 1974 as 'n volwaardige departement begin funksioneer. Voorheen het afdelings van die departement onder ander departemente geressorteer. ²⁾ Met die aanstelling van 'n Direkteur, Assistent-direkteur en verskeie ander senior personeel, is die tegniese funksies van die raad in een departement bymekaar gebring wat alle beplannings-, ontwerp- en konstruksiespanne (op daardie stadium hoofsaaklik onderhoudspanne) het onder die Streeksdirekteure geval.

1) Wet no. 45 van 1971.

2) Byvoorbeeld, die meganiese werkswinkel en elektrotegniese afdeling het onder die Departement Handelsprojekte geressorteer en die siviele konstruksiespanne (op daardie stadium hoofsaaklik onderhoudspanne) het onder die Streeksdirekteure geval.

siewerke van die raad moet behartig.

Soos uit Figuur 2/12 gesien kan word, beskik die Departement Tegniese Dienste oor 'n goedgekeurde pos= testruktuur wat voorsiening maak vir drie professio= nele ingenieurs, een gediplomeerde ingenieur, drie ingenieurs-assistente en verskeie tegniese-assistente. Die gesamentlike jaarlikse besoldiging verbonde aan hierdie senior tegniese personeel alleen beloop onge= veer R100 000,00. In die lig hiervan is dit jammer dat ontwerpwerk wat deur of onder toezig van hierdie professionele amptenary gedoen word nog die lang paadjie van Hoofdirekteur via Hoofbantoesakekommis= saris na die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en terug moet loop vir formele goedkeuring, voordat met enige bouwerk 'n aanvang geneem mag word. Waar die Bantoesake-administrasie= rade ingestel is om vir beter administrasie van Bantoesake buite die Bantoe-tuislande voorsiening te maak en waar die ontwerp en uitvoering van behuising= en ander bouprojekte ook as die administrasie van Bantoebelange beskou kan word, is hierdie lang kom= munikasielyne vir formele goedkeuring om noodsaaklike werk uit te voer, kosteverhogend en tydverkwistend.

Ten spyte van hierdie en nog vele ander strems= mende faktore wat as niks anders as tipiese burokra= tiese ondoeltreffendheid beskryf kan word nie, het die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad sedert Januarie 1974 met groot entoesiasme en sukses verskeie groot behuisings- en ander projekte aange=

pak en suksesvol deurvoer.

Behuising is egter nie beperk tot die voorsiening van huise en hostelbeddens nie. Geboue soos biersale, skoolfasiliteite, sportfasiliteite, administratiewe kantore, klinieke, werksinkels en strate kan ook as 'n integrale deel van behuisingsvoorsiening beskou word.

In hierdie hoofstuk word slegs drie aspekte van die raad se bouwerkzaamhede beskou, naamlik tuislandontwikkeling (as agent van die Suid-Afrikaanse Bantoeitrust), huidige bouwerkzaamhede in stedelike Bantoeewoongebiede, en laastens die oprigting van Bantoeewonings op Blankeplase. As gevolg van die wye veld wat deur elk van hierdie projekte gedek word, word dit nie in detail hier bespreek nie. Slegs 'n beknopte samevatting, wat wel 'n beeld gee van die rol wat die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad speel in die voorsiening van Bantoe behuising, word verskaf.

6.2 Werksprogram vir die 1975/76- en die 1976/77-boekjaar

Ter illustrasie van die totale omvang van die bouwerkzaamhede van die raad word in Tabel 6/1 'n beknopte opsomming gegee van die werksprogramme vir bogemelde twee begrotingsjare. Die werksprogramme is uit die betrokke begrotings opgestel en geprogrammeer om die betrokke Departement Tegniese Dienste se werkzaamhede vir die ooreenstemmende periodes te kan beplan.

TABEL 6/1

WES-TRANSVAALSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

WERKSPROGRAM VIR TWEE BEGROTINGSJARE

Item	Begrote bedrag		Opmerkings 1975/76
	1975/76	1976/77	
1. <u>Padkonstruksie:</u>			
Broueryterrein - Potchefstroom	40 000		Voltooi
Herbou strate - Potchefstroom	100 000	50 000	Besig
Busroete - Wolma= ransstad	5 000		
Busroete - Orkney	100 000		Kontrak
Toevoerpad - Ellaton	50 000		
2. <u>Oprigting van geboue</u>			
Biersale:			
Fochville	25 000		Besig
Koster	25 000		Besig
Coligny	25 000		Besig
Biesiesvlei	15 000		Besig
Sannieshof	25 000		Besig
Delareyville	25 000		Besig
Zeerust	25 000		Besig
Swartruggens	25 000		Besig
Leeudoringstad	25 000		Besig
Walmaransstad	25 000		Besig
Makwassie	25 000		Besig
Bloemhof	25 000		Besig
Schweizer-Reneke	25 000		
Hartbeesfontein	25 000		Besig
Ventersdorp	25 000		Besig

Item	Begroete bedrag		Opmerkings 1975/76
	1975/76	1976/77	
Skole:			
Potchefstroom	38 000	35 000	Besig
Carletonville	111 000		
Koster	15 000		Besig
Ottosdal	3 000		Besig
Zeerust	5 000	29 000	
Swartruggens	4 000		
Ventersdorp	9 000		
Fochville	12 000	5 000	Besig
Klerksdorp	43 000		Besig
Orkney	69 000		
Bloemhof	9 000		Besig
Christiana	38 000		Besig
Schweizer-Reneke	4 000	22 500	
Stilfontein	107 000		
Coligny		10 500	
Sannieshof		22 500	
Delareyville		22 500	
Hostelle:			
Potchefstroom	40 000		Besig
Carletonville	175 000		
Sannieshof	25 000		
Delareyville	150 000		Besig
Ottoshoop	9 000		
Klerksdorp	193 000		Besig
Schweizer-Reneke	15 000		
Glaudina	19 000		
Amalia	19 000		
Lichtenburg	19 000	10 000	
Kantore:			
Potchefstroom		1 000 000	Kontrak
Makwassie	4 000		
Huise:			
Potchefstroom	50 000		
Carletonville	250 000		
Leeudoringstad	200 000		

Item	Begrote bedrag		Opmerkings 1975/76
	1975/76	1976/77	
Hartbeesfontein	100 000		
Potchefstroom		60 000	
Koster		63 000	
Sannieshof		200 000	
Delareyville		300 000	
Zeerust		50 000	
Lichtenburg		50 000	
Ottosdal		25 000	
Biesiesvlei		5 000	
Klinieke:			
Fochville	7 000		
Ventersdorp	7 000		
Werkswinkels:			
Potchefstroom	80 000	50 000	
Lichtenburg	25 000	10 000	
Algemeen:			
Bierstoor, Orkney	50 000		
Bantoedorp, Chris- tiana		800 000	
Tennisbaan, Koster	4 000		
Sokkerveld, Carle- tonville	12 000		
3. <u>Waternetwerke:</u>			
Klerksdorp	350 000		
Potchefstroom	5 000	50 000	
Carletonville	8 000	50 000	
Ventersdorp	7 000		
4. <u>Rioolnetwerke:</u>			
Klerksdorp	440 000	440 000	
Klerksdorp, hoof- riool	40 000		Besig

Item	Begrote bedrag		Opmerkings 1975/76
	1975/76	1976/77	
5. <u>Tuislandontwik-</u> <u>keling:</u>			
Itsoseng	1 200 000	2 000 000	
Totaal	R4 608 000	5 562 000	

6.3 Ontwikkelingsrigtings

Die bouwerkzaamhede van die raad word dus in slegs drie kategorieë ingedeel wat kortliks toegelig sal word. Hierdie kategorieë is:

- (a) tuislandontwikkeling;
- (b) stedelike Bantoewoongebiedontwikkeling; en
- (c) ontwikkeling op Blankeplase.

6.3.1 Tuislandontwikkeling

6.3.1.1 Agtergrond

Die ontwikkeling van tuislanddorpe deur plaaslike besture is in 1968 deur die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling geaktiveer toe hy samesprekings met senior amptenare van al die plaaslike besture in die Republiek gevoer het om hierdie aspek te bespreek. Streeksgewys het die plaaslike

besture toe saamgespan om voorstelle te formuleer waardeur sodanige tuislandontwikkeling kan geskied.

In Wes-Transvaal het sewentien plaaslike owerhede verteenwoordigers na Potchefstroom gestuur waar hulle op 13 Februarie 1969 die bou van 'n Bantoedorp in Bophuthatswana bespreek het. Uit hierdie vergadering is 'n voortsettingskomitee gekies bestaande uit die destydse bestuurders van die Nie-Blankesakeafdelings van die plaaslike besture van Potchefstroom, Carletonville, Klerksdorp, Stilfontein, Orkney en Lichtenburg. Hierdie komitee het onder andere same-sprekings gevoer met die uitvoerende komitee van die Tswana-gebiedsowerhede, senior amptenare van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en Greyhound-busdiens (Edms) Bpk. Op 1 Februarie 1970 het die komitee tot die gevolgtrekking gekom dat die ontwikkeling van die Bantoedorp Itsoseng op die plaas De Hoop in die distrik van Lichtenburg, die aangewese stap was om te neem.

'n Raadgewende ingenieur is aangestel vir die beplanning van dienste vir die beoogde uitbreidings aan die dorp en vrywillige bydraes vir die ontwikkeling daarvan is van plaaslike owerhede in Wes-Transvaal gevra. Die komitee was van mening dat opgehoopte fondse uit eenderde- en tweederde- Bantoe-bierrekeninge, heffingsfondssuplusse en algemene opgehoopte surplusse van die Bantoe-inkomsterekening vir hierdie doel aangewend kon word. Jaarlikse

Suid-Afrikaanse Bantoe-trustgelde sou 'n verdere toevoeging tot die ontwikkelingsfonds vorm. Die Stadsraad van Lichtenburg is as agent aangestel vir die fisiese uitvoering van die ontwikkelingswerk. 'n Beheerkomitee vir die ontwikkeling van Itsoseng is saamgestel wat beheer sou uitoefen oor die ontwikkeling aldaar. Hierdie beheerkomitee het bestaan uit die Sekretaris van die Hoofminister van Bophuthatswana as voorsitter, die Sekretaris van Werke van die Bophuthatswana-regeringsdiens, die Bestuurder, Nie-Blankesake en die Stadstesourier van Lichtenburgstadsraad, twee lede van die voortsettingskomitee en die Direkteur van Finansies van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

By die instelling van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is die beheerkomitee vir Itsoseng soos volg hersaamgestel:

As voorsitter sal optree die Sekretaris van die Departement van Werke van die Bophuthatswana-regeringsdiens terwyl ander lede van die komitee sal bestaan uit die Direkteur Finansies van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling of sy genomineerde, die Voorsitter van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad of sy genomineerde, die Hoofdirekteur van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad of sy genomineerde, die Direkteur Finansies van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad of sy genomineerde. Die komitee besit verder die reg tot koöptering en gevolglik is die Direkteur Tegnieese Dienste en die

Streeksdirekteur (arbeid en behuising), Lichtenburg
 van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad
 ook as lede van die komitee gekoöpteer.

6.3.1.2 Fondse vir ontwikkeling

Die volgende fondse is van plaaslike owerhede
 en die Suid-Afrikaanse Bantoetrust ontvang vir die
 ontwikkelingswerke te Itsoseng.

Potchefstroom	R630 000,00
Carletonville	R160 000,00
Klerksdorp	R 69 000,00
Orkney	R 55 000,00
Stilfontein	R 50 000,00
Lichtenburg	R 36 400,47
Namens kleinere plaaslike besture uit Bantobierwinste deur Potchef- stroom	R 17 507,52
	<hr/>
Subtotaal	R1 017 907,99
Suid-Afrikaanse Bantoetrust vir 1971/72	R 450 068,77
Suid-Afrikaanse Bantoetrust vir 1972/73	R 200 000,00
Suid-Afrikaanse Bantoetrust vir 1973/74	R1 250 000,00
Suid-Afrikaanse Bantoetrust vir 1974/75	R1 200 000,00
	<hr/>
Totaal tot aan die einde van die 1974/75-boekjaar	R4 117 976,76
	<hr/>

6.3.1.3 Itsoseng as dorp

Itsoseng is geleë ongeveer halfpad tussen Lichtenburg en Mafeking op die plaas De Hoop in die tuisland Bophuthatswana. Die dorp is beplan vir ongeveer 9 000 woonpersele wat soos volg ingedeel is:

eenhede 1 en 2 (gedeeltelik reeds ontwikkel	3 111	persele
eenheid 3 (ontwikkel te word deur Beheerkomitee	2 733	"
eenhede 4 en 5 (toekomstige ontwikkeling	3 240	"
	<hr/>	
Totaal	9 084	"
	<hr/>	

Eenheid 1 is feitlik in totaal ontwikkel deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en 512 persele in eenheid 2 is ook reeds ontwikkel. Die Beheerkomitee het met ontwikkeling in eenheid 3 begin en aan die einde van die 1973/74-boekjaar was daar alreeds wonings op 1 164 persele gebou. 'n Uitbreiding ten opsigte van 'n verdere 500 persele in eenheid 3 is tans aan die gang en sal waarskynlik teen die einde van die 1975/76-boekjaar voltooi wees. As gevolg van probleme met watervoorsiening aan die Bantoe-dorp het ontwikkeling vir 'n tyd lank stilgestaan. Tans is die ontwikkeling in beperkte vorm weer hervat.

Standaard-NE51/9-huise met spoelrioolstelsels word gebou terwyl persele oopgelaat word vir meer luukse tipe huise tussenin. Die oprigtingskoste per woning, insluitende dienste, beloop ongeveer R2 000,00. Bantoe-kontraakteurs word gebruik terwyl mortel in klaar vermengde vorm aan hulle voorsien word. Grond-/sementstene word plaaslik vervaardig wat meehelp om die boukoste laag te hou. Die be- raamde ontwikkelingskoste in eenhede 3, 4 en 5 beloop ongeveer R25 miljoen. Woonstelontwikkeling en 'n groot sakekompleks word ook vir die dorp in die vooruitsig gestel.

In sy verhandeling ¹⁾ "Tuislandgerigte Admi- nistrasie van Bantoes in Blankbeheerde gebiede met verwysing na die Wes-Transvaalse Bantoesake-admi- nistrasieraad" het Serfontein 'n interessante ont- leiding gedoen van die bruto ekonomiese potensiaal van Itsoseng. Die lewensvatbaarheid van die dorp kom na vore uit Serfontein se studie hoewel beper- kende faktore, soos onder andere die gebrek aan snelvervoer, die ontwikkeling van die dorp nadelig beïnvloed.

6.3.1.4 Toekomstige ontwikkeling te Itsoseng

Watervoorsiening te Itsoseng geskied uit ondergrondse bronne. As gevolg van sekere tegniese en ander probleme wil dit voorkom asof die voorsie-

1) Serfontein, op.cit., pp.416-466.

ning van water aan die dorp as struikelblok kan dien om toekomstige ontwikkeling te strem. Eenheid 3 sal beslis voltooi kan word maar die toekoms van eenhede 4 en 5 is in die weegskaal as gevolg van die waterkrisis. Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling is tans besig met 'n omvattende ondersoek in hierdie verband en positiewe leiding van hulle kant word afgewag deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad insoverre dit die toekomstige ontwikkeling van Itsoseng aanbetref.

6.3.1.5 Ontwikkeling van ander tuislanddorpe

Die ontwikkeling van ander tuislanddorpe op agentskapsbasis is entoesiasties deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad afgewag. Daar was sprake van ontwikkeling te Lehurutshe (naby Zeerust), Monnakato (naby Rustenburg), Madikwe (naby Swartruggens en Groot Marico), en Atamelang (naby Delareyville). Ten opsigte van laasgenoemde was die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad alreeds as agent aangestel, maar die aanstelling is ongelukkig om onbekerde redes deur die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust teruggetrek.

Aangesien die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad oor die nodige tegniese personeel en toerusting beskik om tuislandontwikkeling aktief te kan behartig, word die tydelike opskorting van tuislandontwikkeling, behalwe ten opsigte van Itsoseng, betreur. Vir die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en vir voorsiening

van noodsaaklike Bantoebehuising word die spoedige ontwikkeling van meer tuislanddorpe op agentskapbasis, deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad bepleit. Die daarstelling van Atamelang vir onder andere die verskuiwing van die Bantoewoongebied Delareyville, is beslis essensieel.

6.3.2 Stedelike Bantoewoongebiedontwikkeling

Ontwikkeling binne stedelike Bantoewoongebiede word tans beperk tot een van die volgende kategorieë:

- (a) enkelkwartiere;
- (b) dienste;
- (c) ontspanningsfasiliteite en biersale;
- (d) skole;
- (e) kantore, werkepots en ander administratiewe geboue; en
- (f) dorpsvernuwing en vergroting van bestaande wonings.

6.3.2.1 Enkelkwartiere

Met 'n tekort van bykans 5 500 hostelbeddens is dit logies dat die voorsiening van enkelkwartierbehuising met groot erns deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad aangepak word. Hostelskemas tans in aanbou, is te Delareyville ([±] 700 beddens), Klerksdorp ([±] 1 000 beddens) terwyl 'n mynkampong naby Klerksdorp, waar 2 000 enkellopendes gehuisves sal kan word, aangekoop is. Omskepning van viervertrek-wonings in enkelkwartiere te Lichtenburg en Ikageng word ook onderneem, terwyl 'n

luukse dameshostel wat uit 32 enkelkamers bestaan, teen 'n totale oprigtingskoste van R40 000 te Ikageng in aanbou is. Hostelle vir kleiner dorpe soos Amalia, Glaudina en Ottoshoop word tans beplan. Uitbreidingswerk aan hostelle te Ikageng en Khutsong word ook gedoen. Verder word private inisiatief toegelaat om hostelakkomodasie vir hul werknemers in stedelike Bantoewoongebiede op te rig. Voorbeelde hiervan is Triomfkunsmisfabriek, Elgro-Hotel en sekere siviele boukonstruksiemaatskappye te Potchefstroom.

6.3.2.2 Dienste

Dit is verbasend dat die voorsiening van dienste aan stedelike Bantoewoongebiede so agterweê gelaat is deur plaaslike owerhede.

'n Bantoewoongebied soos Jouberton (Klerksdorp) beskik byvoorbeeld tans nog nie eers oor 'n spoelrioolstelsel of individuele wateraansluitings nie. Hierdie agterstand en verwaarloosde dienste is nou oor-geërf deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad en 'n beraamde bedrag van ongeveer R1,2 miljoen word benodig vir die opknapping van Jouberton se dienste alleen. Die raad se tegniese departement is tans besig met 'n omvattende ondersoek en 'n dienste-beplanningsveltog om alle noodsaaklike dienste binne bestaande Bantoewoongebiede te voorsien en op te knap. Die totale uitgawe in hierdie verband word op ongeveer R5 miljoen geraam.

6.3.2.3 Ontspanningsfasiliteite en biersale

Die oprigting van ontspanningsfasiliteite en biersale word as belangrik beskou vir die voorsiening van die nodige geriewe wat die Bantoe benodig vir vryetydsbesteding. 'n Totaal van dertien luukse biersale is tans deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad in aanbou teen 'n gemiddelde koste van R20 000 per biersaal. Sokkervelde en ander ontspanningsfasiliteite word ook in 'n ruim mate voorsien.

6.3.2.4 Skole

Op versoek van die Departement van Bantoe-onderswys is die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad tans besig met verskeie bouprojekte om in onderswysbehoefte te voorsien. Skole word opgerig en/of uitgebrei te Potchefstroom, Carletonville, Klerksdorp, Fochville, Koster, Bloemhof, Christiana, Delareyville, Ottosdal, Zeerust, Swartruggens, Orkney, Stilfontein, Itsoseng en selfs naby Rustenburg in Bophuthatswana.

6.3.2.5 Kantore, werkedepots en ander administratiewe geboue

Om die administratiewe masjienerie van die raad te laat funksioneer, is verskeie kantore en arbeidsburo's oorgeneem van plaaslike besture terwyl 'n nuwe hoofkantoor van ongeveer R1 miljoen op Potchefstroom beplan word. 'n Bierbrouery teen 'n beraande koste van R3 miljoen word in die vooruitsig gestel terwyl meganiese-, siviele- en elektriese werkedepots teen

'n beraamde bedrag van R300 000 tans opgerig word, of binnekort opgerig sal word.

6.3.2.6 Dorpsvernuwing en vergroting van bestaande wonings

Weens die swak toestand waarin sommige Bantoe-woongebiede tans verkeer, word 'n vernuwingsprogram uitgevoer om bewoonbare huisvesting daar te stel. Die Bantoewoongebied van Christiana gaan byvoorbeeld in geheel oorgebou word teen 'n beraamde koste van ongeveer R800 000,00. Herbouing van die Bantoewoongebiede te Hartbeesfontein, Schweizer-Reneke, Delareyville en Koster word ook beplan. Opruiming van sinknedersettings by Leeudoringstad en Carletonville word ook beplan terwyl vergroting van tweevertrek-na viervertrekwonings te Carletonville en Potchefstroom nog in die huidige finansiële boekjaar moet geskied.

6.3.3 Bantoebehuising op Blankeplase

'n Nuwe tendens wat besig is om pos te vat, is die voorsiening van behoorlike behuising vir Bantoes op Blankeplase. Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad het in hierdie opsig die voortou geneem deur as boukontraakteur behoorlike huisvesting op Blankeplase op te rig teen 'n tenderprys wat bestaan uit kosprys plus 10% bokoste. Die eerste huise wat so opgerig is, is op 26 September 1975 amptelik oorhandig deur sy Edele die Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling op die plaas

Keerom in die distrik Lichtenburg. Vyf NE51/9-huise is teen 'n totale oprigtingskoste van R1 200 per huis opgerig.

6.4 'n Toekomsblik

Groot ontwikkeling ten opsigte van behuisingsvoorsiening word vir die nabye toekoms deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad beplan. Twee hotelle, elk teen 'n beraamde koste van R500,000, word vir Potchefstroom en Klerksdorp beplan. Luukse enkelkwartierhuisvesting soortgelyk aan dié tans in in Potchefstroom, word beplan. 'n Aansoek om addisionele huisvesting vir die oprigting van wonings om die behuisingstekort uit te wis, word in die vooruitsig gestel. 'n Motel en restaurant te Zeerust om deurreisende publiek na Botswana te kan akkomodeer, word in die vooruitsig gestel. Indien die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust of tuislandregerings van die raad se dienste gebruik wil maak vir versnelde tuislandontwikkeling, sal dit verwelkom word.

Vir al bogemelde projekte is egter die goedkeuring van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling nodig. Uit ondervinding is geleer dat sodanige goedkeuring baie geduldig afgewag moet word aangesien dit etlike maande en soms jare kan duur.

6.5 Samevatting

Die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad is oor 'n wye spektrum met die ontwikkeling van stedelike Bantoewoongebiede binne sy regsgebied, en tuislandontwikkeling te Itsoseng besig. Die voorsiening van Bantoebehuising op boereplase word ook tans deur die raad aangepak. Ongelukkig strem ondoeltreffende prosedures en lang kommunikasielyne met die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling die werksaamhede van die raad tot 'n groot mate. Die werksprogram van die raad beloop R4 608 000 vir die 1975/76-boekjaar en R5 562 500 vir die 1976/77-boekjaar. Dit gee 'n duidelike indikasie dat daar aktief deur die raad gepoog word om die swak behuisingstoestande wat hy in 1972 van plaaslike besture geërf het, reg te stel. Sodanige regstelling kan natuurlik uit die aard van die saak nie onmiddellik geskied nie, maar sal 'n periode van 'n hele aantal jare in beslag neem.

Slegs drie ontwikkelingsrigtings van die raad se werksaamhede word bespreek, naamlik tuislandontwikkeling, stedelike Bantoewoongebiedontwikkeling en ontwikkelingswerke op Blankeplase. Tuislandontwikkeling namens die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust geskied op Itsoseng teen 'n tempo van ongeveer R1 miljoen per jaar sedert die totstandkoming van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad. In totaal is daar aan tuislandontwikkeling te Itsoseng deur plaaslike besture, die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad en die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust alreeds 'n

bedrag van ongeveer R4 miljoen bestee. Die dorp Itsoseng is beplan om 9 000 woonpersele, 'n aantal woonstelblokke, 'n besigheidskompleks en verskeie ander tersaaklike ontwikkelings te bevat. Standaard-NE51/9-huise word daar deur die raad opgerig teen 'n koste van R2 000 per huis (dienste ingesluit). Waterprobleme het die Itsoseng-ontwikkeling tydelik gestrem dog daar bestaan goeie hoop dat die probleme ten opsigte van watervoorsiening binnekort uitgestryk behoort te wees.

Ontwikkeling van ander tuislanddorpe in Bophuthatswana is noodsaaklik. Die hoop word uitgespreek dat die nodige fondse spoedig vir hierdie doel beskikbaar gestel sal kan word. Snelvervoer tussen die tuislanddorpe en werksterreine van die Bantoe is absoluut essensieel, en die beplanning daarvan behoort voorkeur te geniet.

Ten opsigte van stedelike Bantoewoongebiedontwikkeling word ontwikkelingswerk op die gebied van enkelkwartierhuisvesting, dienstevoorsiening, daarstelling van ontspanningsfasiliteite, skole, kantore en dorpsvernuwing gedoen. Vergroting van bestaande tweevertrekwonings tot viervertrekwonings word ook stelselmatig aangepak.

Behuisingsvoorsiening aan Bantoes op boereplase word op 'n nie-winsgevinde basis deur die raad aangepak. Dit behoort by te dra om die arbeidsprobleem waarmee Blankeboere te kampe het, tot 'n groot mate op te los.

Groot ontwikkelingswerk word deur die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad vir die nabye toekoms beplan. Twee hotelle teen 'n totale beraamde koste van R1 miljoen, 'n nuwe bierbrouery teen R3 miljoen, 'n nuwe administratiewe hoofkantoor teen R1 miljoen, hostel en luukse hostelbehuising, dorpsvernuwing en behuisingsuitbreiding word vir die 1975/76-boekjaar begroot. Daar word ook vertrou dat tuislandontwikkeling op groter skaal deur die raad, as agent van die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust, onderneem sal kan word.

Die ywer en entoesiasme om reg te maak wat verkeerd is in stedelike Bantoe-woongebiede en op boereplase, en om aktief deel te neem aan tuislandontwikkeling, is duidelik te bespeur by die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad. Daar word vertrou dat die nodige fondse vir hierdie doel beskikbaar gestel sal kan word en dat die swak behuisingstoestande in die Bantoe-woongebiede, op Blankeplase en in die tuisland Bophuthatswana, stelselmatig verbeter, opgeknep en vervang sal kan word.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 Samevatting

Volgens fisiese voorkoms, taal en kultuur is die Nie-Blankebevolking van Afrika in drie groot bevolkingsgroepe indeelbaar naamlik die Hamiete, die Negers en die Bantoe.

Laasgenoemde is die produk van bloedvermenging tussen die Hamiete en Negers in die omgewing van die groot mere van Sentraal-Afrika. Die Bantoe as sodanig is weer onderverdeelbaar in verskillende hoofgroepe, soos byvoorbeeld die Nguni, die Venda, die Tsonga en die Sotho. Hierdie hoofgroepe word verder onderverdeel in subgroepe. So word byvoorbeeld by die Sotho die Suid-Sotho, die Oos-Sotho en die Wes-Sotho of Tswana gevind.

Die inwoners van stedelike Bantoewoongebiede en -dorpe in Wes-Transvaal bestaan hoofsaaklik uit die Nguni, die Sotho en in 'n mindere mate die Venda en Tsonga. Die Wes-Sotho of Tswana maak die grootste persentasie van die bevolking in Blankegebied in Wes-Transvaal uit.

Reeds gedurende die 14de eeu het die Tswana suidwaarts begin trek na sy huidige tuisgebied wat teen ongeveer 1600 deur hom beset is.

Tussen 1800 en 1837 vlug die Tswana uit sy tuisland weg voor aanvallende Bantoe-groepe soos die Tlokwa, die Koloto en die Matabele.

Nadat die Blanketrekkers uit die suide gevestig het in die onbesette gebiede aanliggend aan die Tswana-tuislande en orde en wet herstel is, keer die Tswana-vlugtelinge terug na hul tuisgebiede.

Met die ontwikkeling van Blankeplase en -dorpe verhuis die Tswana na Blankegebied om sy arbeid aan die Blankes te verkoop.

Aanvanklik het die Tswana-werkers vir hulself hutte opgerig in Blankeagterplase in Blankegebied dog, as gevolg van die euwels wat daarmee saamgegaan het en die tradisionele beleid van afsonderlike ontwikkeling, word stedelike Bantoewoongebiede en -dorpe of lokasies aangelê waarheen die Bantoe verskuif is.

So ontstaan dan die huidige Bantoewoonpatroon sodat daar tans Bantoes aangetref word wat:

- (a) in sy eie tuisland woon;
- (b) op blanke plase woon; en
- (c) in stedelike Bantoewoongebiede of -dorpe in Blankegebied woon.

Tans woon slegs 36% van die Tswana-volk in sy eie tuisland terwyl 64% in Blankegebied woonagtig is.

Tradisioneel bestaan die Tswana-woning uit 'n sirkelvormige hut of rondawel met 'n kegelvormige dak. Die hutte word in 'n bepaalde patroon gerangskik met die tradisionele lapa of werf daaromheen.

Met die koms van stedelike Bantoewoongebiede en -dorpe wat deur Blanke-plaaslike-besture beplan en ontwikkel is op die Westerse styl, het die tradi-

sionele Tswana-hut tot 'n groot mate verdwyn. Die sogenaamde NE51/6- en NE51/9-Bantoewonings het in Blankegebied die sirkelvormige hut geheel en al vervang.

Voor 1948 is daar deur die Staat en plaaslike besture 47 924 wonings vir die Bantoes in stedelike Bantoewoongebiede in Blankegebied opgerig. Tussen 1948 en 1963 is daar 'n verdere 248 297 wonings in stedelike Bantoewoongebiede en -dorpe gebou. In 1963 was die tekort aan Bantoewonings in Blankegebied vir alle praktiese redes uitgeskakel.

'n Tydperk van tuislandgerigte behuisingsvoorsiening het gevolg en wel tot so 'n mate dat die uitbreiding van verdere gesinsbehuising in stedelike Bantoewoongebiede en -dorpe in 1967 bevries is.

As gevolg van 'n gebrek aan fondse vir tuislandontwikkeling, 'n ondoeltreffende passasiers-vervoerdienst tussen tuislanddorpe en stedelike Blanke werks-terreine en 'n relatiewe verset teen tuislandvestiging by 'n groot persentasie van die Bantoebevolking, het tuislandbehuising nie bevredigend uitgekristalliseer nie.

In 1975 word daar weer 'n ernstige behuisings-tekort vir die Bantoe in Blankegebied ondervind waarvan ernstige aandag geskenk sal moet word.

Voor 1971 was die administrasie van Bantoesake buite Bantoe-tuislande opgedra aan meer as 400 plaaslike besture, gesondheidsowerhede en ander instansies. Gedurende 1971 tree die Wet op die administrasie van

Bantoesake egter in werking en word die Republiek van Suid-Afrika in 22 streke ingedeel, elk met 'n eie Bantoesake-administrasieraad, vir die behartiging van Bantoesake binne elke streek.

Die Staat of Sentrale Regering bly egter die beleidbepaler ten opsigte van Bantoesake en die betrokke rade is slegs ingestel om staatsbeleid uit te voer.

Die Bantoesake-administrasierade se funksies kan as drieërlei van aard beskou word, naamlik:

- (a) die voorsiening van dienste aan Bantoe-woongebiede en -dorpe in Blankegebied;
- (b) die beheer van Bantoe-arbeid in Blankegebied; en
- (c) behuisingsvoorsiening aan die Bantoe in Blankegebied (asook in die tuislande as agent van die Sentrale Regering).

Die Bantoesake-administrasierade moet finansieel selfversorgend wees en kry geen subsidie van Tesourie nie. Die tipiese inkomstebronne van 'n raad is onder andere:

- (i) Bantoebier en Blankedrank-winst;e;
- (ii) bydraes van werkgewers ingevolge die Wet op Bydraes van 1972;
- (iii) lisensiëringsgelde vir persele in Blankegebied;
- (iv) huurgelde uit Bantoe-woongebiede en -dorpe;
- (v) heffingsgelde;
- (vi) hofboetes;

- (vii) inkomste uit dienstelevering aan Bantoe-woongebiede en -dorpe; en
- (viii) inkomste uit gemeenskapsdienste aan Bantoes in Blankegebiede.

Elke raad bestaan uit 'n aantal raadslede wat op 'n voorgestrewte wyse verkies en aangestel is. 'n Uitvoerende komitee word saangestel uit 'n aantal raadslede. 'n Amptenary onder leiding van 'n hoofuitvoerende beampste of Hoofdirekteur sorg dat die werksaamhede van 'n betrokke raad uitgevoer word.

Dit is dus die taak van die 22 Bantoesake-administrasierade om die swak behuisingstoestand van Bantoes in Blankegebied reg te stel en te verbeter. Hierdie toestand het hulle oorgeërf van die plaaslike besture wat tot en met 1971 in beheer van die stedelike Bantoewoongebiede was.

Die huidige beleid van die Regering is dat gesinshuisvesting in Blankegebied nie uitgebrei mag word nie. Tuislandontwikkeling geskied egter teen 'n te stadige tempo om die oorbevolkingsprobleem in die Blankegebied te kan oplos.

Die Bantoesake-administrasierade het 'n groot en verantwoordelike taak.

7.2 Gevolgtrekkings

7.2.1 As gevolg van die proses van akkulturasie word in die praktyk gevind dat die Bantoe in Blankegebied tot so 'n mate verwester is dat behuising in

